# EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE REPUBLIEK VAN BOPHUTHATSWANA MET BESONDERE VERWYSING NA NYWERHEIDSONTWIKKELING

deur

HENRY JAMES ANDERSON MüLLER

Voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII

in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe,
Potchefstroomse Universiteit vir Chris=
telike Hoër Onderwys, Potchefstroom

LEIER : PROF. L.A. VAN WYK

DESEMBER 1981

## DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my hartlike dank betuig aan prof. dr. L.A. van Wyk vir sy professionele leiding en aanmoediging nieteenstaande ŉ druk werksprogram. My dank ook aan mnr. S.J. van der Merwe wat tydens die afwesigheid van prof. Van Wyk as leier waarge= neem het.

Tydens die verloop van die studie was dit noodsaaklik om met baie organisasies en individue in en buite Bophuthatswana te skakel. ŉ Algemene woord van dank word aan hulle almal uitgespreek.

My dank is verskuldig aan die Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling vir gedeeltelike finansiële steun. Die tikwerk is op gebruiklik bekwame en ywerige wyse deur mev. L. van Zyl verrig en ek bedank haar opreg daarvoor. Hartlike dank ook aan mevv. D. Fritz en M. Smit vir proefleeswerk en mnr. S. Kganakga vir afrolwerk.

ŉ Woord van dank aan mev. L. Pretorius wat nieteenstaande haar verpligtinge teenoor die Universiteit van Suid-Afrika, ander studente en haar huisgesin, die tyd gevind het om hier= die studie met bekwame spoed taalkundig te versorg.

Hartlike dank aan mnr. M.J. Scheepers vir die bindwerk.

ŉ Spesiale woord van dank aan familie en vriende vir hulle belangstelling. In die besonder bedank ek graag my vrou en twee kinders vir hulle verdraagsaamheid en onderskraging.

*Soli Deo gloria.*

PRETORIA<br>Desember 1981

H.J.A. Müller

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

DANKBETUIGINGS .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. ii

LYS VAN TABELLE .. .. .. .. .. .. .. .. .. xiii

1. INLEIDING .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 1

1.1 DOEL VAN DIE STUDIE .. .. .. .. .. 1

1.2 OMVANG EN STUDIEMETODE .. .. .. .. .. 6

1.2.1 Omvang .. .. .. .. .. .. .. .. 6

1.2.2 Studiemetode .. .. .. .. .. .. 7

1.3 INDELING .. .. .. .. .. .. .. .. .. 8

2. EKONOMIESE ONTWIKKELING .. .. .. .. .. .. 9

2.1 INLEIDING .. .. .. .. .. .. .. .. .. 9

2.2 OMSKRYWING EN KENMERKE VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING .. .. .. .. .. .. .. .. 10

2.2.1 Omskrywing van ekonomiese ontwikke=ling .. .. .. .. .. .. .. .. 10

2.2.2 Hoofkenmerke van ekonomiese ontwikke=ling .. .. .. .. .. .. .. .. 13

2.2.2.1 Inleiding .. .. .. .. .. 13

2.2.2.2 Basiese behoeftes .. .. .. 14

2.2.2.2.1 Algemene omskrywing 14

2.2.2.2.2 Basiese behoeftes as maatstaf van ekonomiese ontwik=keling .. .. .. 17

2.2.2.3 Ekonomiese groei .. .. .. 18

2.2.2.3.1 Algemene omskrywing 18

2.2.2.3.2 Ekonomiese groei as maatstaf van ekono=miese ontwikkeling 19

Bladsy


2.2.2.4 Inkomsteverdeling .. .. .. 24

2.2.2.4.1 Algemene omskrywing 24
2.2.2.4.2 Inkomsteverdeling as maatstaf van eko= nomiese ontwikke= ling .. .. .. 25

2.2.2.5 Indiensneming .. .. .. .. 27

2.2.2.5.1 Algemene omskrywing 27
2.2.2.5.2 Indiensneming as maatstaf van ekono= miese ontwikkeling 29

2.2.2.6 Internasionale betrekkinge .. 30

2.2.2.6.1 Algemene omskrywing 30
2.2.2.6.2 Internasionale be= trekkinge as maat= staf van ekonomiese ontwikkeling .. 31

2.2.3 Samevatting .. .. .. .. .. .. .. 34

2.3 'N ALGEMENE STRATEGIE VIR EKONOMIESE ONT= WIKKELING .. .. .. .. .. .. .. .. .. 35

2.3.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 35

2.3.2 Omskrywing van die begrip strategie .. 35

2.3.3 Riglyne vir 'n ekonomiese ontwikkeling= strategie .. .. .. .. .. .. .. 39

2.3.3.1 Inleiding .. .. .. .. .. 39

2.3.3.2 Die bydrae van die owerheid 39

2.3.3.3 Die belangrikheid van basiese behoeftes .. .. .. .. .. 40

2.3.3.4 Die interafhanklikheid van doelstellings .. .. .. .. 41

2.3.3.5 Individuele verskille .. .. 43

2.3.3.6 Die noodsaaklikheid van koör= dinasie .. .. .. .. .. 44

2.3.4 Aksieprogramme vir ekonomiese ontwik= keling .. .. .. .. .. .. .. .. 44

Bladsy

2.3.4.1 Inleiding .. .. .. .. .. 44
2.3.4.2 'n Aksieprogram om basiese be= hoeftes te bevredig .. .. 49
2.3.4.3 'n Aksieprogram om volgehoue ekonomiese groei te bevorder 52
2.3.4.4 'n Aksieprogram om inkomste regverdig te verdeel .. .. 54
2.3.4.5 'n Aksieprogram vir indiensne= ming .. .. .. .. .. .. 56
2.3.4.6 'n Aksieprogram vir die bevor= dering van gesonde internasio= nale betrekkinge .. .. .. 58

2.3.5 Samevatting .. .. .. .. .. .. .. 61

2.4 SAMEVATTENDE OPMERKINGS OOR EKONOMIESE ONTWIKKELING .. .. .. .. .. .. .. .. 62

3. EKONOMIESE ONTWIKKELING IN BOPHUTHATSWANA .. 65

3.1 INLEIDING .. .. .. .. .. .. .. .. .. 65

3.2 GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING .. .. .. .. 66

3.3 FISIESE EIENSKAPPE .. .. .. .. .. .. 68

3.3.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 68

3.3.2 Grootte en ligging .. .. .. .. .. 69

3.3.3 Klimaat .. .. .. .. .. .. .. .. 69

3.3.4 Topografie .. .. .. .. .. .. .. 70

3.3.5 Natuurlike plantegroei .. .. .. .. 70

3.3.6 Grond .. .. .. .. .. .. .. .. 70

3.3.7 Water .. .. .. .. .. .. .. .. 71

Bladsy

3.4 DIE SOSIO-KULTURELE STRUKTUUR .. .. .. 71

3.4.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. 71

3.4.2 Die individu .. .. .. .. .. .. 72

3.4.3 Die familie .. .. .. .. .. .. 72

3.4.4 Die stam .. .. .. .. .. .. .. 72

3.4.5 Vestigingspatroon .. .. .. .. 73

3.5 DIE BEVREDIGING VAN BASIESE BEHOEFTES 73

3.5.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 73

3.5.2 Voedsel .. .. .. .. .. .. .. 73

3.5.3 Behuising .. .. .. .. .. .. .. 76

3.5.4 Gesondheid .. .. .. .. .. .. 78

3.5.5 Vervoer .. .. .. .. .. .. .. 80

3.5.6 Onderwys .. .. .. .. .. .. .. 85

3.6 EKONOMIESE GROEI .. .. .. .. .. .. 87

3.7 DIE EKONOMIESE STRUKTUUR .. .. .. .. 89

3.7.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 89

3.7.2 Produksietaksamestelling van die bru= to binnelandse produk .. .. .. 91

3.7.3 Markproduksie en nie-markproduksie 91

3.7.4 Internasionale betrekkinge .. .. 94

3.8 DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE VAN BOPHUTHATSWANA .. .. .. .. .. .. .. 96

3.8.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 96

3.8.2 Algemeen .. .. .. .. .. .. .. 97

Bladsy

3.8.3 Aksieprogramme vir ekonomiese ontwikkeling in Bophuthatswana .. .. .. 98

3.9 SAMEVATTING .. .. .. .. .. .. .. 101

4. NYWERHEIDSONTWIKKELING .. .. .. .. .. .. 102

4.1 INLEIDING .. .. .. .. .. .. .. .. 102

4.2 DIE BYDRAE VAN NYWERHEIDSONTWIKKELING TOT EKONOMIESE ONTWIKKELING .. .. .. 104

4.2.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 104

4.2.2 Die bydrae van die nywerheid tot die bevrediging van basiese behoeftes .. 104

4.2.3 Die bydrae van die nywerheid tot ekonomiese groei .. .. .. .. .. 106

4.2.4 Die bydrae van die nywerheid tot die verdeling van inkomste .. .. .. 108

4.2.5 Indiensneming en die nywerheid .. 112

4.2.6 Die bydrae van die nywerheid tot internasionale betrekkinge .. .. .. 114

4.2.7 Samevatting .. .. .. .. .. .. 117

4.3 DIE POTENSIAAL VIR NYWERHEIDSONTWIKKELING IN BOPHUTHATSWANA .. .. .. .. .. .. 117

4.3.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 117

4.3.2 Natuurbronne .. .. .. .. .. .. 118

4.3.2.1 Omskrywing .. .. .. .. 118

4.3.2.2 Landbougrond .. .. .. .. 118

4.3.2.3 Minerale .. .. .. .. .. 122

Bladsy

4.3.3 Intermediêre produkte (voorwaartse skakeling) .. .. .. .. .. .. 123

4.3.3.1 Omskrywing .. .. .. 123

4.3.3.2 Die bedryfstaksamestelling in Bophuthatswana .. .. 123

4.3.3.3 Voorwaartse skakeling .. 125

4.3.4 Arbeid .. .. .. .. .. .. .. 127

4.3.5 Kapitaal .. .. .. .. .. .. 128

4.3.6 Samevatting .. .. .. .. .. .. 129

4.4 DIE BEHOEFTE AAN NYWERHEIDSONTWIKKELING IN BOPHUTHATSWANA .. .. .. .. .. 130

4.4.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. 130

4.4.2 Die implikasies van die bevrediging van basiese behoeftes .. .. .. 130

4.4.2.1 Inleiding .. .. .. .. 130

4.4.2.2 Voedsel en drank .. .. 130

4.4.2.3 Behuising .. .. .. .. 132

4.4.2.4 Gesondheid .. .. .. .. 132

4.4.2.5 Onderwys .. .. .. .. 133

4.4.2.6 Vervoer en kommunikasie 133

4.4.2.7 Klerasie .. . .. .. 133

4.4.3 Verbruikstruktuur .. .. .. .. 134

4.4.3.1 Inleiding .. .. .. .. 134

4.4.3.2 Binnelandse verbruik .. 134

4.4.3.2.1 Private ver= bruik .. .. 134

4.4.4.3.2 Owerheidsver= bruik .. .. 136

Bladsy


4.4.3.3 Buitelandse verbruik .. .. 138

4.4.4 Intermediêre produkte (rugwaartse ska= keling) .. .. .. .. .. .. .. 138

4.4.4.1 Inleiding .. .. .. .. .. 138

4.4.4.2 Rugwaartse skakeling van be= dryfstakke .. .. .. .. 138

4.4.4.3 Invoer van intermediêre pro= dukte .. .. .. .. .. 142

4.4.5 Samevatting .. .. .. .. .. .. 143

4.5 SAMEVATTENDE OPMERKINGS OOR DIE POTENSI= AAL VIR EN BEHOEFTE AAN NYWERHEIDSONT= WIKKELING .. .. .. .. .. .. .. .. .. 143

4.6 DIE BEVORDERING VAN NYWERHEIDSONTWIKKE= LING .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 143

4.6.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 143

4.6.2 Die ekonomie in die algemeen .. .. 144

4.6.3 Nywerheidsuitbreiding .. .. .. .. 148

4.6.4 Strukturele aanpassing .. .. .. .. 151

4.6.5 Tegnologiese innovasie .. .. .. .. 152

4.6.6 Doeltreffendheid van bestuur .. .. 153

4.7 SAMEVATTING .. .. .. .. .. .. .. .. 154

5. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEININDUSTRIE .. 155

5.1 INLEIDING .. .. .. .. .. .. .. .. .. 155

5.2 OMSKRYWING VAN KLEININDUSTRIE .. .. .. 155

5.2.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 155

Bladsy

5.2.2 Maatstawe vir die identifisering van die kleinindustrie .. .. .. .. .. 156

5.2.3 Spesifieke maatstawe vir die identifi= sering van die kleinindustrie .. .. 157

5.2.4 'n Definisie van die kleinindustrie in Bophuthatswana .. .. .. .. .. .. 160

5.3 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE KLEININDUSTRIE 164

5.3.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 164

5.3.2 Bedryfsgrootte .. .. .. .. .. .. 164

5.3.2.1 Omskrywing .. .. .. .. 164

5.3.2.2 Redes vir klein bedryfsgroot= tes .. .. .. .. .. .. 165

5.3.2.2.1 Die ligging van die bedryf .. .. .. 166

5.3.2.2.2 Die produksieproses 167

5.3.2.2.3 Die mark .. .. 167

5.3.3 Die probleme van die kleinindustrie .. 168

5.3.3.1 Inleiding .. .. .. .. .. 168

5.3.3.2 Toegang tot krediet .. .. 168

5.3.3.3 Toegang tot gespesialiseerde kennis .. .. .. .. .. .. 168

5.3.3.4 Owerheidsbeleid .. .. .. 168

5.3.4 Die bydrae van die kleinindustrie tot ekonomiese ontwikkeling .. .. .. .. 169

5.3.4.1 Inleiding .. .. .. .. .. 169

5.3.4.2 Die kleinindustrie en basiese behoeftes .. .. .. .. .. 170

5.3.4.3 Die kleinindustrie en ekono= miese groei .. .. .. .. 171

5.3.4.4 Die kleinindustrie en inkom= steverdeling .. .. .. .. 172

Bladsy

5.3.4.5 Die kleinindustrie en indiensneming .. .. .. .. .. .. 173

5.3.4.6 Die kleinindustrie en internasionale betrekkinge .. .. .. 174

5.3.5 Samevatting .. .. .. .. .. .. .. 174

5.4 DIE STAPPE TER BEVORDERING VAN DIE KLEININDUSTRIE .. .. .. .. .. .. .. .. .. 175

5.4.1 Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 175

5.4.2 Die sakeklimaat .. .. .. .. .. .. 176

5.4.3 Geografiese streke, vestigingsplekke, bedryfstakke en produkte .. .. .. .. 176

5.4.4 Toepaslike tegnologie .. .. .. .. 177

5.4.5 Die aantal ondernemers .. .. .. .. 178

5.4.5.1 Inleiding .. .. .. .. .. 178

5.4.5.2 Nuwe entrepreneurs .. .. .. 178

5.4.5.3 Bestaande entrepreneurs .. .. 179

5.4.5.4 Keuring van entrepreneurs .. 180

5.4.6 Verbetering en uitbreiding van ondernemings .. .. .. .. .. .. .. .. 182

5.4.6.1 Inleiding .. .. .. .. .. 182

5.4.6.2 Bemarkingshulp .. .. .. .. 182

5.4.6.3 Opleiding .. .. .. .. .. 183

5.4.6.4 Bestuurshulp .. .. .. .. 183

5.4.6.5 Gemeenskaplike dienste .. .. 184

5.4.7 Mobilisasie, koördinasie en hersiening 184

5.5 SAMEVATTING .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 185

Bladsy

6. ALGEMENE SAMEVATTING : EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE REPUBLIEK VAN BOPHUTHATSWANA, MET BESONDERE VERWYSING NA NYWERHEIDSONTWIKKELING .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 187

6.1 OPSOMMING VAN BEVINDINGE .. .. .. .. .. .. 187

6.2 AANBEVELINGS .. .. .. .. .. .. .. .. 199

6.2.1 Aanbevelings met betrekking tot ekonomiese ontwikkeling .. .. .. .. .. .. 199

6.2.2 Aanbevelings met betrekking tot nywerheidsontwikkeling .. .. .. .. .. .. 199

6.2.3 Aanbevelings met betrekking tot die ontwikkeling van die kleinindustrie .. 200

6.2.4 Diverse aanbevelings .. .. .. .. 201

BIBLIOGRAFIE .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 204

# LYS VAN TABELLE


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 2.1 | Aksieprogramme vir ekonomiese ontwikke= ling : doelstellings en metodes .. .. | 45 |
| 3.1 | Basiese behoefte-inkomste in Bophuthatswa= na, 1977 .. .. .. .. .. .. .. .. | 75 |
| 3.2 | Die tekort aan woonhuise in Bophuthatswana, 1978 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 77 |
| 3.3 | Geneeshere, verpleegsters en hospitaal= beddens in Bophuthatswana, 1978/79 .. | 79 |
| 3.4 | Klinieke en ander instellings in Bophu= thatswana, 1978/79 .. .. .. .. .. | 81 |
| 3.5 | Digtheid van padnetwerk in Bophuthatswana | 83 |
| 3.6 | Geletterdheid van die Batswana, 1970 .. | 86 |
| 3.7 | Hoogste kwalifikasie verwerf deur Batswa= na, 1970 .. .. .. .. .. .. .. .. | 86 |
| 3.8 | Inskrywing van studente in Bophuthatswana, 1978 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 88 |
| 3.9 | Toename in produksie in Bophuthatswana, 1960 tot 1976 .. .. .. .. .. .. | 90 |
| 3.10 | Produksietaksamestelling van die bruto binnelandse produk van Bophuthatswana, 1960 en 1976 .. .. .. .. .. .. .. | 92 |
| 3.11 | Die bruto binnelandse produk van Bophu= thatswana aan die hand van produksie= tak en mark- en nie-markproduksie, 1970 en 1976 .. .. .. .. .. .. .. .. | 93 |
| 3.12 | Invoer en uitvoer van Bophuthatswana, 1976 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 95 |

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.1 | Persentasie van die bruto nasionale pro= duk wat deur die fabriekswese bygedra word as funksie van die bruto nasionale produk per kop .. .. .. .. .. .. .. | 107 |
| 4.2 | Verdeling van toegevoegde waarde, 1976 .. | 110 |
| 4.3 | Ekonomies bedrywige bevolking volgens pro= duksietak .. .. .. .. .. .. .. .. | 113 |
| 4.4 | Struktuur van produkuitvoer, 1960 en 1977 | 115 |
| 4.5 | Grondsoorte in Bophuthatswana .. .. .. | 119 |
| 4.6 | Waarde van landbouproduksie, 1978 .. .. | 121 |
| 4.7 | Bedryfstaksamestelling in Bophuthatswana, 1979 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 124 |
| 4.8 | Voorwaartse skakeling van bedryfstakke .. | 126 |
| 4.9 | Bedryfstakke betrokke by basiese behoefte= bevrediging .. .. .. .. .. .. .. | 131 |
| 4.10 | Verbruikspatroon van huishoudings binne Bophuthatswana, 1977 .. .. .. .. .. | 135 |
| 4.11 | Verbruikspatroon van die owerheid, 1976 .. | 137 |
| 4.12 | Bedryfstaksamestelling van uitvoer, 1979 | 139 |
| 4.13 | Rugwaartse skakeling van bedryfstakke .. | 140 |
| 4.14 | Intermediêre invoer deur bedryfstakke, 1979 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 141 |
| 4.15 | Aksieprogramme vir nywerheidsontwikkeling: doelstellings en metodes .. .. .. .. | 145 |
| 5.1 | Die produksiestruktuur van die nywerheid in Bophuthatswana volgens indiensnemings= groepe, 1980 .. .. .. .. .. .. .. | 161 |
| 5.2 | Die produksiestruktuur van die nywerheid in Bophuthatswana volgens kapitaalbeleggings= groepe, 1980 .. .. .. .. .. .. .. | 162 |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 DOEL VAN DIE STUDIE

Soos die titel aandui, konsentreer hierdie ondersoek op drie onderwerpe: ekonomiese ontwikkeling, die Republiek van Bophuthatswana en nywerheidsontwikkeling. Die onderwerpe word in bepaalde verband met mekaar beskou. Die Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling is naamlik deur die Bo= phuthatswana-regering opgedra om in samehang met die algemene ontwikkelingsvraagstuk van die land dringend ondersoek in te stel na die daarstelling van 'n nasionale program om die klein= industrie te bevorder en te ondersteun. Hieruit kan drie alge= mene hipoteses gestel word:

(i) Ekonomiese ontwikkeling lewer 'n positiewe by= drae tot die algemene ontwikkeling van 'n land, wat ook ontwikkeling op maatskaplike, politie= ke en kulturele terrein insluit (Kindleberger & Herrick, 1977, pp.23-24).

(ii) Nywerheidsontwikkeling lewer 'n besondere by= drae tot ekonomiese ontwikkeling, alhoewel ander bronne, byvoorbeeld die landbou, ook betekenisvolle bydraes tot ekonomiese ont= wikkeling kan lewer.

(iii) Die ontwikkeling van die kleinindustrie is belangrik vir die ontwikkeling van die ny= werheid in Bophuthatswana.

In hierdie ondersoek sal die geldigheid van die laasge= noemde twee hipoteses hierbo beproef word, maar die kernvraag= stuk is ekonomiese ontwikkeling. Om ekonomiese ontwikkeling te bevorder, kan owerhede besondere strewes of doelstellings met betrekking tot veranderlikes soos private verbruik, open= bare besteding, ekonomiese groei, inkomsteverdeling, indiens= neming, buitelandse handelsbalans, die algemene pryspeil en nasionale hulpbronne hê (Johansen, 1971, pp.17-22). Afhangen= de van watter veranderlikes voorrang geniet, sal alternatiewe metodes gebruik kan word om die doelstellings van ekonomiese ontwikkeling minstens gedeeltelik te verwesenlik. Voorrang word deur 'n groot verskeidenheid omstandighede beïnvloed (Tinbergen, 1967, p.11), waaronder vroeëre, huidige en toe= komstige omstandighede in 'n land, die persepsie daarvan deur sekere magsgroepe, die interaksie tussen doelstellings (wat selfs kan bots) en die vermoë van die land om ekonomies te ontwikkel. Gesien die talle invloede en die feit dat menslike persepsie nooit heeltemal objektief kan wees nie (Todaro, 1977, p.134) en op sigself blootgestel is aan velerlei ander invloede, waaronder die persepsie van die internasionale gemeenskap (Kin= dleberger & Herrick, 1977, p.21), is dit geen wonder nie dat daar uiteenlopende standpunte aangetref word oor wat ekonomiese ontwikkeling behels. In 'n artikel deur Flammang (1979) word daar nege hoofbenaderings tot die betekenis van ekonomiese ont= wikkeling en groei onderskei. Omdat ekonomiese ontwikkeling die kern van hierdie ondersoek uitmaak en nywerheidsontwikke= ling daarop afgestem moet word, is dit absoluut noodsaaklik om hier ondubbelsinnig standpunt oor die betekenis van ekonomiese ontwikkeling in te neem, al is dit bloot tentatief.

Alhoewel standpunt ingeneem sal word oor wat met ekonomiese ontwikkeling vir die doeleindes van hierdie ondersoek bedoel word, word daar nie beweer dat die ekonomiese ontwikkelingsvraagstuk in alle lande dieselfde sal wees nie. Trouens, die ondersoek beoog juis om ook die ekonomiese ontwikkelingsvraagstuk in Bophuthatswana te ontleed.

Met die ekonomiese ontwikkelingsvraagstuk bekend, val die soeklig op die strategie wat ontwerp kan word om die vraagstuk op te los. Ekonomiese ontwikkeling is by uitstek 'n beleidsvraagstuk (Kindleberger & Herrick, 1977, p.21). Die beleidmaker (soos die Bophuthatswana-regering) verkeer in die bekende dilemma dat hy gelyktydig meer as een doelstelling moet nastreef. Hierdie doelstellings is nie net ekonomies van aard nie, maar ook maatskaplik, kultureel, fisies en polities. Bowendien is daar 'n komplekse interverwantskap tussen die doelstellings, wat beteken dat 'n positiewe verloop van een doelstelling die negatiewe verloop van 'n ander doelstelling kan meebring (Organisation for Economic Co-operation and Development, 1975, p.14). Die dilemma word nog groter as in ag geneem word dat 'n natuurlike en vrye gang van sake nie noodwendig die doelstellings sal bevredig nie en omdat die hulpbronne skaars en die metodes om die doelstellings na te streef, onvolmaak is. Dit impliseer dat dit van die uiterste belang is om die metodes noukeurig aan die hand van hulle relatiewe direkte en indirekte voor- en nadele te oorweeg alvorens daar tot 'n slotsom gekom kan word. Daar is nietemin minstens twee probleme wat so 'n slotsom kan verhinder. Die eerste is onsekerheid oor wat met strategie, doelstellings en metodes bedoel word en die tweede is 'n gebrek aan inligting oor die voor- en nadele van die onderskeie metodes in Bophuthatswana. Daar sal gepoog word om die eerste probleem vir die doeleindes van hierdie ondersoek te oorkom. Die tweede probleem sal nie tydens hierdie ondersoek opgelos kan word nie: daar word slegs beoog om

die metodes in 'n ekonomiese ontwikkelingstrategie te verken.

Die sentrale tema van die ekonomiese ontwikkelingstrate= gie wat bespreek sal word, is nywerheidsontwikkeling, en meer spesifiek die ontwikkeling van die kleinindustrie.[1] Dit be= teken nie dat nywerheids- en kleinindustrie-ontwikkeling as die algemene panasee van ekonomiese ontwikkeling beskou word nie (Mountjoy, 1975, p.14), maar wel dat dit 'n bepaalde bydrae tot die oplossing van die ekonomiese ontwikkelingsvraagstuk kan lewer. Hierdie ondersoek beoog derhalwe nie om dié oplos= sing vir die ekonomiese ontwikkelingsvraagstuk in Bophuthatswa= na te vind nie, maar wel om die besondere bydrae van die ont= wikkeling van die nywerheid en die kleinindustrie te beskryf.

Afgesien van die praktiese oorweging vir die keuse van nywerheidsontwikkeling as sentrale tema van die ondersoek wat voortspruit uit die opdrag, geld die volgende redes ook :

(i) *Relatiewe belangrikheid*: Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat nywerheidsontwikke= ling wel die belangrikste metode tot die ekonomiese ontwikkeling van Bophuthatswana kan wees. Trouens, die ontwikkelinge in Europa tydens die jare 1770 en 1850, tydens die sogenaamde nywerheidsomwenteling (Clough en Cole, 1952, pp.393-527), is steeds 'n goeie voorbeeld van die belangrikheid van die ny= werheid vir ekonomiese ontwikkeling.

---

1) Met nywerheidsontwikkeling word die vordering van die sekondêre sektor, dit wil sê vervaardiging, konstruksie en energievoorsiening bedoel. Die kleinindustrie beteken daar= die gedeelte van die sekondêre sektor wat relatief klein hoeveelhede arbeid, natuurbronne, kapitaal en ondernemings= vermoë gebruik. Hierdie begrippe sal later breedvoeriger bespreek word.

(ii) *Onderbeklemtoning*: Die nywerheidsomwenteling was nog altyd so 'n goeie voorbeeld om te gebruik dat die voorstanders van nywerheidsontwikkeling in die verlede oordrewe aansprake gemaak het wat nie in die praktyk kon realiseer nie. Die gevolg was teleurstelling (Meier, 1976, pp.629-683), wat moontlik tot 'n oorreaksie teen nywerheidsontwik= keling by regeringsadviseurs, waaronder ook eko= nome, aanleiding gegee het. Byvoorbeeld, die boek van Bauer en Yamey, *The economics of underde= veloped countries*, sluit 'industrialisation' pro= minent in die inhoudsopgawe in (p.xiii). In die twee onlangser en bekende studieboeke van Kindleberger & Herrick (1977) en Todaro (1977) verskyn dit nie eens in die indeks nie. Die gevaar bestaan dat hierdie onderbeklemtoning van die bydrae van nywerheidsontwikkeling 'n nog gro= ter mistasting as die oordrewe aansprake van die vroeëre voorstanders kan wees.

(iii) *Kleinindustrie* : Byna paradoksaal met wat in (i) hierbo beweer is, wek die bydrae van die klein= industrie in die ontwikkeling van 'n landsekonomie internasionaal steeds meer belangstelling. Tekenend hiervan is die velerlei instellings wat tot stand gekom het om sodanige industrieë aan te moedig en te ondersteun. Die Small Business Administration in die Verenigde State van Amerika, 'n organisasie wat in 1953 gestig is om die finan= siële probleme van klein ondernemings op te los, die Federal Development Bank in Kanada, die In= dustrial and Commercial Finance Corporation met sy nege filiale in Brittanje, en die ses openbare of half-openbare finansiële instellings in Japan

wat met die kleinindustrie te doen het, is voorbeelde hiervan (Organisation for Economic Co-operation and Development, 1978). Suid-Afrika het hierdie voorbeelde in 1980 gevolg deur 'n Kleinsake-ontwikkelingskorporasie te stig. Voor dit was daar reeds heelwat instellings wat die kleinindustrie ondersteun het, waaronder die Adviesburo vir Klein Sakeondernemings aan die Potchefstroomse Universiteit, die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese aan die Univer=siteit van Stellenbosch en die Adviesburo vir Swart Sakemanne aan die Universiteit van die Noorde. Die voordele van die kleinindustrie[1)] wentel om hul aanpasbaarheid en beskeie gebruik van skaars hulpbronne (Bauer en Yamey, 1957, pp.252-253). Hierdie omstandighede maak dit uiters van pas om aandag aan die kleinindustrie te skenk, veral in 'n jong land.

## 1.2 OMVANG EN STUDIEMETODE

### 1.2.1 Omvang

Die omvang van die ondersoek word tot die volgende beperk:

---

1) Dit word in hoofstuk 5 breedvoerig bespreek. Kyk p.155.

(i) Slegs die ekonomiese aspekte van die ontwikkelingsvraagstuk word bespreek. Dit beteken nie dat die maatskaplike, kulturele, politieke en fisiese aspekte van die ontwikkeling van 'n land geïgnoreer word nie, maar slegs dat dit uit 'n ekonomiese perspektief beskou word wanneer dit ter sprake kom.

(ii) Daar word nie spesifiek aandag aan die probleme van die enkele onderneming geskenk nie. Hiermee word bedoel dat die vraagstukke wat *per se* tot die ervaringsveld van die bestuurs- en bedryfsekonoom behoort nie as sodanig ondersoek word nie. Dit word wel in ag geneem vir sover dit nodig is om die algemene ekonomiese argument te steun.

(iii) Slegs die bydrae van nywerheidsontwikkeling tot ekonomiese ontwikkeling word bespreek. Die ontwikkeling van die landbou, mynwese en dienste word nie as sodanig ondersoek nie.

(iv) Geen evaluasie word onderneem van alternatiewe metodes om ekonomiese ontwikkeling, nywerheidsontwikkeling en kleinindustrie-ontwikkeling te bevorder nie.

### 1.2.2 Studiemetode

'n Teoretiese en empiriese metode is in die ondersoek gebruik. Die empiriese gegewens het veral op die kleinindustrie in Bophuthatswana betrekking en moes met veldwerk ingewin word.[1]

---

1) Kyk Müller, 1981a en 1981b.

## 1.3 INDELING

In aansluiting by die oogmerke van die ondersoek word 'n algemene bespreking van ekonomiese ontwikkeling in hoofstuk 2 gegee. Daar word veral op die kenmerke van ekonomiese ontwik=keling gelet, sowel as op 'n strategie om ekonomiese ontwikke=ling te bevorder. Die beginsels wat in hoofstuk 2 ter sprake kom, word in hoofstuk 3 op die omstandighede in Bophuthatswana toegepas ten einde die ekonomiese ontwikkelingstand van die land en sy algemene ekonomiese ontwikkelingstrategie te beskryf.

In hoofstuk 4 word nywerheidsontwikkeling bespreek. Die bydrae van nywerheidsontwikkeling tot ekonomiese ontwikkeling word volgens sy bydrae tot die bereiking van die doelstellings van ekonomiese ontwikkeling ontleed. Daarna word die potensi=aal van en behoefte aan die nywerheid se bydrae in Bophutha=tswana ontleed.

Die kleinindustrie word in hoofstuk 5 bespreek. Die kleinindustrie word omskryf waarna sy belangrikheid bespreek word. Daarna word 'n aksieprogram vir die bevordering van die kleinindustrie aan die hand gedoen.

Hoofstuk 6 poog om al die beginsels wat in die ontleding na vore gekom het, saam te vat en om aanbevelings vir verdere optrede aan die hand te doen.

# HOOFSTUK 2

# EKONOMIESE ONTWIKKELING

## 2.1 INLEIDING

Daar is vandag haas geen land wat die belangrikheid en wenslikheid van ekonomiese ontwikkeling misken nie. Daar is verskeie redes hiervoor waarvan die volgende genoem kan word[1]:

(i) Die knellende probleme wat bestaan en ontstaan as 'n land ekonomies onderontwikkeld en ekono= mies stagnant is.

(ii) Die aantreklikheid van die geleenthede wat tot voordeel van die bevolking van 'n land benut kan word wanneer daardie land ekonomies ontwikkel.

(iii) Ekonomiese ontwikkeling kan selde op eie stoom plaasvind: die owerheid kan deur middel van sy strategie vir ekonomiese ontwikkeling 'n be= langrike bydrae lewer.

Alvorens metodes ontwerp kan word wat sal help om die ge= leenthede van ekonomiese ontwikkeling te benut en die probleme van ekonomiese stagnasie te oorkom is dit noodsaaklik om goed te begryp wat ekonomiese ontwikkeling behels. Ongelukkig is daar nie algehele eenstemmigheid hieroor tussen ekonome nie.

---

1) Kyk byvoorbeeld Thirlwall, 1978, pp.3-7.

In hierdie hoofstuk word nie gepoog om 'n oplossing vir die dilemma te vind nie, maar wel om 'n besondere benadering tot die betekenis van ekonomiese ontwikkeling toe te lig wat by die probleem van nywerheidsontwikkeling aansluiting vind. Hierdie benadering beklemtoon die kenmerke van ekonomiese ont= wikkeling. Daar word aan die hand gedoen dat 'n ontwikkelende ekonomiese stelsel deur die groter bevrediging van basiese be= hoeftes, vinniger ekonomiese groei, 'n eweredige verdeling van inkomste, meer werkgeleenthede en gesonde internasionale be= trekkinge gekenmerk word.

Om aan die doelstellings van hierdie hoofstuk te beant= woord, word ekonomiese ontwikkeling eerstens omskryf, waarna sy kenmerke toegelig en metodes om dit te bevorder in 'n alge= mene ekonomiese ontwikkelingstrategie opgesom word.

## 2.2 OMSKRYWING EN KENMERKE VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING

### 2.2.1 Omskrywing van ekonomiese ontwikkeling

Om op grond van die literatuur 'n algemeen aanvaarde defi= nisie van ekonomiese ontwikkeling te formuleer, is 'n byna on= begonne taak. Sommige skrywers verkies om ekonomiese ontwik= keling glad nie te definieer nie. Ander skrywers definieer dit wel, maar beklemtoon verskillende aspekte daarvan, soos die toename in reële produksie per kop in 'n land, die uitbrei= ding van 'n land se produktiewe potensiaal en strukturele ver= anderinge (Flammang, 1979). Vir doeleindes van hierdie studie is dit nodig om 'n bepaalde definisie van ontwikkeling as uit= gangspunt te neem. Ontwikkeling word in die eerste plek ge= definieer omdat dit 'n omvattender begrip is. Ekonomiese ont= wikkeling word later toegelig.

Met ontwikkeling[1] word die volgende bedoel: die veel=dimensionele proses waarvolgens strukture, houdinge en instel=lings oor die lang termyn sodanig verander dat basiese behoef=tes in 'n groter mate as voorheen bevredig word, ekonomiese groei versnel, ongelykhede verminder word, meer en produktiewer werkgeleenthede geskep word, en gesonder internasionale betrek=kinge gehandhaaf word (gedeeltelik op Todaro, 1977, p.96, ge=baseer). Woorde wat beklemtoon word, is "veeldimensionele", "proses", "verander", "strukture", "instellings", en "lang termyn". Ontwikkeling bestaan dus nie net uit die ekonomiese dimensie nie: die maatskaplike en politieke dimensies is ook van belang. Laasgenoemde twee dimensies sluit die volgende in: lewens-, werk- en gesagshoudinge, burokratiese en admini=stratiewe strukture, gesinstrukture, godsdiens, kulturele tradisies en stelsels van grondbesit (Todaro, 1977, p.23). Met ander woorde, hierdie studie is hoofsaaklik met die eko=nomiese dimensies gemoeid en derhalwe word daar vervolgens in die verdere omskrywing telkens na "ekonomiese ontwikkeling" verwys.

Deur ekonomiese ontwikkeling as 'n "proses" te beskou, word erken dat ekonomiese ontwikkeling nie bloot uit 'n lys on=afhanklike verskynsels bestaan nie: daar bestaan bepaalde kousale verwantskappe tussen sommige verskynsels (Meier & Baldwin, 1957, p.3). Alhoewel daar in hierdie ondersoek erken word dat ekonomiese ontwikkeling 'n proses is, word die beson=dere aard en oorsake van die kousale verwantskappe nie inten=sief ontleed nie. Daar word wel van kennis geneem.

---

1) Lande wat ontwikkeling ondergaan, word ontwikkelende lande genoem. In die ontwikkelingsliteratuur word daar nietemin gewoonlik met "ontwikkelende lande" die relatief minder ontwikkelde, arm (lae inkomste), onderontwikkelde lande bedoel. Hierdie geskrif sluit hierby aan. Die verskil=lende terme waaronder die ontwikkelende lande bekend staan, word alternatiewelik gebruik om by die bespreking van 'n be=paalde onderwerp aan te pas.

"Verandering" maak die wese van ekonomiese ontwikkeling uit. As daar geen ekonomiese verandering is nie, is daar eko= nomiese stagnasie en geen ekonomiese ontwikkeling nie. Daar word stilswyend aanvaar dat die verandering positief en opbou= end moet wees alvorens daar van ekonomiese ontwikkeling gepraat kan word.

Met 'n "struktuur" word 'n nie-fundamentele maar kwalita= tiewe aspek van 'n ekonomiese, maatskaplike of politieke stelsel bedoel (Tinbergen, 1967, p.4). Dit verskil van land tot land as gevolg van verskille in grootte (geografies gemeet, of ooreenkomstig die grootte van die bevolking of inkomste), geskiedkundige ontwikkeling, fisiese en menslike hulpbronbesit, relatiewe belangrikheid van die openbare en private sektore, samestelling van die nywerheidsproduksie, afhanklikheid van buitelandse invloede, verdeling van mag, en institusionele en politieke samestelling (Todaro, 1977, pp.20-21). Dit is ver= al die samestelling van nywerheidsproduksie wat in hierdie ondersoek beklemtoon word.

Benewens die komponente wat reeds bespreek is, bestaan ekonomiese ontwikkeling ook uit die verandering van "instel= lings". Todaro (1977, p.422) beskou instellings as norme, gedragsreëls en algemeen aanvaarde maniere om iets te doen. Daar is vier hoofgroepe instellings: godsdienstig, maatskap= lik, ekonomies en polities. Soos reeds vermeld, is dit veral aspekte van die ekonomiese instellings wat in hierdie onder= soek ter sprake kom. Met ekonomiese instellings word die volgende bedoel: die handelsbankstelsel, die meganisme om hulpbronne toe te wys, die algemene funksie van die owerheid en die organisatoriese en institusionele strukture van 'n eko= nomie wat die ekonomiese kringloop help voltooi (Todaro, 1977, pp.422 en 417).

Die lang termyn word beklemtoon aangesien positiewe ekono= miese veranderings slegs as wesenlik en blywend aanvaar kan word mits dit voortdurend voorkom.

Die oorblywende aspekte in die definisie van ontwikkeling, naamlik basiese behoeftes, ekonomiese groei, inkomsteverdeling, indiensneming en internasionale betrekkinge, hou met die hoof= kenmerke van ekonomiese ontwikkeling verband. Hierdie kenmerke word vervolgens meer in besonderhede bespreek.

### 2.2.2 Hoofkenmerke van ekonomiese ontwikkeling

#### 2.2.2.1 Inleiding

In die bespreking van ekonomiese ontwikkeling hierbo is dit duidelik hoe 'n belangrike rol die kenmerke van ekonomiese ontwikkeling in die omskrywing van hierdie begrip speel, maar daar moet op die volgende gelet word:

(i) *Aantal kenmerke*: In werklikheid is daar 'n groot aantal kenmerke van ekonomiese ontwikkeling. In hierdie studie word hulle vir besprekings= doeleindes onder vyf opskrifte ingedeel, naamlik basiese behoeftes, ekonomiese groei, inkomsteverdeling, indiensneming en inter= nasionale betrekkinge. Die opskrifte staan in hierdie studie as hoofkenmerke van ekono= miese ontwikkeling bekend, maar hulle word in die bespreking soms net kenmerke genoem.

(ii) *Relatiewe belangrikheid*: 'n Enkele kenmerk is nie te alle tye en in alle omstandighede ewe be= langrik nie. Dit beteken dat die relatiewe voorrang van die kenmerke vir elke land af=

sonderlik (ook vir Bophuthatswana) vasgestel moet word. Dit moet beklemtoon word want die relatiewe voorrang van die kenmerke rig die al=gehele ekonomiese ontwikkelingsaksie in ŉ land.

(iii) *Interafhanklikheid*: Alhoewel elkeen van die ken=merke hieronder afsonderlik bespreek word, is enigeen van hulle op sigself nie voldoende om ekonomiese ontwikkeling te beskryf nie. Die kenmerke moet gesamentlik oorweeg word. Hier=die aspek is veral belangrik vir die ontwikke=ling van ŉ strategie vir ekonomiese ontwikkeling.[1)]

Die kenmerke van ekonomiese ontwikkeling word vervolgens bespreek. Elke kenmerk word eers omskryf, waarna die aanver=wante probleemtoestand en maatstaf van ekonomiese ontwikkeling toegelig word.[2)]

2.2.2.2 <u>Basiese behoeftes</u>

2.2.2.2.1 <u>Algemene omskrywing</u>

Die begrip "basiese behoeftes" is moeilik om te omskryf aangesien die tipiese kenmerke daarvan op meer as een manier in ŉ logiese eenheid saamgevat kan word.[3)] Daar word hier ge=poog om die vernaamste logiese eenhede van basiese behoeftes te identifiseer. Om dit te doen, moet daar eers na die mens se behoeftestruktuur gekyk word.

---

1) Dit word in paragraaf 2.3 bespreek. Kyk p.35.

2) Kyk paragraaf 2.3.2, p.35, vir ŉ verduideliking van die verwantskap tussen kenmerke, probleme, doelstel=lings en maatstawe.

3) Stoker (1969, p.67) definieer ŉ begrip as "... ŉ resultaat van denke waarby tipiese kenmerke van iets saam met die iets tot ŉ logiese (denk-)eenheid verbind is".

Net soos ander behoeftes het basiese behoeftes hul oor= sprong in die dryfvere van die mens, dit wil sê in die "... organic states which dispose him to activity aimed at reducing or transforming these same states in a way that leads to grati= fication" (Rothenberg, 1966, p.225). Hierdie dryfvere rig die mens se aksies op behoeftes wat hiërargies georden kan word in eenvoudige behoeftes aan oorlewing (byvoorbeeld honger, dors en beskutting), veiligheid en sekuriteit (ook in werk), sosiale behoeftes (byvoorbeeld die begeerte om met mense kontak te hê), behoeftes aan ego-bevrediging en eiewaarde (byvoorbeeld na sta= tus), behoeftes aan outonomie en onafhanklikheid en behoeftes aan selfverwesenliking, dit wil sê aan die maksimale gebruik van die mens se vaardighede (Schein, 1965, p.56). Die hiërar= giese struktuur impliseer dat die behoeftes bo-aan die hiërar= gie na vore tree namate die behoeftes onderaan die hiërargie bevredig word (Schein, 1965, p.57). Hierdie beskouing gee aan= leiding tot die eerste benadering tot die omskrywing van basiese behoeftes: Basiese behoeftes kan as die behoeftes onderaan die hiërargiese struktuur beskou word, dit wil sê as die eenvoudige behoeftes wat vir die welvaart[1] van die mens bevredig moet word. Een van die Tripartite World Conference on Employment, Income Distribution and Social Progress, and the International Division of Labour (1977, p.112) se omskrywings van basiese behoefte kom in groot mate met hierdie benadering ooreen:

> "First, they include certain minimum requirements of a family for private consumption: adequate food, shel= ter and clothing, as well as certain household equip= ment and furniture (individuele basiese behoeftes).

---

1) Welvaart het betrekking op die materiële voorspoed van die mens (Todaro, 1977, p.436), hoewel dit afhanklik is van die besondere uitgangspunt wat gehandhaaf word.

Second, they include essential services provided by and for the community at large, such as safe drinking water, sanitation, public transport and health, educa= tional and cultural facilities" (kollektiewe basiese behoeftes).

Die tweede benadering tot die omskrywing van basiese be= hoeftes beklemtoon die behoeftes verbonde aan die lewenstan= daard[1] van die mens. Die Tripartite World Conference waarna hierbo verwys is, verklaar in hierdie verband :

"In all countries freely chosen employment enters into a basic-needs policy both as a means and as an end. Employment yields an output. It provides an income to the employed, and gives the individual a feeling of self-respect, dignity and of being a worthy member of society" (p.112).

Die derde manier waarop die kenmerke van basiese behoeftes tot 'n eenheid verbind kan word, beklemtoon die behoeftes ver= bonde aan lewenskwaliteit.[2] Die Tripartite World Conference (1977, p.112) is ten gunste van hierdie benadering en verklaar:

"In no circumstances should it (basiese behoeftes) be taken to mean merely the minimum necessary for

---

1) Lewenstandaard het betrekking op die mate waarin materiële en sosiale behoeftes, en die behoeftes aan eiewaarde en ego-bevrediging, bevredig word (Todaro, 1977, p.424). Dit sluit welvaart in.

2) Todaro (1977, p.415) beskou lewenskwaliteit by implikasie as die mate waarin die eenvoudige behoeftes, sosiale be= hoeftes, behoeftes aan ego-bevrediging en eiewaarde, en die behoeftes aan outonomie en onafhanklikheid bevredig word. Die behoefte aan selfverwesenliking kan hierby gevoeg word.

subsistence; it should be placed within a context of national independence, the dignity of individual(s) and peoples and their freedom to chart their destiny without hindrance."

Indien basiese behoeftes na die volle spektrum van mens=like behoeftes verwys, ontstaan die vraag wat dan nie basiese behoeftes is nie. Die antwoord is dat dit al daardie behoeftes is wat oorbly nadat 'n sekere minimum van elke behoeftegroep be=vredig is (Tripartite World Conference, 1977, p.112). Wat hier=die minimum is, kan nie met sekerheid gesê word nie, want dit kan as gevolg van ekonomiese en sosiale verskille van persoon tot persoon en van land tot land varieer (Tripartite World Conference, 1977, p.112). Dit is 'n dinamiese begrip wat oor=eenkomstig die probleemsituasie in 'n land ten aansien van die bevrediging van behoeftes vertolk moet word. Dit word vervol=gens bespreek.

2.2.2.2.2 <u>Basiese behoeftes as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling</u>

Die benadering word hier gevolg dat die bevrediging van behoeftes so 'n groot probleem kan wees dat regerings hulle dit uitdruklik ten doel kan stel om minstens 'n bepaalde minimum van elk te bevredig. Hierdie doelstellings dien terselfdertyd as maatstawe om kwantitatief of kwalitatief te beoordeel of vor=dering (dit wil sê ekonomiese ontwikkeling) plaasvind, al dan nie. Die grondliggende probleem en die doelstelling en maat=staf vir ekonomiese ontwikkeling wat daaruit voortspruit, word vervolgens bespreek.

Soos die bespreking van die menslike behoeftestruktuur hierbo aandui[1], bestaan die grondliggende probleem met be=trekking tot basiese behoeftes uit 'n groot aantal subprobleme,

---

1) Kyk p.15.

elk verbonde aan 'n besondere behoefte of selfs 'n besondere me=tode om 'n behoefte te bevredig. As daar selektief te werk ge=gaan word, kan daar veral na wanvoeding, hongersnood, gesond=heidstoestande en ongeletterdheid verwys word. Die wêreldwye probleemtoestand in hierdie verband word deur die International Labour Office (1977, p.3) soos volg geskets:

> "At least 460 million persons were estimated to suffer from a severe degree of protein-energy malnutrition even before the recent food crisis. Scores of mil=lions live constantly under a threat of starvation. Countless millions suffer from debilitating diseases of various sorts and lack access to the most basic medical services ... The number of illiterate adults has been estimated to have grown from 700 million in 1960 to 760 million towards 1970."

Dit is sodanige omstandighede wat regerings kan noop om hulle dit ten doel te stel om basiese behoeftes te bevredig, en eko=nome om hierdie doelstelling as maatstaf van ekonomiese ontwik=keling te beskou. Todaro is een van hierdie ekonome. Hy om=skryf (ekonomiese) ontwikkeling as "the process of improving the quality of all human lives" (1977, p.415). Daar kan nog ander maatstawe behalwe lewenskwaliteit wees, byvoorbeeld ekonomiese groei.

#### 2.2.2.3 <u>Ekonomiese groei</u>

##### 2.2.2.3.1 <u>Algemene omskrywing</u>

Met ekonomiese groei word bedoel "... an increase in eco=nomic well-being ..." (Kemp, 1972). Hieruit blyk dit dat wel=vaart, soos voorheen gedefinieer, as die maatstaf vir ekonomie=se groei beskou kan word. Van der Merwe (1978, p.3) meld in hierdie verband tereg dat welvaart met fisiese produksie saam=

hang. Dit beteken dat ekonomiese groei as 'n toename in fisiese produksie beskou kan word. Die reële bruto binnelandse produk[1] is 'n erkende maatstaf vir die fisiese produksie in 'n land (Van den Bogaerde, 1972, p.19). Ekonomiese groei word gevolglik as die toename in die reële bruto binnelandse produk gedefinieer. Sommige skrywers kwalifiseer hierdie definisie deur na "vinnige" (Todaro, 1977, p.111), "harmonieuse", "ongebalanseerde" (Thirl= wall, 1978, p.177), en "volgehoue" (Todaro, 1977, p.111) groei te verwys. Hierdie kwalifikasies is nie nodig vir die defini= sie van ekonomiese groei in die algemeen nie. Hulle het eerder met bepaalde strategiese benaderings tot, of die historiese verloop van, ekonomiese groei te doen.

Ekonomiese groei kan ook ooreenkomstig sy oorsake gedefi= nieer word.[2] Volgens hierdie benadering kan ekonomiese groei as die verandering in die reële bruto binnelandse produk, in= diensneming en kapitale voorraad en as die interaksie tussen hierdie veranderlikes beskou word (Stiglitz & Uzawa, 1969, p.3). Hierdie veranderings is nie net vir ekonomiese groei van belang nie, maar ook vir ekonomiese ontwikkeling. Dit word vervolgens bespreek.

2.2.2.3.2 Ekonomiese groei as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling

Ekonomiese groei is 'n belangrike doelstelling, nie net om die welvaart van elke persoon in 'n land te verhoog nie, maar ook om te verhoed dat die welvaartspeil byvoorbeeld weens 'n

---

1) Die bruto binnelandse produk meet die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n beson= dere land gedurende 'n bepaalde tydperk geproduseer word (Van den Bogaerde, 1972, p.4). Om dit na 'n reële grootheid te herlei, word die invloed van prysskommelings wat in die bruto binnelandse produk teen markpryse aanwesig is met be= hulp van 'n prysindeks uitgeskakel.

2) Stoker, 1969, p.69 noem sodanige definisies wordingsdefinisies.

toename in die bevolking van 'n land daal.[1] Die probleem is dat juis dié lande wat alreeds 'n relatief lae inkomste (of produk)[2] verdien relatief lae groeikoerse in hul bruto binne=landse produk ondervind. Hierdie stellings word ondersteun deur die gegewens wat die Wêreldbank aangaande die nasionale produk[3] per kop[4] van verskeie lande ingewin het. Die 38 armste lande[5], uit 'n totaal van 125 lande, het tussen 1960 en 1978 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers in hulle bruto na=sionale produk per kop van ongeveer 1,6 persent ervaar, teenoor die ongeveer 3,7 persent van die 52 sogenaamde middelinkomste lande en die 3,7 persent van die sogenaamde nywerheidslande (World Bank, 1980, pp.110-111). Dit beteken dat die armoede=probleem in die stadiggroeiende lande nog lank 'n wesenlike probleem sal bly, miskien in relatiewe terme omdat dit onge=veer 70 jaar sal duur om die bruto nasionale produk van 'n land

---

1) Hierdie toestand kan, *ceteris paribus*, slegs ontstaan as die produksie in die land nie genoeg as gevolg van die toename in die bevolking styg nie.

2) Die twee woorde kan in die samehang van die nasionale reke=ninge vryelik omgeruil word, omdat die totale waarde van finale goedere en dienste gelyk is aan die inkomstes van die eienaars van die produksiefaktore wat die totale waarde help skep het (Van den Bogaerde, 1972, p.8).

3) Die nasionale produk van 'n land word verkry deur die netto faktorbetalings aan die res van die wêreld van sy binne=landse produk af te trek (Van den Bogaerde, 1972, p.11).

4) "Per capita" kan volgens Steenkamp (1976, p.235) vertaal word met per caput, per hoof, per kop, of per persoon.

5) Die nasionale produk per kop word hier as aanwyser van armoede gebruik.

te verdubbel as dit jaarliks teen gemiddeld een persent sou groei.[1] Daarom is ekonomiese groei veral vir die arm lande van kardinale belang.

Dit is gedeeltelik[2] uit erkenning van die belangrikheid van ekonomiese groei dat ekonome dit dikwels as 'n sinoniem vir ekonomiese ontwikkeling beskou (Kindleberger & Herrick, 1977, p.3). Die definisies word dan gewoonlik gekwalifiseer deur die volgende te beklemtoon :

(i) *Lang termyn*: Dit word as bykomende maatstaf ge= stel omdat ekonomiese ontwikkeling eerder met die toename in die reële binnelandse produk tussen Juglar-siklusse[3] as met die toename in die reële binnelandse produk binne hierdie si= klusse verband hou. Die toename moet vir min= stens drie Juglar-siklusse volgehou word. (Meier & Baldwin, 1957, pp.2-4).

---

1) Vanaf die basiese formule vir saamgestelde rente, naamlik

$$P_o(1 + r)^n = P_n$$

waar $P_o$ = die aanvangsbedrag,
$P_n$ = die eindbedrag,
$r$ = die jaarlikse rentekoers en
$n$ = die aantal jare,

kan n soos volg bereken word:
Laat $P_o$ = R10, $P_n$=R20, r=0,01 en los vir n op,
dit wil sê

$$n.\ln 1{,}01 = \ln (20/10)$$
$$n.0{,}00995 = 0{,}69315$$
$$\therefore n = 69{,}66$$

2) Ander redes is onder andere die probleme om kwalitatiewe veranderinge te meet en die ontwikkelingstand van die ekono= miese wetenskap.

3) 'n Juglar-siklus is 'n herhalende skommeling in die bruto bin= nelandse produk wat van agt tot nege jaar lank duur (Bober, 1968, p.202).

(ii) *Inkomste per kop*: Dit word beklemtoon omdat dit vir ekonomiese ontwikkeling belangrik is dat die toename in die bevolking nie hoër is as dié in die reële bruto binnelandse produk nie (Meier, 1976, p.7). Sou dit gebeur, moet ŉ gegewe inkomste tussen ŉ groter aantal persone verdeel word. Die gemiddelde welvaart per per= soon sal dan daal.

(iii) *Tegnologiese vooruitgang*: Dit dui op die vooruitgang in kennis[1] en tegnieke[2]. Op makroëkonomiese vlak kan tegnologiese vooruitgang ook as die residu beskou word nadat die bydraes van arbeid en kapitaal tot ekonomiese groei in berekening gebring is (Fourie, 1976, p.3). Dit beteken dat ekonomiese groei (en ontwikkeling) nie net van veranderings in die kapitale voorraad en indiens= neming afhanklik is nie, maar ook van veranderings in tegnologie. Dit beteken ook dat tegnologiese vooruitgang ŉ belangrike maatstaf van ekonomiese ontwikkeling is (Kindleberger & Herrick, 1977, p.3).

(iv) *Verbetering in lewenskwaliteit* (Todaro, 1977, p.415): Dit is reeds bespreek[3] en verg nie verdere toeligting nie.

---

1) Die woord "kennis" word van die Griekse woord "logia" afge= lei (Fowler & Fowler, 1951, p.703).

2) Tegnieke kan beskou word as maniere om iets te doen, by= voorbeeld maniere om ŉ produk te vervaardig (Spiegel-Rösing & Price, 1977, p.199).

3) Kyk paragraaf 2.2.2.2.2, p.17.

(v) *Strukturele verandering* (Hagen, 1968, pp.29-59): Strukturele verandering dui op die verandering in die nie-fundamentele ekonomiese instellings in 'n land.[1] Die fundamentele instellings sluit besitreg in, sowel as die taak van die owerheid in die produksieproses, stemreg, die voorregte van sekere groepe, die mate van arbeidsverdeling en spesialisasie, en die mate van gedesentrali=seerde produksie (Tinbergen, 1967, p.4). Wan=neer die struktuur van die ekonomie verander, verander byvoorbeeld die samestelling van produk=sie, die ekonomiese aktiwiteite waarby die ar=beidsmag betrokke is, die samestelling van buite=landse handel, die grootte en samestelling van markte, die funksies van firmas, die organisasie van die nywerheid, landelike en streeksontwikke=ling, produktiwiteit van arbeid, owerheidsdienste, grensspaargeneigdheid en demografie (Kindleberger & Herrick, 1977, p.162). Flammang (1979, p.51) stel die belangrikheid van strukturele verande=ring vir die verklaring van ekonomiese ontwikke=ling soos volg: "The structural change writers, in my view, have gotten closer to the heart of the matter than anyone else".

Ekonomiese groei kan as 'n maatstaf van ekonomiese ontwik=keling beskou word. Alhoewel die verdeling van inkomste, in=diensnemingstruktuur en die struktuur van internasionale be=trekkinge ook strukturele elemente van die ekonomie is, is hulle op hul eie sulke belangrike maatstawe van ekonomiese ont=wikkeling dat hulle hieronder afsonderlik bespreek word.

---

1) Kyk paragraaf 2.2.1, p.12.

### 2.2.2.4 Inkomsteverdeling

#### 2.2.2.4.1 Algemene omskrywing

Die verdeling van inkomste kan op vier maniere vertolk word:

(i) *Die verdeling van die individuele persoonlike verdienste*: Todaro (1977, p.432) noem dit die grootteverdeling van inkomste, dit wil sê die deel van totale inkomste wat die armste 40 persent van die bevolking ontvang.

(ii) *Die verdeling van inkomste tussen produksietakke*: Die verdeling van inkomste tussen die landbou en vervaardiging kan as voorbeeld genoem word.

(iii) *Die ruimtelike verdeling van inkomste*: 'n Voorbeeld is die verdeling van inkomste tussen plattelandse en stedelike gebiede.

(iv) *Die funksionele verdeling van inkomste*: Dit hou verband met die wyse waarop die nasionale inkomste tussen die produksiefaktore grond, arbeid, kapitaal en ondernemersvermoë verdeel word (Todaro, 1977, p.145).

Die probleme ten opsigte van elk van hierdie inkomsteverdelings, uitgesonderd die funksionele inkomsteverdeling[1], word vervolgens bespreek.

---

1) Omdat dit aangeneem kan word dat dit met die ander inkomsteverdelings verband hou.

2.2.2.4.2 Inkomsteverdeling as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling

(i) *Grootteverdeling van inkomste*: Die feit dat 'n land 'n relatief hoë nasionale inkomste en selfs hoë nasionale inkomste per kop het, beteken nie noodwendig dat die meerderheid burgers van daardie land 'n hoë inkomste verdien nie. Trouens, alle lande het in sekere mate 'n skewe inkomsteverdeling. Die inkomsteverdeling van die minder-ontwikkelde lande is nogtans skewer as dié van die meer ontwikkelde lande. Thirlwall (1978, p.34) vermeld in hierdie verband dat die gemiddelde Gini-koëffisiënt[1)] vir 43 minder-ontwikkelde lande ongeveer 0,467 in 1965 was, vergeleke met die 0,392 vir 13 ontwikkelde lande. Ekonomiese groei skyn bowendien eerder die rykste 20 persent van 'n land se bevolking te bevoordeel as die armste 20 persent (Thirlwall, 1978, p.33). Die implikasie hiervan is dat 'n groot aantal persone in 'n land onder toestande van uiterste armoede en ellende kan leef, al is daar gedeeltes van die bevolking wat in relatief weelderige toestande leef. Dit beteken ook dat 'n skewe inkomsteverdeling nie noodwendig deur die normale proses van ekonomiese groei verbeter sal word nie. As gevolg van hierdie probleemtoestand is dit nie verbasend dat regerings 'n meer gelyke verdeling van individuele inkomste in hulle onderskeie lande beoog nie. Dit verbaas ook nie dat ekonomiese ontwikke=

---

1) Die Gini-koëffisiënt is 'n globale numeriese maatstaf van die ongelyke of skewe verdeling van inkomste wat vanaf nul, dit wil sê volkome gelykheid, tot een, dit wil sê volkome ongelykheid, strek (Todaro, 1977, p.420).

ling volgens hierdie maatstaf gedefinieer word nie. Ekonomiese ontwikkeling beteken ooreenkom= stig hierdie benadering 'n verbetering in die mate= riële welvaart van veral dié persone in 'n land wat die laagste inkomste verdien (Kindleberger & Herrick, 1977, p.1).

(ii) *Produksietakverdeling van inkomste*: Indien die produk= sietakaandeel van die landbou (insluitende mynwese, bosbou en visserye), nywerheid (vervaardiging, kon= struksie, elektrisiteit, water en gas) en dienste in die bruto binnelandse produk teen faktorkoste as 'n aanduiding van die inkomsteverdeling tussen pro= duksietakke aanvaar word, blyk dit dat die gemid= delde aandeel van die landbou in lande met 'n lae inkomste 38 persent in 1978 beloop het, in middel= inkomstelande 16 persent, en in nywerheidslande 4 persent. Die aandeel van die nywerheid in hierdie drie kategorieë lande was onderskeidelik 24, 34 en 37 persent, en dié van dienste die oorblywende 38, 50 en 59 persent. Hierdie basiese patroon het ook in 1960 gegeld (World Bank, 1980, pp.114-115). Hierdie resultate impliseer dat die inkomste-aan= deel wat sy oorsprong in die landbou het kleiner word hoe ryker 'n land is en dat normale ekonomiese groei in 'n land nie hierdie tendens teenwerk nie. Dit is om hierdie soort redes dat die beplande strukturele verandering in die inkomsteverdeling tussen produksietakke in 'n minder-ontwikkelde land dikwels met ekonomiese ontwikkeling vereenselwig word en dat owerhede soms bepaalde doelstellings in hierdie verband stel (Todaro, 1977, p.95). Hierdie doelstellings kan as maatstawe vir ekono= miese ontwikkeling gebruik word.

(iii) *Die ruimtelike verspreiding van nasionale inkomste:* Die klein hoeveelheid persone wat 'n hoë inkomste in die ontwikkelende lande verdien, woon en werk grotendeels in die stedelike gebiede, terwyl die arm massas in die landelike gebiede woon (Todaro, 1977, p.94 en International Labour Office, 1972, p.76). Wat die internasionale front betref, merk Kindleberger en Herrick (1977, p.255) op dat ter= wyl baie van die lande met 'n lae inkomste oorwegend landelik is, geeneen van die ryk lande oorwegend lan= delik is nie. Dit is veral die skewe ruimtelike verdeling van inkomste binne 'n land wat ernstige probleme vir regerings skep. Hulle sal gevolglik toenemend genoop word om bepaalde doelstellings met betrekking tot die ruimtelike verdeling van inkomste na te streef. In hierdie sin kan die ruimtelike verdeling van inkomste wel as 'n maat= staf van ekonomiese ontwikkeling beskou word.

In die voorgaande paragrawe is kortliks aangedui dat die verdeling van inkomste om 'n verskeidenheid redes (arm teenoor ryk persone, die strukturele samestelling van inkomste en die ruimtelike verspreiding van inkomste) 'n probleem is, dat daar uitdruklik of stilswyend bepaalde doelstellings daaroor gestel kan word en dat 'n definisie van ekonomiese ontwikkeling die onderskeie aspekte daarvan as maatstawe kan insluit.

2.2.2.5 Indiensneming

2.2.2.5.1 Algemene omskrywing

Meier (1976, p.180) beskou indiensneming[1] as 'n kontinuüm wat van ope werkloosheid tot volledige werkverskaffing strek.

1) Hy verwys eintlik na werkloosheid, maar wat hy sê, kan ook op indiensneming van toepassing gemaak word.

Tussenin word verskeie groeperings van onderbesetting aange=tref. Die maatstawe wat hy vir die verdeling van die konti=nuüm in groepe gebruik is tyd, inkomste, gewilligheid en produktiwiteit. Ooreenkomstig hierdie maatstawe beteken ope werkloosheid geen ure gewerk en geen inkomste nie. Ope werk=loosheid kan op grond van die gewilligheidsmaatstaf in twee verdeel word, naamlik vrywillige en gedwonge werkloosheid. Wanneer daar vrywillige werkloosheid heers, is daar persone wat werkloos is, maar weier om te werk al is hulle geskik vir 'n besondere werk. Gedwonge werkloosheid ontstaan as persone wel gewillig is om te werk, maar nie werk kan vind nie (Todaro, 1977, p.427). Wanneer almal wat teen 'n gegewe loonkoers wil werk wel werk gevind het, of wanneer ope werkloosheid tot 'n aanvaarbare peil gedaal het, byvoorbeeld 2 persent, word volle=dige besetting bereik (Todaro, 1977, p.420). Soos reeds hier=bo gesê is, kan verskeie groepe van onderbesetting tussen ope werkloosheid en volledige besetting onderskei word. Meier (1976, p.181) beskou onderbesetting as 'n toestand wat geken=merk word deur persone wat minder per tydseenheid werk as wat hulle graag sou wou. Omdat "underemployment" en "underutilisa=tion" as "onderbesetting" vertaal kan word (Steenkamp, 1976, pp.336 en 337), kan die omskrywing van onderbesetting uitge=brei word om ook persone wat benede hulle kapasiteit of po=tensiaal werk, in te sluit.

Die omskrywing van indiensneming aan die hand van 'n kon=tinuüm wat uit 'n aantal toepaslike groepe bestaan, het veral op die produksiefaktor arbeid betrekking. Dit kan ook, met die nodige aanpassings, op die ander produksiefaktore van toe=passing gemaak word. In die bespreking wat volg, val die klem op die probleme met die mens.

### 2.2.2.5.2 <u>Indiensneming as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling</u>

Die probleem in verband met indiensneming kan volgens die International Labour Office (1973, p.7) in drie komponente ver= deel word:

(i) ŉ Tekort aan werkgeleenthede, of te wel, "... the frustration of job seekers unable to obtain work of the type or remuneration which they think rea= sonable or, by their education, have been led to expect" (International Labour Office, 1973, p.7).

(ii) Die lae inkomste wat baie vervaardigers en hulle gesinne ontvang.

(iii) Die onderbesetting en lae produktiwiteit van die werkerkorps,[1)] wat onder andere op ondoelmatige opleiding dui.

Lae absolute en relatiewe inkomste het alreeds onder vorige maat= stawe ter sprake gekom, sodat dit slegs nodig is om werkgeleent= hede en onderbesetting te bespreek.

Die skep van voldoende werkgeleenthede vir die bevolking van ŉ land is ŉ baie belangrike doelstelling. Indien werkgeleent= hede nie teen minstens dieselfde koers as die werkerkorps toe= neem nie, sal daar ŉ al hoe groter gedwonge werkloosheids=

---

1) Die werkerkorps (Steenkamp, 1976, p.171) van ŉ land is dié per= sone wat ekonomies bedrywig is, insluitende die weermag en die werkloses, maar uitsluitende huisvrouens, studente en ander per= sone wat nie ekonomies bedrywig is nie (World Bank, 1980, p.163).

probleem ontstaan. Die Wêreldbank (World Bank, 1980, pp. 146-147) verwag dat die werkerkorps oor die tydperk 1980 tot 2000 gemiddeld jaarliks soos volg sal toeneem: lande met lae inkomste 2,2 persent, middelinkomste lande 2,5 persent en ny=werheidslande 0,6 persent.[1] 'n Land met lae inkomste wat in 1980 'n werkerkorps van 1 miljoen persone gehad het, sal tot die jaar 2000 gemiddeld elke jaar vir 22 000 persone nuwe werk moet soek. Die skep van werkgeleenthede is inderdaad 'n toepaslike maatstaf van ekonomiese ontwikkeling (Kindleberger & Herrick, 1977, p.1).

Benewens die skep van werkgeleenthede is 'n vollediger be=setting van die bestaande werkers in die werkerkorps van 'n land ook belangrik (Todaro, 1977, p.75). Todaro noem nie spesifieke gegewens in hierdie verband nie, maar meld dat die onderbeset=ting van arbeid tesame met ope werkloosheid ongeveer 30 persent van die werkerkorps in die minder-ontwikkelde lande raak. Die vollediger besetting van werkers met verloop van tyd sal as 'n aanduiding van ekonomiese ontwikkeling vertolk kan word.

2.2.2.6. Internasionale betrekkinge

2.2.2.6.1 Algemene omskrywing

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar op die ekonomiese aspekte van internasionale betrekkinge gekonsentreer. Hierdie aspekte hou verband met die in- en uitvoer van produkte en dienste, beleggings, lenings en hulp, en word in die lopende rekening, kapitaalrekening en kasrekening van die betalingsba=lans van 'n land opgesom.[2]

---

1) Die toenames in die werkerkorps is op die verwagte vinnige toenames in bevolkingsgetalle in die onderskeie soorte lan=de gebaseer. Die toenames in die bevolkingsgetalle is weer op grond van geboortes en sterftes bereken.

2) Kyk byvoorbeeld Todaro, 1977, pp.412-413.

2.2.2.6.2 <u>Internasionale betrekkinge as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling</u>

Die probleme in internasionale betrekkinge wat tot maat=stawe van ekonomiese ontwikkeling aanleiding kan gee, hou met eksterne en interne ewewig verband. Hiermee word bedoel dat die aanknoop van internasionale betrekkinge bepaalde reperkus=sies in die buitelandse betrekkinge van lande het waarvan die onderskeie regerings moet kennis neem. Die belangrikste be=trekkinge, naamlik uitvoer, invoer, lenings en hulp, word ver=volgens bespreek.

(i) *Uitvoer*: Die uitvoer van die minder-ontwikkelde lande word meestal deur een of twee produkte oorheers, in teenstelling met die meer ontwik=kelde lande se gediversifiseerde uitvoer (Kin=dleberger & Herrick, 1977, p.5). Dit veroor=saak dat die verdienste van die minder-ontwik=kelde lande uit hierdie bron besonder riskant is. As uitvoer 'n onbelangrike gedeelte van die nasionale inkomste van die minder-ontwikkelde lande verteenwoordig, of as die aanbod en vraag met betrekking tot die uitvoerproduk bestendig is, is die toestand nie noodwendig kommerwekkend nie. Die eintlike probleem is dat uitvoer wel 'n baie belangrike gedeelte van die minder-ont=wikkelde lande se bruto nasionale inkomste verteenwoordig en dat dit ook op die onsekere produksie van landbouprodukte berus (Todaro, 1977, p.291). Lande wat hierdie probleme onder=vind, sal daarby baat om doelstellings gemik op die diversifisering van uitvoer na te volg. Trouens, die mate waarin 'n land se uitvoer ge=diversifiseerd is, kan as 'n aanduiding van die ontwikkeldheid van daardie land beskou word

(Todaro, 1977, p.77).

(ii) *Invoer:* Die minder-ontwikkelde lande is in groot mate van die buiteland afhanklik vir die masjine= rie, ander kapitaalgoedere en intermediêre goedere wat hulle vir groei en ontwikkeling nodig het. Dit op sigself is nie noodwendig nadelig nie, maar kan probleme oplewer. Enersyds is die pryse van kapi= taalgoedere (die invoergoed) gewoonlik hoog in vergelyking met die pryse van byvoorbeeld landbou= produkte (die uitvoergoed). Andersyds moet die kapitaalgoedere uit beperkte beleggings gefinan= sier word. Dit lei tot ernstige tekorte op die lopende rekening van die betalingsbalans (Todaro, 1977, p.291). Die regerings van die lande wat hierdie probleem ondervind, kan probeer om dit deur middel van invoervervanging op te los. Die mate waarin lande wel daarin slaag om invoerpro= dukte met hulle eie produkte te vervang, kan dan as maatstaf van ekonomiese ontwikkeling beskou word.

Todaro (1977, p.291) meld tereg dat die tekort op die lo= pende rekening van die betalingsbalans minstens gedeeltelik deur middel van transaksies op die kapitaalrekening gefinan= sier kan word. Hiermee word bedoel dat private buitelandse beleggings aangemoedig, buitelandse lenings aangegaan, en buite= landse skenkings gevra kan word. Volgens Todaro (1977, p.321) is die probleem dat :

(i) die skenkingsgedeelte gewoonlik klein is in ver= houding tot die totale behoefte aan hulp in die minder-ontwikkelde lande;

(ii) private beleggings in beginsel die moontlikheid van die buitelandse repatriasie van winste wat eintlik binnelands benodig word impliseer; en

(iii) lenings noodwendig die toekomstige terugbetaling van die leningsbedrag en die betaling van rente impliseer.

Die kapitaalrekening moet uiters oordeelkundig gebruik word. Trouens, die mate waarin 'n land op sy kapitaalrekening aangewese is om sy vooruitgang te finansier, kan as 'n barometer van sy afhanklikheid van ander lande beskou word. Omdat af= hanklikheid en ekonomiese ontwikkeling in die algemeen omgekeerd eweredig is, kan die kapitaalrekening ook 'n nuttige aanwyser van ekonomiese ontwikkeling wees.

Die saldo wat oorbly nadat die transaksies onder die lo= pende en kapitaalrekenings van 'n land se betalingsbalans opge= tel is, word na die kasrekening oorgedra. Is die saldo posi= tief, word die land se amptelike monetêre reserwes aangevul. Is die saldo negatief, word daar op die amptelike monetêre reserwes ingeteer. Alhoewel dit 'n potensiële finansierings= bron van tekorte is, is hierdie bron in die minder-ontwikkelde lande maar klein (Todaro, 1977, p.321). Dit beteken dat selfs die kasrekening probleme kan gee as 'n land nog onderontwikkeld is. Trouens, die probleme in verband met amptelike monetêre reserwes is so groot dat die Internasionale Monetêre Fonds die reg verkry het om spesiale trekkingsregte[1)] tussen lande te verdeel. Die toestand van 'n land se kasrekening kan inderdaad as 'n aanwyser van sy ontwikkelingstand gebruik word.

---

1) Spesiale trekkingsregte (S.T.R.) is 'n internasionale finan= siële bate (soms papiergoud genoem) wat geskep is met die doel om internasionale betalingsbalanse te vereffen en so= doende goud en die dollar aan te vul (Todaro, 1977, p.433).

Die slotsom waartoe op grond van die bespreking hierbo gekom kan word, is dat internasionale betrekkinge 'n toepaslike maatstaf van ekonomiese ontwikkeling kan wees.

2.2.3 Samevatting

Lande wat nog moet ontwikkel het met 'n magdom probleme te kampe. Hieronder tel wanvoeding, hongersnood, swak gesondheidstoestande, ongeletterdheid, lae ekonomiese groei, armoede, inflasie, vinnige bevolkingstoename, tegnologiese stagnasie, strukturele starheid, skewe verdeling van inkomste tussen individue, bedryfstakke, geografiese streke en produksiefaktore, tekort aan werkgeleenthede, onderbesetting van arbeid, lae produktiwiteit, klein markte, klein binnelandse produksiekapasiteite, internasionale oordragte en onvermoë om die betalingsbalans te laat klop.

Daar kan baie oorsake vir dié probleme wees. In sommige gevalle word 'n bepaalde probleem deur ander probleme veroorsaak. Dit beteken dat die probleme met mekaar verband hou (Todaro, 1977, pp.98-100).

Wat vir die doeleindes van hierdie paragraaf belangrik is, is dat die teenswoordige en beraamde toekomstige stand van sake onder elke probleem as 'n aanwyser van die ekonomiese ontwikkelingstand van 'n land beskou kan word. Dit beteken dat ekonomiese ontwikkeling sal plaasvind as daar met die oplossing van die probleme gevorder word. Die voorbehoud is dat die oplossings nie toevallig moet gebeur nie, maar stelselmatig deur òf die prysmeganisme òf beplanning òf 'n kombinasie van die twee bewerkstellig moet word. Die metodes om ekonomiese ontwikkeling te bevorder, word vervolgens bespreek.

## 2.3 'N ALGEMENE STRATEGIE VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING

### 2.3.1 Inleiding

Die vraagstuk wat nou onder oë kom, is wat gedoen kan word om die probleme van minder-ontwikkelde lande te oorkom. Dit beteken dat 'n algemene strategie vir ekonomiese ontwikke= ling beskryf moet word. Vir hierdie doel sal die begrip stra= tegie eers omskryf word, omdat daar nog nie algehele eenstem= migheid onder beplanners daaroor is nie. Die benadering wat in hierdie ondersoek gevolg sal word, moet derhalwe toegelig word. Ná 'n omskrywing van die begrip strategie word enkele riglyne vir die ontwerp van 'n ekonomiese ontwikkelingstrategie aan die hand gedoen. Die riglyne is op die teorie en praktyk van ekonomiese ontwikkeling gefundeer. Die bespreking word afge= sluit met 'n beskrywing van spesifieke aksieprogramme vir eko= nomiese ontwikkeling.

### 2.3.2 Omskrywing van die begrip strategie

'n Strategie kan beskou word as die resultaat van die stel= selmatige ontleding van alternatiewe moontlike aktiwiteite wat verrig kan word, van alternatiewe doelstellings wat gestel kan word, en van alternatiewe metodes en instrumente wat aangewend kan word om 'n bepaalde toekomstige toestand te bereik.[1)] Drie begrippe in hierdie definisie verg toeligting, naamlik doel= stellings, metodes en instrumente.

---

1) Raadpleeg byvoorbeeld Tinbergen (1967), Johansen (1977), Jantsch (1972) en Griffen & Enos (1970).

ŉ Doelstelling is ŉ uitdruklike verklaring van voornemens om op ŉ bepaalde wyse dreigende probleme die hoof te bied of geleenthede te benut, gegewe die sterkpunte en tekortkominge van byvoorbeeld ŉ gemeenskap.[1] Hierdie verklaring word be=invloed deur die algemene strewe van die gemeenskap na ŉ be=paalde ideaal (doel). Alhoewel ŉ doelstelling ŉ uitdruklike verklaring van optrede is, wil dit nie sê dat dit noodwendig altyd gekwantifiseer kan word nie. Dit sal onder meer duide=lik uit die omskrywing van die begrippe metodes en instrumen=te blyk.

Die begrippe metodes en instrumente word aan die hand van figuur 2.1 verduidelik. Die figuur sit die elemente van ŉ strategiemodel skematies uiteen.

Die doelstelling(s) van die strategie word deur die wel=vaartsfunksie H voorgestel. Die ekonomiese komponente van die doelstelling(s) word deur g verteenwoordig wat ŉ element van die ekonomiese stelsel G is. Die ekonomiese stelsel word in twee verdeel: ekonomiese data (D en E in die figuur) en eko=nomiese verskynsels (wat deur die model $g = f(e,d)$ beskryf word).

Die ekonomiese data bestaan onder andere uit die ekonomie=se instellings waarna in vorige paragrawe[2] verwys is en word in twee verdeel. Die eerste deel is metodes (D) en die tweede is data wat as konstant beskou word (E). Dit beteken dat me=todes daardie ekonomiese data is wat binne die model verander


---

1) Raadpleeg byvoorbeeld Tinbergen (1976), Johansen (1977), Jantsch (1972) en Griffen & Enos (1970).

2) Kyk paragrawe 2.2.1 en 2.2.2.3.2, pp.10 en 19.

Figuur 2.1

ŉ Strategiemodel




Simbole:

a = ŉ Fundamentele element; A = Versameling van a
b = ŉ Struktuurelement; B = Versameling van b
c = ŉ Instrument; C = Versameling van c
d = ŉ Metode; D = Versameling van d
e = ŉ Konstante data-element; E = Versameling van e
g = f(e,d) = funksionering van die stelsel
g = Die toestand met betrekking tot ŉ besondere doelstelling
$G_e$ = Versameling van g as e gegewe is
G = Versameling van g
H = Voorkeurstelsel, ofte wel ŉ doelstelling

Bron: Gedeeltelik op die beskrywing in Tinbergen (1967, pp.3-6) en Johansen (1977) gebaseer.

kan word ten einde die ekonomiese stelsel volgens die doelstellings te verander, byvoorbeeld invoerreg op tabak.

Metodes kan kwalitatief (A en B in die figuur) of kwantitatief (C in die figuur) wees. As ŉ kwalitatiewe aspek van ŉ metode moet verander, kan dit op twee maniere bewerkstellig word. Eerstens kan die fundamentele elemente van die ekonomiese stelsel (A in die figuur) verander word. As ŉ metode byvoorbeeld voorheen sentraal toegepas is en dit word nou gedesentraliseerd toegepas, het ŉ fundamentele element van die ekonomiese stelsel verander. Tweedens kan die strukturele elemente van die ekonomiese stelsel (B in die figuur) verander word, byvoorbeeld wanneer ŉ kopbelastingstelsel met ŉ inkomstebelastingstelsel vervang word.

Die kwantitatiewe aspekte van metodes (C in die figuur) word instrumente genoem. ŉ Besondere belastingkoers in ŉ belastingstelsel is ŉ voorbeeld hiervan. Dit beteken dat ŉ metode een of meer instrumente insluit. Die verwantskap tussen instrumente en ŉ doelstelling word deur ŉ verhoudingstelsel in die ekonomiese model beskryf. Dit beteken dat die verhoudingstelsel ŉ aanduiding gee van hoe die ekonomiese stelsel onder gegewe aannames sal verander as ŉ instrument verander sou word[1)] (Tinbergen, 1967, pp.3-6).

---

1) In die literatuur word daar soms na metodes as instrumente verwys, dit wil sê die term instrument sluit in daardie geval die kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van die ekonomiese stelsel in (Organisation for Economic Co-operation and Development, 1978). Ander kere word metodes veel enger beskou: as die hulpbronne (arbeid, kapitaal en tegnologie) wat nodig is om ŉ doelstelling na te streef (Griffin & Enos, 1970, p.44). Die verband waarin die term gebruik word, is belangrik.

## 2.3.3 Riglyne vir 'n ekonomiese ontwikkelingstrategie

### 2.3.3.1 Inleiding

Soos uit die omskrywing van die begrip strategie blyk, is 'n strategie die resultaat van ontleding. Uit die ontleding van ekonomiese ontwikkeling[1] tree daar uitdruklik of stilswyend bepaalde beginsels na vore wat as riglyne vir 'n ekonomiese ont= wikkelingstrategie gebruik kan word. Hierdie riglyne is ge= moeid met die bydrae van die owerheid, die belangrikheid van basiese behoeftes, die interafhanklikheid van doelstellings, individuele verskille en die noodsaaklikheid van koördinasie. Dit word vervolgens bespreek.

### 2.3.3.2 Die bydrae van die owerheid

Die doelstellings van basiese behoeftebevrediging, vinnige ekonomiese groei, regverdige verdeling van inkomste, indiens= neming en die bevordering van gesonde internasionale betrek= kinge kan selde sonder 'n bydrae van die owerheid suksesvol na= gestreef word. Daar kan twee hoofredes hiervoor wees. Die eerste rede kan wees dat die owerheid in die politieke bestel van 'n land alle besluite oor die produksie en toewysing van produkte en dienste en die verdeling van die nasionale inkomste neem (sosialisme). Die tweede rede kan wees dat die prysmega= nisme in 'n vrye markekonomie nie altyd voldoende is om die in= dividuele besluite oor die produksie en toewysing van produkte en dienste en die verdeling van die nasionale inkomste opti= maal te reguleer nie.

Die prysmeganisme is onvoldoende om die besluite wat hier= bo genoem is, optimaal te reguleer as een of meer van die vol=

---

1) Kyk paragraaf 2.2, p.10.

gende omstandighede heers: te min kopers en[1] verkopers op die markte om vrye mededinging toe te laat, te min inligting vir kopers en verkopers om goeie besluite te neem, onbeweeglikheid van produksiefaktore, skaalvoordele uit grootskaalse produksie, ondeelbare produkte, en winste en verliese wat ander individue of groepe individue as die besluitnemers self toeval (Herber, 1967, pp.21-37). Hierdie omstandighede kom veral in die minder-ontwikkelde lande voor (Todaro, 1977, hoofstukke 4 en 5). Dit beteken nie dat owerheidsinmenging noodwendig noodsaaklik is as een of meer van die omstandighede voorkom nie: daar moet in elke geval noukeurig vasgestel word of, en in welke mate, owerheidsinmenging wel geregverdig kan word. Die belangrike maatstaf is of die gemeenskap volgens sy voorkeure beter daar=aan toe met owerheidsinmenging as daarsonder sal wees. Dit is in hierdie verband belangrik om te onthou dat die aktiewe deelname van 'n land se burgers aan die besluite wat hulle raak 'n basiese behoefte is.

2.3.3.3 <u>Die belangrikheid van basiese behoeftes</u>

Die bevrediging van basiese behoeftes is baie belangrik vir ekonomiese ontwikkeling, omdat dit so maklik is om by eko=nomiese ontwikkeling die skyn vir die werklikheid aan te sien. Duur en glansryke maar nuttelose projekte kan aangepak word in die waan dat dit ekonomiese ontwikkeling is. Groot en hoogs ontwikkelde instellings kan geskep word in die hoop dat hulle ekonomiese ontwikkeling na die bevolking sal deurvoer, terwyl daar in werklikheid groot tekorte aan basiese benodigdhede kan wees. Die beklemtoning van basiese behoeftes is 'n teenvoeter vir hierdie soort gevare. Dit beklemtoon die noodsaaklike en die feit dat ekonomiese ontwikkeling in die eerste plek op die ontwikkeling van die mens gemik is (Ghai, Khan, Lee & Alfthan, 1977, pp.1-18).

---

1) Tensy dit uit die inhoud van die geskrif anders blyk, beteken "en" ook "en/of".

Om die tekorte aan basiese benodigdhede te verminder, moet die vermoë van ŉ land verhoog word om basiese benodigdhede te voorsien. Dit kan alleenlik gebeur as daar gelyktydig ag gegee word op die doelstellings van versnelde ekonomiese groei, ŉ regverdiger verdeling van inkomste, die skep van werkgeleent= hede en die bevordering van gesonde internasionale betrekkinge.

2.3.3.4 <u>Die interafhanklikheid van doelstellings</u>

Omdat basiese behoeftes so ŉ belangrike aspek van ŉ ekono= miese stelsel is, is daar goeie rede om daardie behoeftes uit= druklik te wil bevredig. Dit beteken nie dat die bevrediging van basiese behoeftes ŉ doel op sigself is nie. Dit is onder= geskik aan ekonomiese ontwikkeling.

Behalwe die bevrediging van basiese behoeftes is die doel= stellings van vinnige ekonomiese groei, regverdige verdeling van inkomste, indiensneming en die bevordering van gesonde inter= nasionale betrekkinge ook ondergeskik aan ekonomiese ontwikke= ling. Die implikasie hiervan is dat enigeen van die doelstel= lings op sigself nie voldoende is om ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig nie. Nog ŉ implikasie is dat die doelstel= lings interafhanklik is. Omdat hierdie beginsel haas nie oorbe= klemtoon kan word nie, word dit hieronder breedvoeriger bespreek.

Neem basiese behoeftes, ekonomiese groei en inkomstever= deling as voorbeeld. Ekonomiese groei is hoofsaaklik om twee redes belangrik vir die bevrediging van basiese behoeftes. Die eerste is dat ekonomiese groei ŉ groter hoeveelheid produkte en dienste as tevore vir die bevrediging van behoeftes beskik= baar stel. Die tweede rede is dat ekonomiese groei ŉ groter inkomste as voorheen vir besteding beskikbaar stel. Dit sluit besteding op basiese benodigdhede in. Dit beteken nie dat wan= neer die doelstelling van ekonomiese groei nagestreef word die

doelstelling van basiese behoeftebevrediging outomaties en van=selfsprekend bereik sal word nie. Die ekonomie moet minstens vinnig genoeg groei om die tekorte aan basiese benodigdhede daadwerklik te verminder en om die inkomste van die bevolking daadwerklik te verhoog. Vinnige ekonomiese groei alleen is nog nie voldoende om die bevrediging van basiese behoeftes te waarborg nie. Die verdeling van die voordele van ekonomiese groei is ook belangrik. Todaro (1977, p.152) skryf in hierdie verband soos volg:

> "It is the 'character' of economic growth (i.e. how it is achieved, who participates, which sectors are given priority, what institutional arrangements are designed and emphasised) that determines the degree to which that growth is or is not reflected in the improved living standards of the very poor."

Die gevolgtrekking is dat die doelstellings van vinnige ekonomiese groei, die regverdige verdeling van inkomste en die bevrediging van basiese behoeftes nie van mekaar los te maak is nie.

Die beklemtoning van ŉ regverdige verdeling van inkomste as doelstelling van ekonomiese ontwikkeling moet goed begryp word. ŉ Ekonomiese ontwikkelingstrategie wat op inkomstever=deling sonder ekonomiese groei gebaseer is, verminder armoede vandag ten koste van meer armoede môre. Dit is nie ekonomiese ontwikkeling nie (Pyatt & Thorbecke, 1976, p.14).

Die regverdige verdeling van inkomste en die bevrediging van basiese behoeftes is nie uitsluitlik van ekonomiese groei afhanklik nie. Die produktiewe indiensneming van behoeftiges is ook belangrik. Deur produktief aan die ekonomiese aktiwi=

teite in 'n land deel te neem, verkry behoeftiges selfrespek (wat 'n basiese behoefte is) en 'n inkomste waarmee ander basiese benodigdhede gekoop kan word. Die groter (en produktiewer) deelname van behoeftiges aan die ekonomiese aktiwiteite in 'n land lewer terselfdertyd 'n positiewe bydrae tot ekonomiese groei.

Tot dusver is beredeneer dat die bevrediging van basiese behoeftes, vinnige ekonomiese groei, die regverdige verdeling van inkomste en die groter indiensneming van veral behoeftiges interafhanklike doelstellings van ekonomiese ontwikkeling is. Die bevordering van gesonde internasionale betrekkinge kan hierby gevoeg word. Die redes is vanselfsprekend. Sommige van die basiese benodigdhede kan ingevoer word. Die invoer van ma=sjinerie en toerusting wat byvoorbeeld in die vervaardigings=prosesse van 'n land gebruik word, stimuleer ekonomiese groei. Uitvoer skep groter inkomste en werkgeleenthede vir die bevol=king van die uitvoerland. Die lenings en ontwikkelingshulp wat aan die minder-ontwikkelde lande verleen word, kan die ontvangende lande help om hulle ekonomiese ontwikkelingsdoel=stellings na te streef. Daar kan met hierdie voorbeelde vol=staan word.

### 2.3.3.5 <u>Individuele verskille</u>

Die ekonomiese ontwikkelingstrategie moet die kenmerke van die onderskeie bedryfstakke en geografiese streke in ag neem. Dit beteken dat 'n reeks buigsame strategieë ontwerp moet word wat voorsiening maak vir die soort ekonomiese aktiwiteit wat betrokke is, die soort behoefte, die grootte van en aantal ekonomiese instellings en die kenmerke van die onderskeie mark=te (Todaro, 1977, pp.366, 367 en 371). In werklikheid sal daar nie genoeg betroubare inligting en gekwalifiseerde ekonome en ander beplanningspersoneel wees om vir alle individuele ver=

skille voorsiening te maak nie. In sulke gevalle sal daar nood=wendig tot 'n vergelyk tussen die ideaal en die praktyk gekom moet word (Todaro, 1977, p.372).

2.3.3.6 Die noodsaaklikheid van koördinasie

Alhoewel dit wenslik is om vir individuele verskille in die ekonomiese ontwikkelingstrategie voorsiening te maak, moet die individuele strategieë met mekaar verband hou en vir die interafhanklikheid van die bedryfstakke en geografiese streke voorsiening maak. Sonder behoorlike koördinasie is die kans dat die ekonomiese ontwikkelingstrategie suksesvol deurgevoer sal word baie klein. Dit kan wees omdat daar botsende belange is wat met mekaar versoen moet word en omdat die onderskeie doelstellings en ekonomiese ontwikkeling interafhanklik is.[1)]

2.3.4 Aksieprogramme vir ekonomiese ontwikkeling

2.3.4.1 Inleiding

Indien die voorgaande riglyne vir 'n ekonomiese ontwikke=lingstrategie[2)] as uitgangspunt geneem word, kan vyf aksiepro=gramme vir ekonomiese ontwikkeling geïdentifiseer word, naam=lik basiese behoeftes, ekonomiese groei, inkomsteverdeling, indiensneming en internasionale betrekkinge. Die aksieprogram=me moet gelyktydig en gekoördineerd deurgevoer word.[3)] Die hoofkenmerke van elke aksieprogram word in tabel 2.1 hieronder opgesom en in die paragrawe wat hierop volg, bespreek. Daar sal opgemerk word dat die metodes om ekonomiese ontwikkeling te

---

1) Kyk paragraaf 2.3.3.4, p.41.
2) Kyk paragraaf 2.3.3, p.39.
3) Kyk paragraaf 2.3.3.6 hierbo.

Tabel 2.1 - Aksieprogramme vir ekonomiese ontwikkeling: doelstellings en metodes

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| 1. Bevrediging van basiese behoeftes | 1.1 Bevorder die vraag na ba= siese benodigdhede wat binne= lands voorsien word | 1.1.1 Invoerbeheer |
| | | 1.1.2 Uitvoerbevordering |
| | | 1.1.3 Ekonomiese groei |
| | | 1.1.4 Heroriëntering van voor= keure |
| | | 1.1.5 Owerheidsaankope |
| | 1.2 Bevorder die vermoë van die land, en veral van sy burgers op die platteland, om basiese benodigdhede te voorsien | 1.2.1 Investeringsaansporings in bedrywe wat basiese beno= digdhede voorsien |
| | | 1.2.2 Eiehulpskemas |
| | | 1.2.3 Opleiding en onderwys |
| | | 1.2.4 Indiensneming in bedrywe wat basiese benodigdhede voorsien |
| | | 1.2.5 Tegnologie-evaluasie |
| | | 1.2.6 Invoervervanging |
| | | 1.2.7 Plattelandse ontwikkeling |
| | | 1.2.8 Owerheidsvoorsiening |
| 2. Ekonomiese groei | 2.1 Bevorder die vinnige en volgehoue toename in die reële bruto binnelandse produk per kop | 2.1.1 Investeringsaansporings |
| | | 2.1.2 Indiensneming |
| | | 2.1.3 Tegnologiese navorsing en oordrag van toepaslike teg= nologie |
| | | 2.1.4 Produktiwiteitsverhoging |
| | | 2.1.5 Uitvoerbevordering |
| | | 2.1.6 Invoervervanging |
| | | 2.1.7 Nywerheidsontwikkeling |
| | | 2.1.8 Kleinindustrie-ontwikkeling |
| | | 2.1.9 Bekamping van inflasie |
| | | 2.1.10 Verlangsaming van bevol= kingstoename |

Tabel 2.1 - vervolg

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| | 2.2 Bevorder private inisiatief | 2.2.1 Koste-voordeelanalise van owerheidsprojekte |
| | | 2.2.2 Subkontraktering van ower=heidsprojekte |
| | | 2.2.3 Versterking van die vrye prysmeganisme |
| 3. Inkomsteverde=ling | 3.1 Bevorder die vermoë (rykdom) van die armes relatief tot die vermoë van die rykes sonder om doeltreffendheid in te boet | 3.1.1 Herverdeling van nuwe bates uit ekonomiese groei |
| | | 3.1.2 Herverdeling van bestaande bates |
| | | 3.1.3 Hervorming van grondbesit=stelsels |
| | | 3.1.4 Investering gemik op armes |
| | | 3.1.5 Indiensneming van armes |
| | | 3.1.6 Opleiding en onderwys |
| | 3.2 Bevorder die ontwikkeling van die produksiestruktuur van die land ooreenkomstig die po=tensiaal van die produksie- en bedryfstakke en spesifieke prio=riteite | 3.2.1 Ontwikkeling van primêre sektore |
| | | 3.2.2 Nywerheidsontwikkeling |
| | 3.3 Bevorder die ruimtelike verspreiding van inkomste oor=eenkomstig die potensiaal van die onderskeie streke en spesi=fieke prioriteite | 3.3.1 Ontwikkeling van die plat=teland |
| | | 3.3.2 Ontwikkeling van die klein=industrie |
| | 3.4 Bevorder die regmatige ver=deling van inkomste tussen die produksiefaktore | 3.4.1 Versterking van die vrye prysmeganisme |

Tabel 2.1 - vervolg

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| 4. Indiensneming | 4.1 Bevorder die vraag na arbeid ooreenkomstig die behoeftes van die land en relatiewe priori=teite | 4.1.1 Volgehoue ekonomiese groei<br>4.1.2 Tegnologie-evaluasie<br>4.1.3 Kleinindustrie-ontwikkeling<br>4.1.4 Invoervervanging<br>4.1.5 Uitvoerbevordering<br>4.1.6 Versterking van die vrye prysmeganisme |
| | 4.2 Bevorder die aanbod van arbeid ooreenkomstig die be=hoeftes van die land en rela=tiewe prioriteite | 4.2.1 Bevordering van beroeps-, bedryfstak- en streeksmo=biliteit van werkers |
| 5. Internasionale betrekkinge | 5.1 Bevorder uitvoer, inslui=tende die verwerking van grond=stowwe, in dié mate waarin kom=paratiewe voordele dit toelaat | 5.1.1 Subsidies, belastingtoege=wings en ander finansiële metodes<br>5.1.2 Internasionale goedere-ooreenkomste en ander nie-finansiële metodes<br>5.1.3 Ekonomiese groei<br>5.1.4 Investeringsaansporings in uitvoerbedrywe<br>5.1.5 Indiensneming in uitvoer=bedrywe |
| | 5.2 Bevorder selfonderhoudend=heid in dié mate waarin kompa=ratiewe voordele dit toelaat | 5.2.1 Invoervervanging<br>5.2.2 Doeaneregte en fisiese kwotas<br>5.2.3 Internasionale ooreenkom=ste<br>5.2.4 Ekonomiese groei |

Tabel 2.1 - vervolg

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| | 5.3 Bevorder en beheer inter= nasionale oordragte in dié mate waarin dit positief tot die eko= nomiese ontwikkeling van die land bydra | 5.3.1 Beperkings op winsrepatria= sie van buitelandse firmas |
| | | 5.3.2 Plaaslike verwerking van landbou- en mynbouprodukte |
| | | 5.3.3 Internasionale ooreenkom= ste |
| | | 5.3.4 Koste-voordeelondersoeke |
| | | 5.3.5 Tegnologie-evaluasie |
| | | 5.3.6 Beheer oor internasionale firmas |
| | 5.4 Bevorder kollektiewe aksie met ander lande met inagneming van die kostes en voordele vir die land | 5.4.1 Tolunies |
| | | 5.4.2 Vryhandelsgebiede |
| | | 5.4.3 Gemeenskapsmarkte |
| | | 5.4.4 Goedere-ooreenkomste |

bevorder vir meer as een aksieprogram gebruik kan word. Uit=voerbevordering kan byvoorbeeld vir die bevrediging van basiese behoeftes, ekonomiese groei, indiensneming en die bevordering van gesonde internasionale betrekkinge gebruik word. Soms kan ŉ metode ŉ aksieprogram wees, byvoorbeeld ekonomiese groei. Ekonomiese groei is op sigself ŉ aksieprogram, maar kan as meto=de gebruik word om byvoorbeeld basiese behoeftes te bevredig.

### 2.3.4.2 ŉ Aksieprogram om basiese behoeftes te bevredig[1)]

Daar is twee hoofprobleme in verband met die bevrediging van basiese behoeftes: die klein vraag na plaaslike basiese be=nodigdhede en die klein plaaslike voorsiening van hierdie beno=digdhede. Hierdie twee hoofprobleme gee aanleiding tot twee doelstellings:

(i) *Die vraag na basiese benodigdhede*: Om die vraag na basiese benodigdhede wat binnelands voorsien word, te bevorder, kan twee metodes uitgesonder word, naamlik owerheidsaankope en die bevorde=ring van gesonde internasionale betrekkinge (verteenwoordig deur invoerbeheer en uitvoer=beheer). Slegs owerheidsaankope word onder die aksieprogram vir basiese behoeftes bespreek omdat internasionale betrekkinge later onder sy eie aksieprogram bespreek word.

Die owerheid beskik deur middel van sy departe=mente en ander organisasies oor een van die grootste enkele bronne van koopkrag in minder-ontwikkelde lande. Hierdie koopkrag kan aan=

---

1) Kyk ook paragraaf 2.2.2.2, p.14.

gewend word om die vraag na binnelandse basiese benodigdhede, veral behuising en vervoer, te vergroot deur voorkeur aan plaaslike kontrakte en subkontrakte te verleen. 'n Voorbeeld hiervan is om voorkeur te verleen aan plaaslike boukon= trakteurs wat plaaslik vervaardigde bakstene en plaaslike messelaars en ander werkers gebruik.

Bogenoemde twee metodes om die vraag na binne= landse benodigdhede te stimuleer, naamlik ower= heidsaankope en gesonde internasionale betrek= kinge, kan deur twee ander metodes aangevul word: maniere om ekonomiese groei te stimuleer en ma= niere om die voorkeure van verbruikers te reoriën= teer ten gunste van basiese benodigdhede wat plaas= lik voorsien word. Ekonomiese groei impliseer 'n groter koopkrag as voorheen wat vir die koop van basiese benodigdhede gebruik kan word. Voorkeure kan deur doeltreffende reklameveldtogte beïnvloed word.

(ii) *Vermoë om basiese benodigdhede te voorsien*: Om die ver= moë van die betrokke land (en veral van sy burgers op die platteland) te bevorder om basiese benodigd= hede te voorsien, kan investeringaansporings, eie= hulpskemas, opleiding en onderwys, indiensneming, tegnologie-evaluasie, invoervervanging, platte= landse ontwikkeling en owerheidsvoorsiening oor= weeg word. Indiensneming word onder sy eie aksie= program bespreek.[1] Invoervervanging kom in die

---

1) Kyk paragraaf 2.3.4.5, p.56.

aksieprogram vir die handhawing van gesonde internasio=nale betrekkinge ter sprake.[1] Die ander metodes word vervolgens kortliks toegelig.

Investeringsaansporings soos belastingtoegewings, subsi=dies en waarborge aan buitelandse beleggers is 'n belangrike metode om basiese behoeftes te bevredig indien dit investe=ring in die voedselbedryfstak aanmoedig. Die rede hier=voor is dat ander metodes (veral owerheidsvoorsiening) ge=woonlik toegepas word om die aanbod van die ander basiese benodigdhede te bevorder.

Eiehulpskemas, dit wil sê skemas waarin die bevolking aan=gemoedig word om self die leiding te neem om hul basiese benodigdhede te voorsien, kan beklemtoon word. Eiehulp bevorder die vryheid van die individu om oor sy eie lotge=valle te besluit en impliseer die aktiewe deelname van die betrokkenes aan die skemas. Al twee is basiese behoeftes.

Opleiding en onderwys bevredig die basiese behoefte aan geletterdheid direk, maar die kennis, begrip en vaardighede wat deur middel van opleiding en onderwys verkry word, stel die bevolking in staat om hulle behoeftes beter as voorheen te bevredig.

Tegnologie-evaluasie beteken die beoordeling van tegnologie om vas te stel of dit toepaslik vir die land is, al dan nie. Die maatstawe wat vir die beoordeling gebruik word, is die sosio-ekonomiese doelstellings van die land, ar=beidsintensiteit van die tegnologie en nadelige gevolge (Singer, 1977, p.4). Byvoorbeeld, indien die tegnologie nie toepaslik is nie, kan die aktiewe deelname van die bevolking aan die produktiewe bedrywighede van 'n land (wat

---

1) Kyk paragraaf 2.3.4.6, p.58.

ŉ basiese behoefte is) nadelig beïnvloed word, omdat ŉ oormatige kapitaal-intensiewe tegnologie groter werk= loosheid kan meebring.

Plattelandse ontwikkeling is belangrik vir basiese be= hoeftebevrediging, omdat die meeste mense wat ŉ relatie= we groot behoefte aan basiese benodigdhede het op die platteland woon.

Die owerheid lewer ŉ belangrike direkte bydrae tot die voorsiening van basiese benodigdhede, omdat die prysme= ganisme om een of meer van die redes reeds genoem[1)] ge= woonlik faal om benodigdhede soos drinkwater, openbare vervoer, openbare gesondheid, onderwys en kulturele fa= siliteite optimaal aan verbruikers toe te wys.

2.3.4.3 <u>ŉ Aksieprogram om volgehoue ekonomiese groei te bevorder</u>[2)]

Twee hoofprobleme van ekonomiese groei kan uitgesonder word, naamlik om ŉ toename in die bruto binnelandse produk teweeg te bring sonder om koopkrag in die proses in te boet, en die relatie= we groot betrokkenheid van die owerheid om die ekonomie te regu= leer en te stimuleer. Dit gee aanleiding tot twee doelstellings: om ŉ vinnige en volgehoue toename in die reële bruto binnelandse produk per kop en private inisiatief te bevorder (Lombard, 1978). Die metodes om die twee doelstellings na te streef, word vervol= gens afsonderlik bespreek.

(i) *Toename in die reële bruto binnelandse produk per kop:* Daar kan vyf hoofmetodes gebruik word om hierdie doelstelling na te streef. Hulle hou onderskei=

---

1) Kyk paragraaf 2.3.3.2, p.39.
2) Kyk ook paragraaf 2.2.2.3, p.18.

delik met produksiefaktore, internasionale be= trekkinge, nywerheids- en kleinindustrie-ontwik= keling, inflasie en bevolkingstoename verband. Internasionale betrekkinge (in hierdie aksieprogram verteenwoordig deur uitvoerbevordering en invoer= vervanging) word hieronder bespreek.[1] Die ander hoofmetodes word vervolgens kortliks toegelig.

Die eerste hoofmetode hou verband met die produksie= faktore. Daar word gepoog om ekonomiese groei aan te moedig deur die hoeveelheid en produktiwiteit van die produksiefaktore kapitaal, arbeid en tegnologie te vermeerder. Dit beteken dat investering, indiensne= ming, tegnologiese navorsing, die oordrag van tegno= logie en produktiwiteitsverhoging aangemoedig word. Hierdie hoofmetode is die spil waarom die bevordering van ekonomiese groei draai.

Nywerheidsontwikkeling, insluitende kleinindustrie-ontwikkeling, kan uiters belangrik wees om die bruto binnelandse produk te verhoog. Dit geld veral die geval wanneer 'n land 'n goeie nywerheidspotensiaal besit. Die produksiefaktore sal in sulke gevalle relatief produktief wees in hulle bydrae om inkomste te skep.[2]

Om die reële, in teenstelling met die nominale, bruto binnelandse produk te laat toeneem, is die metodes wat hierbo genoem is nie noodwendig vol= doende nie: inflasie moet ook bekamp word. Dit beteken dat monetêre en fiskale beleidsmetodes ge=

---

1) Kyk paragraaf 2.3.4.6, p.58.

2) Kyk hoofstukke 4 en 5, pp.102 en 155.

bruik word om die totale vraag in die ekonomie so na moontlik aan die totale aanbod te hou.

Om die reële bruto binnelandse produk per kop te laat toeneem, moet die bevolkingsaanwas van baie van die minder-ontwikkelde lande verlangsaam word. Dit kan gedoen word deur onder andere gesinsbeplan= ningskemas te bevorder. Die alternatief is dat die reële bruto binnelandse produk vinniger as die be= volking moet toeneem.

(ii) *Die bevordering van private inisiatief*: Dit kan nage= streef word deur die voor- en nadele (koste) van alle groot owerheidsprojekte deeglik te beoordeel en veral op die indirekte nadele vir die private sektor te let. Selfs al moet 'n projek deur die owerheid onderneem word, kan die moontlikheid van subkontraktering van bepaalde take aan die private sektor oorweeg word. Deur self nie as 'n monopolis op te tree nie, monopolieë in die private sektor te bekamp en ander belemmerings van 'n vrye prysme= ganisme te verwyder. sal die owerheid private ini= siatief bevorder. Dit word op sy beurt as bevorder= lik vir ekonomiese groei beskou.

#### 2.3.4.4 'n Aksieprogram om inkomste regverdig te verdeel

Die hoofprobleme in verband met die verdeling van inkomste is reeds genoem.[1)] Hulle verwys na die verdeling van inkomste tussen individue, produksietakke, geografiese gebiede en produk= siefaktore. Dit gee aanleiding tot die volgende vier doelstel=

---

1) Kyk paragraaf 2.2.2.4, p.24.

lings :

(i) *Die vermoë van armes*: Die bevordering van die vermoë van die armes relatief tot dié van die rykes sonder om doeltreffendheid in te boet. Dit kan gedeeltelik geskied deur die bestaande bates van die rykes te belas en die armes te subsidieer, maar die klem sal op die herverdeling van nuwe bates uit ekonomiese groei val (Todaro, 1977, p.384). Een van die bates wat uitgesonder kan word, is grond. Grond is een van die belangrikste bates in 'n minder-ontwikkelde land (indien nie feitlik die enigste nie) en word gewoonlik uiters ongelyk besit. Dit beteken dat die hervorming van die grondbesitstelsels belangrik is: die besit- of gebruikreg op grond moet verander word ten gunste van die werkers wat min of geen grond be=sit nie (Todaro, 1977, p.248). Van meer belang is die produktiewe en aktiewer betrekking van die armes as voorheen by ekonomiese aktiwiteite deur oordeel=kundiger investering, indiensneming, onderwys en opleiding (Kindleberger & Herrick, 1977, p.353).

(ii) *Die produksiestruktuur*: Die ontwikkeling van die pro=duksiestruktuur van die land volgens die potensiaal van die produksie- en bedryfstakke en spesifieke prioriteite. Aangesien hierdie doelstelling later uitvoerig bespreek word,[1] word dit nie in hierdie hoofstuk verder bespreek nie.

(iii) *Ruimtelike verspreiding*: Die ruimtelike verspreiding van inkomste volgens die potensiaal van die onder=skeie streke en spesifieke prioriteite. Hierdie

---

1) Kyk hoofstukke 4 en 5, pp.102 en 155.

doelstelling kan hoofsaaklik deur plattelandse ont=wikkeling en kleinindustrie-ontwikkeling bevorder word. Plattelandse ontwikkeling beteken dat al die aksieprogramme wat in tabel 2.1 hierbo genoem is op die platteland deurgevoer word (Todaro, 1977, p.282). Die ontwikkeling van die kleinindustrie word in hoof=stuk 5 bespreek.[1]

(iv) *Inkomsteverdeling tussen produksiefaktore*: Daar is dikwels belemmerings op die mark vir produksiefaktore wat verhoed dat die relatiewe pryse van die produksie=faktore in ooreenstemming is met dié wat op 'n vrye mark tot stand sou gekom het. Voorbeelde hiervan is verkeerde ekonomiese beleid wat kapitaalintensi=teit in 'n land met oorvloedige arbeid aanmoedig, verkeerde tegnologie wat in gebruik geneem word en onbeweeglikheid van die produksiefaktore. Die ver=wydering van hierdie belemmerings sal die vrye prys=meganisme versterk, wat op sy beurt inkomste meer regverdig tussen die produksiefaktore kan verdeel.

#### 2.3.4.5 'n Aksieprogram vir indiensneming[2]

Die probleme in verband met indiensneming kan in vraagpro=bleme en aanbodprobleme ingedeel word. Soos tabel 2.1 hierbo aandui, is die twee gepaardgaande doelstellings van die aksie=program vir indiensneming om die vraag na en aanbod van arbeid in ooreenstemming met die behoeftes van die land en relatiewe prioriteite te bevorder.

(i) *Bevordering van die vraag na arbeid*: Ekonomiese groei, tegnologie-evaluasie, kleinindustrie-ontwikkeling,

---

1) Kyk p.155.

2) Kyk ook paragraaf 2.2.2.5, p.27.

internasionale betrekkinge (invoervervanging en uit=voerbevordering) en die vrye markmeganisme kan vir hierdie doelstelling gebruik word.

Ekonomiese groei moet volgehou word om die vraag na arbeid te bevorder. Die groter inkomste in die hande van byvoorbeeld die vervaardigers en die verwagting van 'n nog groter inkomste is 'n aansporing om produk=siekapasiteite uit te brei. Dit kan onder andere gedoen word deur meer werkers in diens te neem.

Tegnologie-evaluasie is 'n belangrike metode om te verseker dat oormatige kapitaalintensiewe tegnieke nie die werkgeleenthede verminder nie.

Die kleinindustrie is 'n belangrike werkgewer. Deur die kleinindustrie te bevorder, sal die aantal werk=geleenthede na verwagting daadwerklik toeneem.[1]

Internasionale betrekkinge word hieronder bespreek,[2] maar 'n paar opmerkings kan hier van pas wees. In=voervervanging impliseer dat indiensneming in die invoermededingende bedryf van die betrokke invoer=land bevorder word. Daarsonder sou die invoer eerder indiensneming in die uitvoerland ondersteun het. Uitvoerbevordering bevorder indiensneming in die uitvoersektor - mits die bevorderingsveldtog sukses=vol is.

Die vrye werking van die prysmeganisme op die ar=

---

1) Kyk hoofstuk 5, p.155.
2) Kyk paragraaf 2.3.4.6., p.58.

beidsmark word as bevorderlik vir die vraag na arbeid beskou. As daar belemmerings op die arbeids=mark is wat veroorsaak dat lone te hoog is, kan on=dernemers besluit om die aantal poste te verminder en die werk deur masjiene te laat doen. Deur die belemmerings te verwyder, word die ondernemers aange=moedig om meer werkers in diens te neem.

(ii) *Bevordering van die aanbod van arbeid:* Die vrye prysme=ganisme is vir hierdie doelstelling net so belang=rik. Deur belemmerings soos onkunde, gebrek aan vaardighede, sosiale en fisiese infrastruktuur[1] te verwyder, sal die beroeps-, bedryfstak- en streeks=mobiliteit van arbeid verhoog word. Dit is bevor=derlik vir die vrye werking van die prysmeganisme en vir die aanbod van arbeid.

2.3.4.6 ʼn Aksieprogram vir die bevordering van gesonde internasionale betrekkinge

Vier doelstellings kan op grond van die probleme op die terrein van internasionale handel geformuleer word.[2] Die meto=des wat gebruik kan word om die doelstellings na te streef, stem baie ooreen met die metodes wat reeds onder vorige aksieprogram=me bespreek is. Ofskoon daar gepoog word om herhalings te ver=my, moet die vorige bespreking nogtans in gedagte gehou word.

(i) *Bevordering van uitvoer:* Uitvoer moet bevorder word in dié mate waarin komparatiewe

---

1) Sosiale infrastruktuur is fasiliteite soos bioskope, teaters, sportgronde, hospitale, skole en universiteite. Fisiese in=frastruktuur is fasiliteite soos paaie, spoorlyne, elektrisi=teit en water.

2) Kyk paragraaf 2.2.2.6, p.30.

voordele[1] dit toelaat. Vir hierdie doelstelling kan die pryse van uitvoerprodukte gesubsidieer word om dit mededingender op buitelandse markte te maak. Belastingtoegewings kan in die plek van, of aanvullend tot, subsidies oorweeg word. Interna= sionale goedere-ooreenkomste kan aangegaan word om die afset van uitvoerprodukte teen 'n bepaalde prys te waarborg. Ekonomiese groei en die kanalisering van investering en indiensneming na uitvoerbedrywe is bykomende metodes om uitvoer te bevorder.

(ii) *Bevordering van selfonderhoudendheid:* In dié mate waarin komparatiewe voordele dit toelaat, kan in= voervervanging nagestreef word. Party van die invoerprodukte kan oor tyd met plaaslike produkte vervang word deur die totstandkoming, voortsetting en uitbreiding van toepaslike binnelandse bedrywe aan te moedig. Hierdie jong bedrywe is gewoonlik nog te swak om teen die sterk buitelandse bedrywe mee te ding, sodat hulle met behulp van doeaneregte en fisiese kwotas beskerm kan word. Internasionale ooreenkomste en ekonomiese groei is bykomende metodes om selfonderhoudendheid te bevorder.

(iii) *Bevordering en beheer van internasionale oordragte:* Indien die repatriasie van winste na die hoofkantoor van internasionale maatskappye wat direk in die land belê het as buitensporig beskou word, kan 'n beper= king geplaas word op die bedrag wat op hierdie

---

1) 'n Land het 'n komparatiewe voordeel bo 'n ander land as hy 'n goed teen 'n relatief laer alternatiewe koste (die reële waarde van produksiemiddele as dit vir die beste alterna= tiewe doeleindes aangewend word) kan vervaardig (Todaro, 1977, p.413).

wyse oorgedra word. Nog 'n metode is om die plaas=like verwerking van landbou- en mynbouprodukte vir uitvoer te bevorder. Internasionale ooreenkomste om onder andere genoemde metodes te bevorder, sal dikwels nodig wees. Koste-voordeelondersoeke kan onderneem word om die voor- en nadele van direkte beleggings te evalueer. Die geskiktheid van die tegnologie wat internasionale firmas invoer, kan geëvalueer word en hul aktiwiteite kan beheer word (byvoorbeeld hulle aankope en uitvoerprodukte).

(iv) *Kollektiewe aksie*: Om kollektiewe aksie saam met ander lande, met inagneming van die kostes en voor=dele vir die land, te bevorder, kan die volgende metodes gebruik word: tolunies, vryhandelsgebiede, gemeenskapsmarkte en goedere-ooreenkomste.

Met tolunies word daar tussen die betrokke lande ooreengekom om geen doeaneregte op mekaar se produkte te hef nie, maar om 'n gemeenskaplike doeanereg ten opsigte van ander lande aan te neem. In die geval van vryhandelsgebiede kom die betrokke lande ook oor=een om geen doeaneregte op mekaar se produkte te hef nie, maar behou hulle hul individuele doeaneregte ten opsigte van ander lande. In die geval van ge=meenskapsmarkte is daar, behalwe vir 'n gemeenskap=like doeanereg ten opsigte van ander lande en vry=handel tussen die betrokke lande wat die ooreenkoms geteken het, geen beperkings op die vrye beweging van arbeid en kapitaal tussen die betrokke lande nie. In al drie hierdie soorte ooreenkomste word gepoog om die markte vir die betrokke lande te ver=groot en om hul onderskeie nywerhede gekoördineerd

te ontwikkel (Todaro, 1977, pp.332-333). In die vierde soort ooreenkoms, naamlik goedere-ooreen= komste, kom 'n groep produsente van verskeie lande ooreen om produksie te beperk en markte toe te wys sodat 'n hoër prys as die vryhandelsprys beding kan word. 'n Voorbeeld hiervan is die Organization of Petroleum Exporting Countries (OPEC).

### 2.3.5 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking volg dit dat minstens veer= tien algemene doelstellings geformuleer kan word op grond van die probleme wat minder-ontwikkelde lande ondervind. Die doel= stellings hou onderskeidelik met die bevrediging van basiese behoeftes, ekonomiese groei, inkomsteverdeling, indiensneming en internasionale betrekkinge verband. Verskeie voorbeelde van metodes om die doelstellings na te streef, is bespreek. Dit blyk dat die owerheid 'n belangrike rol in die toepassing van die metodes kan speel en dat hy die belangrikheid van basiese behoef= tes, die interafhanklikheid van die metodes, individuele verskil= le en die noodsaaklikheid van gekoördineerde optrede voor oë moet hou.

Alhoewel die metodes vir die bevordering van die ekonomiese ontwikkelingsdoelstellings interafhanklik is, kan hulle in 'n mate as alternatiewe beskou word. Die voor- en nadele van elke al= ternatief word nie bespreek nie, maar hulle sal wel in die praktyk deeglik voor oë gehou moet word.[1)]

---

1) Kyk onder andere Organisation for Economic Co-operation and Development, 1978 en Todaro, 1977, hoofstuk 24.

ŉ Ekonomiese ontwikkelingstrategie sal met verloop van tyd na aanleiding van vordering en nuwe omstandighede aangepas moet word. Dit beteken dat daar maatstawe gestel moet word waaraan prestasie beoordeel kan word. Die onderskeie doelstellings ver= vul hierdie funksie, maar in die praktyk sal hulle nog onderver= deel en kwantitatief gestel word.

## 2.4 SAMEVATTENDE OPMERKINGS OOR EKONOMIESE ONTWIKKELING

Ekonomiese ontwikkeling kan beskou word as die ekonomiese proses waarvolgens ekonomiese strukture en instellings oor die lang termyn sodanig verander dat basiese behoeftes beter bevre= dig word, die reële bruto binnelandse produk per kop vinniger as tevore maar volgehoue toeneem, inkomste regverdiger verdeel word, meer en produktiewe werkgeleenthede geskep word en geson= der internasionale betrekkinge gehandhaaf word.

Ekonomiese ontwikkeling kan ook uit ŉ ander hoek beskou word. Dit is niks anders nie as ekonomiese groei[1] wat aan be= paalde voorwaardes voldoen. Hierdie voorwaardes is van groot belang, want dit is hulle wat ekonomiese groei van ekonomiese ontwikkeling onderskei en van elk ŉ spesialisasieterrein van die ekonomiese wetenskap maak. Dit is ook sommige van hierdie voorwaardes wat die hoofprobleme van ŉ minder-ontwikkelde land opsom, tot algemene doelstellings van ekonomiese ontwikkeling aanleiding gee en as die hoofmaatstawe vir die evaluering van die suksesse en mislukkings van ekonomiese ontwikkelingsmetodes dien. Hierdie voorwaardes is dat ekonomiese strukture en in= stellings op lang termyn voordelig verander, inflasie nie die

---

1) Eng beskou as die toename in die bruto binnelandse produk.

voordele van ekonomiese groei vernietig nie, die bevolkingsaan=was nie vinniger is as ekonomiese groei nie, tegnologiese voor=uitgang plaasvind, die lewenskwaliteit van die bevolking verhoog, die inkomsteverdeling tussen individue, bedryfstakke, geografiese streke en produksiefaktore verbeter, meer en betekenisvoller werkgeleenthede beskikbaar kom en internasionale betrekkinge nie verswak nie.

Die oorsake en teoretiese grondslae van die voorwaardes is nie ontleed nie, maar daar is aangetoon hoe ŉ algemene ekonomie=se ontwikkelingstrategie daar kan uitsien. So ŉ strategie is noodsaaklik omdat die prysmeganisme nie daarin kan slaag om die skaars produksiefaktore optimaal aan die alternatiewe ekonomiese ontwikkelingsprogramme toe te wys nie. Die owerheid moet die werking van die prysmeganisme aanvul deur die vrye werking daar=van waar nodig te bevorder en te verstel om die doelstellings van ekonomiese ontwikkeling te bereik.

Die metodes wat in die ekonomiese ontwikkelingstrategie gebruik kan word, kan in vier hoofgroepe ingedeel word: fiskale, monetêre, wetlike en algemene metodes (Todaro, 1977, p.376). Hulle kan nie onbeperk toegepas word nie. Afgesien van die voor- en nadele van die metodes wat in ag geneem moet word, sal hulle toepassing daarvan afhang of die betrokke ekonomiese stelsel ontwikkeld genoeg is om na wense te reageer.

Ekonomiese ontwikkeling is nie voldoende om ŉ land te laat ontwikkel nie: die politieke, sosiale en fisiese aspekte van die menslike samelewing moet ook in ag geneem word. Ekonomiese faktore is op sigself ook nie voldoende om ekonomiese ontwikke=ling te bewerkstellig nie. Waardestelsels, tradisie, kultuur, houdinge en gesagstrukture moet byvoorbeeld ook in ag geneem word.

Ekonomiese ontwikkeling en 'n ekonomiese ontwikkelingstra=tegie sal nie vir elke land dieselfde wees nie. As die probleme van onderontwikkeldheid nie verskil nie, sal die intensiteit daarvan van land tot land verskil. Elke stelsel sal hom ook tot die gebruik van ander soorte metodes leen om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. In die hoofstuk wat volg, word die ekonomiese ontwikkeling van Bophuthatswana bespreek.

# HOOFSTUK 3

# EKONOMIESE ONTWIKKELING IN BOPHUTHATSWANA

## 3.1 INLEIDING

Aangesien die ondersoek op die Republiek van Bophuthatswana toegespits is, word die kenmerke van ekonomiese ontwikkeling wat in die vorige hoofstuk bespreek is in hierdie hoofstuk op Bophu= thatswana toegepas ten einde sy ekonomiese ontwikkelingstand te beskryf. Terselfdertyd word 'n aantal nie-ekonomiese aspekte van Bophuthatswana ter wille van perspektief opgesom. Daar word op die land se geskiedkundige ontwikkeling gelet, asook op sy fi= siese eienskappe, sy sosio-kulturele struktuur, die bevrediging van basiese behoeftes, ekonomiese groei en sy ekonomiese struk= tuur. Indiensneming[1] word nie bespreek nie omdat die beskik= bare inligting oor werkloosheid in Bophuthatswana nie geskik was nie.

Die strategie vir ekonomiese ontwikkeling soos in hoofstuk 2 bespreek, word in hierdie hoofstuk gebruik om die strategie vir ekonomiese ontwikkeling in Bophuthatswana toe te lig. Dit kom nå die beskrywing van die ekonomiese ontwikkelingstand van Bophuthatswana aan die beurt.

---

1) Kyk egter paragraaf 2.2.2.5, p.27, en paragraaf 4.3.4, p.127.

## 3.2 GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING[1)]

Die geskiedkundige oorsprong van die Batswana is onseker, maar daar word aanvaar dat hulle in die veertiende eeu oor die Limpoporivier suidwaarts gemigreer het.

Die etniese struktuur van die Batswana was tot in die mid= del van die agtiende eeu hoogs gefragmenteer. Die stamme het ver van mekaar af gewoon, sodat die Batswana oor groot gedeeltes van die suidelike en westelike gedeeltes van Transvaal, die oos= telike gedeeltes van Botswana en die noordelike gedeeltes van die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat aangetref is.

As gevolg van hulle verspreide vestigingspatroon was die Batswana besonder kwesbaar vir vyandelike aanvalle. Sodanige aanvalle was veral gedurende die vyftien jaarlange *Difaqane* aan die begin van die negentiende eeu aan die orde van die dag. Gedurende hierdie tydperk het Shaka, die Zoeloe-tiran, groot terreur onder sy bure gesaai en het Mzilikazi van die Matabele sy militêre veldtogte gevoer. As gevolg van die vyandelike aanvalle het die struktuur van die Tswana-gemeenskap verbrokkel. Baie het hul tuistes verlaat.

Namate die Voortrekkers hulle in Transvaal en omstreke ge= vestig en strafekspedisies teen die militante stamme van stapel gestuur het, het die Batswana weer na hulle tuistes teruggekeer. Die uitsondering was dié wat onafhanklik wou bly. Hulle het al hoe meer weswaarts gemigreer. Die vestigingspatroon van die Batswana was nog steeds divers. Hulle het tot in 1916 ongeveer

---

1) Kyk onder andere Bureau for Economic Research: Co-operation and Development, 1977 en Republic of Bophuthatswana, 1977.

50 afsonderlike geografiese gebiedseenhede beset. Die gebieds= eenhede het tesame ongeveer 1,3 miljoen hektaar beslaan.

In 1916 het die Beaumont-kommissie van Milner (Natives Land Commission) ooreenkomstig die beginsel van die afsonder= like ontwikkeling van volke onder andere aanbeveel dat die Tswanagebiede met 1,8 miljoen hektaar vergroot en die aantal geografiese gebiedseenhede na 39 verminder word. Die aanbeve= lings van die kommissie het die Ontwikkelingstrust en Grond Wet (Wet No. 18 van 1936) tot gevolg gehad. Hierdie wet het in groot mate die grense van die huidige Bophuthatswana bepaal.

Met die bewindsverandering in die Republiek van Suid-Afrika in 1948 het die beleid van die afsonderlike ontwikkeling van volke daadwerklik ontplooi. Onafhanklike Swart state was die uiteindelike resultaat.

Die Wet op Swart Owerhede (Wet No. 68 van 1951) het die ou Swart Verteenwoordigende Raad[1] afgeskaf en met 'n hiërargiese stelsel van verkose owerhede vervang. Die bestaande stamme en stamowerhede van onder andere die Batswana is erken, gemeenskaps= owerhede is ten opsigte van 'n Swart gemeenskap of een of meer Swart stamme en een of meer Swart gemeenskappe gesamentlik inge= stel, streeksowerhede is ten opsigte van twee of meer Swart stamowerheidsgebiede ingestel en Swart gebiedsowerhede is ten opsigte van twee of meer streekowerheidsgebiede ingestel. Die Tswana-gebiedsowerheid is in April 1961 in die destydse genoemde Tswanaland ingestel.

---

1) Hierdie raad is met die aanvaarding van die Swart Verteen= woordigingswet (Wet No. 12 van 1936) ingestel om die rege= ring van Suid-Afrika te adviseer.

Met die inwerkingtreding van die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur (Wet No. 46 van 1959) is die Swart bestuur=stelsel tot agt gebiedsowerhede (tuislandregerings) uitgebou. Meer grond is vir die Batswana aangekoop en teen 1967 is die aantal geografiese gebiedseenhede van die Batswana na 18 ver=minder.

In 1968 het die Tswana-gebiedsowerheid groter beheer oor sy eie departemente verkry en kon hy vir dié doel sy eie uit=voerende raad verkies. In 1972 is die Tswana-gebiedsowerheid deur 'n wetgewende vergadering vervang. Bophuthatswana het toe die status van 'n selfregerende gebied verkry.

Op 6 Desember 1977 word 'n nasionale vergadering ingestel en kom die onafhanklike Republiek van Bophuthatswana in wor=ding, met hoofman Mangope as sy eerste president.

## 3.3 FISIESE EIENSKAPPE

### 3.3.1 Inleiding

Met die fisiese eienskappe van Bophuthatswana word sy grootte en ligging, klimaat, topografie, natuurlike plante=groei, grond en water bedoel. Dit word vervolgens kortliks bespreek.[1]

---

1) Kyk onder andere Bureau for Economic Research: Co-operation and Development, 1977 en Republic of Bophuthatswana, 1977.

### 3.3.2 Grootte en ligging

Die Republiek van Bophuthatswana is ongeveer 40 455 km² groot, maar 3 600 km² van die grondgebied van die Republiek van Suid-Afrika moet nog volgens ooreenkoms hierby gevoeg word. Sy politieke grense is ongeveer 3 300 km lank.

Bophuthatswana bestaan tans uit sewe aparte geografiese eenhede, geleë tussen die breedtegrade 24 en 30 suid en lengte= grade 22 en 29 oos in die binneland van Suidelike Afrika. 'n Sinvoller konsolidasie van Bophuthatswana geniet nog aandag. 'n Sentrale konsolidasiekomitee adviseer die Republiek van Suid-Afrika in hierdie verband.

Daar is 13 landdrosdistrikte, 15 geproklameerde dorpe en twee groot informele stedelike vestigingsplekke in Winterveld-Klippan en Hoekfontein. Die hoofstad is Mmabatho naby Mont= shiwa en Mafikeng (voorheen Mafeking).

### 3.3.3 Klimaat

Bophuthatswana ondervind warm tot baie warm somers (gemid= deld 22,5°C tot 25°C), en koel winters (gemiddeld 10°C tot 12,5°C). Die temperatuur styg geleidelik van die ooste na die weste en noorde. Ryp in die winter is algemeen.

Die hele land val in die somerreënvalstreek van suidelike Afrika. Die reënval is onbetroubaar en wissel jaarliks van 300 mm tot 700 mm. Droogtes is algemeen, veral in die weste= like gedeeltes.

### 3.3.4 Topografie

Die grootste gedeelte van Bophuthatswana is plat en effens golwend. Die hoogte bo seespieël wissel tussen 925 meter en 1 375 meter. Individuele plato's soos Pilanesberg en Ghaap is tot 1 675 meter bo seespieël.

### 3.3.5 Natuurlike plantegroei

Die natuurlike plantegroei wissel van doringveld tot bos= veld, soet grasveld en suur grasveld. Die algemeenste grasse is rooi-, bitter-, dek-, steek-, els-, pyl-, haas-, boegoe-, bosbuffel- en bloubuffelsgras. Bome en struike wat voorkom, is boekenhout, maroelas, witstinkhout, wildevy, soetdoring, karee, olienhout, sekelbos, kaffer-wag-'n-bietjie, lekkerruikpeul, gwarriebos en ander. Die natuurlike plantegroei is veral vir beesboerdery geskik.

### 3.3.6 Grond[1)]

Die grondsoorte wat aangetref word, is rooi en geel sand, sandkleileem, sandleem, swart turf, rooi leem en donker klei. In die Moretele-distrik is die grond veral vir akkerbou geskik, en in die Tlhaping-Tlharo-distrik veral vir besproeiing. Ori= gens is die grond hoofsaaklik vir veeteelt geskik.

---

1) Die geologie van Bophuthatswana word in hoofstuk 4 uit= voeriger bespreek. Kyk p.118.

### 3.3.7 Water

Die belangrikste riviere wat Bophuthatswana bedien, is die Harts-, Kuruman-, Molopo-, Notwani-, Groot Marico-, Elands-, Sand-, Pienaars-, en Krokodilrivier. Hiervan kan slegs twee, die Pienaars- en Krokodilrivier, as standhoudend beskou word.

Daar is ses groot damme in Bophuthatswana, naamlik die Klipvoor-, Groothoek-, Houwater-, Nooitgedacht-, Disaneng- en Ngotwane-damme. Hierbenewens is daar ongeveer 674 gronddamme. Ondergrondse water is die belangrikste waterbron met ongeveer 4 600 suksesvolle boorgate teen einde 1979.

## 3.4 DIE SOSIO-KULTURELE STRUKTUUR

### 3.4.1 Inleiding

In die voorafgaande twee paragrawe is die geskiedkundige ontwikkeling en fisiese struktuur van Bophuthatswana bespreek. Die tradisionele sosio-kulturele struktuur van die Batswana word vervolgens bespreek. Hierdie sosio-kulturele struktuur het met verloop van tyd verander en as gevolg van die voort=durende kontak met die Blanke heelwat verwesters (Bureau for Economic Research: Co-operation and Development, 1977, p.20). Die mate van verandering verg 'n afsonderlike ondersoek.

Daar word vervolgens op die rol van die individu, familie en stam in die Tswana-gemeenskap en die hedendaagse vestigings=patroon van die Batswana gelet.

### 3.4.2 Die individu

Die rol van die individu in die gemeenskap is tradisioneel deur sy gesinsverwantskap en die aantal beeste wat hy besit, bepaal en nie soseer deur sy bekwaamheid nie. Die individu was bowendien tradisioneel bygelowig. Hierdie gesindhede van en teenoor die individu is nie bevorderlik vir ekonomiese ont= wikkeling in die moderne wêreld nie.

### 3.4.3 Die familie

Die familie is die basiese sosiale eenheid by die Batswana. Dit is 'n veel uitgebreider eenheid as by die Blanke. 'n Persoon is altyd die senior of junior van 'n ander: dit hang af van sy verbondenheid met die mees senior persoon van sy geslag (*lesika*). Die feit dat die suksesvolste lede van 'n *lesika* vir die minder suksesvolle lede moet sorg, kan individuele inisiatief demp.

### 3.4.4 Die stam

'n Aantal geslagte *(masika)* kan gesamentlik in 'n wyk *(kgotla)* onder 'n erflike hoofman *(kgosana)* groepeer. Die *kgosana* ver= teenwoordig die *kgotla* op die stamraad *(lekgotla la dikgosana)*. Die stamraad bestaan uit 'n stamhoof *(kgosi)*, die hoofmanne van die wyke en 'n paar familielede van die stamhoof. Die raad het wetgewende, uitvoerende en geregtelike bevoegdhede. Die stam funksioneer as 'n outonome eenheid en ontstaan as gevolg van 'n sterk gemeenskaplike onderhorigheidsgevoel onder 'n gedeelte van die bevolking teenoor die stamhoof. Die stamhoof ken gebruiks= regte op die gemeenskaplike grond (stamgrond) aan die stamlede toe volgens die sosio-politieke rangorde van die lede. Vreemde= linge kan volgens die *lotsha*-stelsel in 'n stam opgeneem word deur 'n fooi te betaal.

Die stam was tot onlangs nog die dominante etniese en kul= turele eenheid onder die Batswana. Die geskiedenis van die Batswana is eerder die geskiedenis van die stamme. Vandag val die klem al hoe meer op nasieskap.

### 3.4.5 Vestigingspatroon

Die Batswana neig vandag om in groot dorpe te vestig: on= geveer 70 persent van die bevolking woon in stedelike en semi-stedelike gebiede (Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank: Bophuthatswana).

## 3.5 DIE BEVREDIGING VAN BASIESE BEHOEFTES[1)]

### 3.5.1 Inleiding

Die bestaande inligting oor basiese behoeftebevrediging in Bophuthatswana is te gebrekkig om tot definitiewe gevolgtrek= kings te kom. Daarom word die voedseltoestand, behuising, ge= sondheid, vervoer en onderwys net kortliks en tentatief beskou.

### 3.5.2 Voedsel

Ten einde die verbruik van voedsel in Bophuthatswana te evalueer, is inligting nodig oor die voedingswaarde van die voedsel vir die gemiddelde gesin in Bophuthatswana. Hierdie inligting was nie beskikbaar nie en word, soos deur die

---

1) Vir 'n omskrywing van basiese behoeftes, kyk paragraaf 2.2.2.2, p.14.

International Labour Office (1979a, pp.30-33) van indirekte inligting, naamlik die inkomste van gesinne wat aan voedsel bestee word, gebruik gemaak. Die gegewens vir die land in die geheel, groot stedelike gebiede (Ga-Rankuwa, Mabopane-wes, Thlabane en Temba), klein stedelike gebiede (Madikwe, Lehurut=she, Monakato, Pampierstad, Mothibistat, Molehabangwe, Itsoseng, Montshiwa, en Mothutlhung), plakkersgebiede (Winterveld, Klip=gat en Samboklokasie) en plattelandse gebiede (die oorblywende dorpe en nedersettings), word in tabel 3.1 uiteengesit.

Die jaarlikse basiese behoefte-inkomste per huishouding vir die land in die geheel was R2 200 in 1977. Dit is R183 per maand in vergelyking met die R213 en R201 wat onderskeidelik vir Pretoria en Rustenburg ten opsigte van Augustus 1979 bevind is (Universiteit van Suid-Afrika, Buro vir Marknavorsing, 1980, p.9).

Tabel 3.1 toon dat ongeveer 78 persent van die huishoudings minder as die jaarlikse basiese behoefte-inkomste per huishou=ding van R2 200 verdien het. Indien aangeneem word dat die inflasiekoers gemiddeld 12,5 persent sal wees en dat die huis=houdings se verbruiktendens konstant sal bly, sal die jaarlikse inkomste van elkeen van hierdie huishoudings in 1985 tot R5 645 moet styg om gelyk aan die basiese behoefte-inkomste te wees. Dit verteenwoordig 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 17,5 persent, wat 5 persent meer as die veronderstelde inflasiekoers is.

Daar kan voorlopig tot die gevolgtrekking gekom word dat baie nog gedoen kan word om die basiese behoeftes aan voedsel in Bophuthatswana te bevredig.

Tabel 3.1 - Basiese behoefte-inkomste in Bophuthatswana, 1977

| Gebiede | Gemiddelde getal volwassenes en volwassene ekwivalente[a)] | Gemiddelde jaarlikse besteding per huishouding | | Jaarlikse koste per huishouding vir voldoende voeding (V')[b)] | Basiese behoefte-inkomste (Y)[c)] | Persentasie huishoudings met inkomste kleiner as Y | Maandelikse inkomste wat nodig is |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Totaal (B) | Voedsel (V) | | | | |
| | | R | R | R | R | | R |
| Groot stedelike gebiede | 3,5 | 1 657,40 | 622,43 | 760,94 | 2 026,22 | 68,6 | 168,85 |
| Klein stedelike gebiede | 3,7 | 1 714,34 | 600,92 | 804,43 | 2 294,92 | 84,81 | 191,24 |
| Plakkergebiede | 4,0 | 1 331,59 | 597,61 | 869,65 | 1 937,75 | 85,49 | 161,48 |
| Plattelandse gebiede | 4,2 | 1 450,58 | 612,08 | 913,13 | 2 164,04 | 79,93 | 180,34 |
| Geweegde totaal | 4,0 | 6 153,91 | 2 433,04 | 869,65 | 2 199,61 | 78,69 | 183,30 |

a) Daar word aangeneem dat die helfte van huishoudings uit kinders onder 18 jaar bestaan en dat een kind die ekwivalent van 'n halwe volwassene is.

b) Gebaseer op die 20,9 escudos per dag per volwassene wat in 1973 in Portugal as standaard gestel is (International Labour Office, 1979a, p.31).

c) $Y = \frac{B}{V} \cdot V'$

Bron: Universiteit van Suid-Afrika, Buro vir Marknavorsing, 1977, tabelle 1, 14, 21, 22, 23 en 24.

### 3.5.3 Behuising

Die voorsiening van aanvaarbare behuising vir die bevolking is 'n belangrike ekonomiese ontwikkelingsbehoefte in Bophutha= tswana. Om hierdie behoefte ten volle te ontleed, behoort alle aspekte van die behuisingsmark in ag geneem te word. Hieronder word slegs na enkele aspekte van die behuisingsmark verwys om die bestaan van die behoefte te demonstreer.

Uit tabel 3.2 sal opgemerk word dat daar in 1978 'n behoefte aan 107 553 viervertrekwoonhuise in Bophuthatswana was. Hier= die getal is verkry deur onder andere aan te neem dat slegs die persone wat in geproklameerde dorpe[1] woon, aanvaarbaar gehuis= ves is.[2] Sommige van die woonhuise buite die geproklameerde dorpe behoort aanvaarbaar gemaak te kan word; gestel dit is 10 persent van daardie woonhuise. Dit gee 'n totaal van 10 755 woonhuise wat opgeknap kan word. Daar moet ook vir die ver= vanging van die woonhuise in geproklameerde dorpe voorsiening gemaak word. Raam dit op 1 persent per jaar van die bestaande 33 892 woonhuise, dit wil sê 339 woonhuise per jaar. Die tota= le behoefte aan nuwe woonhuise in 1978 was gevolglik 97 137 en die totale behoefte aan hernuwings 10 755 woonhuise.

Indien aangeneem word dat dit R4 000 kos om 'n nuwe vierver= trekwoonhuis met dienste beskikbaar te stel en R2 000 om 'n be= staande woonhuis op te knap, sal die behuisingsbehoefte in 1978 deur 'n bedrag van R410 miljoen verteenwoordig word.

---

1) Geproklameerde dorpe is dorpe wat by proklamasie deur die regering gestig is. Hierdie dorpe word van volledige dienste voorsien en die woonhuise het gewoonlik 'n minimum van vier vertrekke.

2) Hierdie aanname beklemtoon die behoeftes van persone wat op die platteland woon en is daarom in ooreenstemming met 'n basiese behoeftebenadering tot behuising.

Tabel 3.2 - Die tekort aan woonhuise in Bophuthatswana, 1978

| Distrikte | Bevolking | Getal persone in geproklameerde dorpe gehuisves | Getal persone sonder aanvaarbare huisvesting[a)] | Getal huishoudings sonder aanvaarbare huisvesting[b)] | Getal viervertrek woonhuise benodig[c)] |
|---|---|---|---|---|---|
| Thaba'Nchu | 58 000 | 6 142 | 51 858 | 8 643 | 5 762 |
| Taung | 100 000 | 15 733 | 84 267 | 14 044 | 9 363 |
| Tlhaping-Tlharo | 80 000 | 5 097 | 74 903 | 12 484 | 8 323 |
| Ganyesa | 32 000 | 0 | 32 000 | 5 333 | 3 556 |
| Ditsobotla | 94 000 | 23 350 | 70 650 | 11 775 | 7 850 |
| Molopo | 81 000 | 9 141 | 71 859 | 11 977 | 7 984 |
| Lehurutshe | 56 000 | 3 000 | 53 000 | 8 833 | 5 889 |
| Madikwe | 42 000 | 4 996 | 37 004 | 6 167 | 4 112 |
| Mankwe | 66 000 | 0 | 66 000 | 11 000 | 7 333 |
| Bafokeng | 96 000 | 26 346 | 69 654 | 11 609 | 7 739 |
| Odi | 322 000 | 185 221 | 136 779 | 22 797 | 15 198 |
| Moretele | 246 000 | 26 000 | 220 000 | 36 667 | 24 444 |
| Totaal | 1 273 000 | 305 026 | 967 974 | 161 329 | 107 553 |

a) Bevolking van distrik minus die getal persone wat in die geproklameerde dorpe van die distrik ge= huisves is.

b) Daar word aangeneem dat daar 6 persone per huishouding is.

c) Daar word aangeneem dat daar 9 persone in elke viervertrekwoonhuis sal woon.

Bron: Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank : Bophuthatswana

### 3.5.4 Gesondheid

Ten einde die basiese behoeftes ten opsigte van gesondheid te ontleed, word op die vernaamste siektes in Bophuthatswana en die voorsiening van geneeshere, verpleegsters, hospitaalbeddens, klinieke en ander gesondheidsinstellings gelet.

Volgens ongepubliseerde inligting van die Buro vir Ekono= miese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling is die vernaamste siektes in Bophuthatswana tuberkulose, appelkoossiekte, tifus, longontsteking en brongitis. Siektes wat aan wanvoeding toege= skryf kan word, soos kwashiorkor en pellagra, kom ook dikwels voor. Wat die juiste omvang van hierdie siektes is, kan onge= lukkig weens 'n gebrek aan statistiek nie met sekerheid gesê word nie.

In tabel 3.3 hieronder word gegewens oor die aantal persone in Bophuthatswana per geneesheer, per verpleegster en per hos= pitaalbed verstrek. Om die gegewens van Bophuthatswana te eva= lueer, kan die volgende as standaard geneem word (International Labour Office, 1979a, p.48): 1 429 persone per geneesheer, 435 persone per verpleegster en 200 persone per hospitaalbed. Dit blyk uit tabel 3.3 dat daar 'n groot tekort aan geneeshere en hospitaalbeddens in Bophuthatswana was, maar te veel verpleeg= sters. 'n Verpleegster verrig blykbaar take wat normaalweg die verantwoordelikheid van 'n geneesheer is.

Die voorsiening van geneeshere, verpleegsters en hospitaal= beddens is nie eweredig oor die distrikte in Bophuthatswana ver= deel nie. Daar is veral in die Odi-, Thaba'Nchu-, Ganyesa-, Taung- en Madikwe-distrik 'n groot tekort aan geneeshere. Hos= pitaalbeddens is veral in die Odi-, Thaba'Nchu- en Moretele- distrik nodig. Dit is net in die Ditsobotla-, Molopo- en Lehurutshe-distrik waar daar 'n tekort aan verpleegsters is.

Tabel 3.3 - Geneeshere, verpleegsters en hospitaalbeddens in Bophuthatswana, 1978/79

| Distrik bedien | Getal persone per: | | |
|---|---|---|---|
| | Geneesheer | Verpleegster | Hospitaalbed |
| Ganyesa/Taung | 44 000 | 313 | 346 |
| Tlhaping-Tlharo | 26 667 | 247 | 300 |
| Ditsobotla | 13 429 | 118 | 118 |
| Molopo/Lehurutshe | 13 700 | 132 | 98 |
| Bafokeng/Mankwe | 27 000 | 324 | 213 |
| Madikwe | 42 000 | 286 | 400 |
| Moretele | 17 571 | 417 | 752 |
| Odi[a)]/Thaba'Nchu | 50 571 | 577 | 868 |
| | 24 451 | 281 | 280 |

a) Word ook deur die Ga-Rankuwa-hospitaal net buite Bophuthatswana bedien.

Bron: Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank : Bophuthatswana

Hierdie tekorte negeer die aanvulling uit die Republiek van Suid-Afrika, maar die omvang daarvan is onbekend.

Klinieke lewer 'n belangrike bydrae tot voorgeboorte-, na=geboorte-, kraam- en gesondheidsdienste, kindersorg vir voor=skoolse kinders, immuniseringsdienste, buitepasiëntbehandeling en nabehandeling van oordraagbare siektes, algemene buite=pasiëntbehandeling, psigiatriese buitepasiëntbehandeling, tuis=besoek- en distrikverpleegdiens, rehabilitasie- en raadgewende sorg en gesondheidsvoorligting. Dit blyk uit die dienste van klinieke dat hulle 'n belangrike bydrae tot die bevrediging van die basiese gesondheidsbehoeftes lewer.

As algemene standaard word gestel dat daar 'n kliniek vir elke 10 000 persone van 'n land se bevolking moet wees.[1] Ge=meet aan hierdie standaard is Bophuthatswana goed van klinieke voorsien (tabel 3.4 hieronder). Dit is net in die Odi-distrik waar daar in 1978/79 'n noemenswaardige tekort was.

Wat die ander instellings soos jeugkampe, crèches en oue=tehuise betref, was daar in 1978/79 altesaam 25. Daar was nie een van hierdie instellings in die Ganyesa-, Taung-, Tlhaping-Tlharo- en Madikwe-distrik nie.

### 3.5.5. Vervoer

Uit die oogpunt van basiese behoeftes beskou, moet die ver=voertoestand in Bophuthatswana ontleed word aan die hand van die bydrae van die bestaande vervoerfasiliteite om woonplekke, werkplekke, sakesentrums, skole, hospitale en derglike 'sosiale

---

1) Kyk byvoorbeeld Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, 1980, tabel 81.

Tabel 3.4 - Klinieke en ander instellings in Bophuthatswana, 1978/79

| Distrik bedien | Klinieke | | | Ander | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Getal persone per kliniek | Pasiënte | Getal | Inwoners |
| Ganyesa/Taung | 15 | 8 800 | 79 663 | 0 | 0 |
| Tlhaping-Tlharo | 17 | 4 705 | 53 255 | 0 | 0 |
| Ditsobotla | 8 | 11 750 | 79 617 | 5 | 681 |
| Molopo/Lehurutshe | 16 | 8 562 | 105 941 | 2 | 170 |
| Bafokeng/Mankwe | 19 | 8 526 | 103 981 | 4 | 80 |
| Madikwe | 12 | 3 500 | 79 167 | 0 | 0 |
| Moretele | 22 | 11 181 | 194 983 | 3 | 142 |
| Odi | 15 | 21 466 | 202 265 | 7 | 787 |
| Thaba'Nchu | 7 | 8 285 | 47 364 | 4 | 557 |
| Totaal | 131 | 9 717 | 946 236 | 25 | 2 417 |

a) Dit sluit jeugkampe, crêches en ouetehuise in.

Bron : Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank : Bo=phuthatswana

infrastruktuur' vir die bevolking toeganklik te maak. Twee aspekte is van belang: die optimale vestiging van die sosiale infrastruktuur en die optimale vervoernetwerk om dit te bedien. Om die behoeftes aan vervoerfasiliteite te demonstreer, word daar met 'n verwysing na die bestaande vervoerfasiliteite in Bophuthatswana volstaan.

In tabel 3.5 hieronder word gegewens oor die padnetwerk in Bophuthatswana verstrek. Dit blyk dat daar in 1972 in totaal ongeveer 0,033 kilometer paaie per vierkante kilometer was. In Portugal, wat naastenby dubbeld so groot as Bophuthatswana is, was daar in 1977 ongeveer 0,360 kilometer paaie per vier= kante kilometer, 'n verhouding wat as te klein beskou is (International Labour Office, 1979a, pp.52-57). Gemeet aan hier= die standaard moes daar sedert 1972 nog 26 500 kilometer paaie in Bophuthatswana gebou gewees het; byna 20 keer die totale kilometer paaie wat in 1972 bestaan het.[1] Nogtans was daar in 1979 net ongeveer 9 500 kilometer paaie in Bophuthatswana, grondpaaie uitgesluit (Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewer= king en Ontwikkeling, Databank: Bophuthatswana). Dit laat 'n tekort van 17 000 kilometer paaie. Daar moet beklemtoon word dat die tekort van 17 000 kilometer paaie slegs 'n aanduiding is en dat die koste en voordele van bykomende paaie breedvoerig ontleed behoort te word.

Die verdeling van die paaie tussen die onderskeie distrikte is ook belangrik. Tabel 3.5 toon dat die Ganyesa-, Ditsobotla- en Lehurutshe-distrik in 1972 die minste kilometer paaie per vierkante kilometer gehad het. Hierdie toestand het blykbaar nog steeds in 1980 gegeld en demonstreer nie net die relatiewe onderontwikkeldheid van die vervoernetwerk in die drie distrikte nie, maar ook een van die moontlike oorsake vir die relatiewe

---

1) (0,3600-((1327x2)÷(40 455x2)))x(40455x2), afgerond

Tabel 3.5 - Digtheid van padnetwerk in Bophuthatswana

| Distrik | Oppervlakte | Paaie | Km paaie per km² | Inwoners per km² |
|---|---|---|---|---|
| | km² | km | | |
| Thaba'Nchu | 1 071 | 160 | 0,149 | 54,15 |
| Taung | 2 865 | 130 | 0,045 | 34,90 |
| Tlhaping-Tlharo | 8 904 | 245 | 0,028 | 8,98 |
| Ganyesa | 7 584 | 100 | 0,013 | 4,21 |
| Ditsobotla | 2 533 | 50 | 0,020 | 37,11 |
| Molopo | 2 476 | 160 | 0,065 | 32,71 |
| Lehurutshe | 3 171 | 65 | 0,020 | 17,66 |
| Madikwe | 2 330 | 70 | 0,030 | 18,02 |
| Mankwe | 3 996 | 175 | 0,044 | 16,51 |
| Bafokeng | 1 188 | 50 | 0,042 | 80,80 |
| Odi | 2 014 | 62 | 0,031 | 159,88 |
| Moretele | 2 323 | 60 | 0,026 | 105,89 |
| Totaal | 40 455 | 1 327 | 0,033 | 31,46 |

Bronne: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Departement Stads- en Streekbeplanning, 1972, p.153 en Buro vir Ekonomiese Navorsing : Samewerking en Ontwikkeling, Databank : Bophuthatswana

agterstand in ekonomiese ontwikkeling in daardie distrikte. Die Odi- en Tlhaping-Tlharo-distrik was in 1972 ook relatief onderbedeeld met paaie. Die Molopo-distrik was wat paaie be= tref die beste daaraan toe.

Daar is ongeveer 230 kilometer spoorlyn in Bophuthatswana (Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank: Bophuthatswana). Die Kimberley-Lobatsi-Zimbabwe-hooflyn loop deur die Taung-, Ditsobotla- en Molopo-distrik, met stasies by Taung, Pudimoe, Madibogo en Ramatlabama. By Mafikeng sluit hierdie lyn by die Johannesburg-Swartruggenshoof= lyn aan. Die Pretoria-Brits-Rustenburg-hooflyn loop deur Bafo= keng en Mankwe, met sylyne by Heystekrand, Groblersvlyt en Kgetleng. Die myne in die Bafokeng-distrik word vanaf die Rustenburgstasie bedien. Die Pretoria-Warmbadspoorlyn loop deur die Moretele-distrik en bedien die Babelegi-nywerheids= gebied. Die Bloemfontein-Maseruhooflyn loop deur die Thaba= 'Nchu-distrik en bedien die nywerhede naby Selosesha. Nog 'n hooflyn, die De Wildt-Tallardshoop-Garankuwa-Rosslyn-Pretoria= spoorlyn, loop nie oor Bophuthatswana-grondgebied nie, maar speel 'n belangrike rol in die vervoer van Batswana pendelaars. Verder is 'n belangrike spoorlyn in aanbou wat werkers van die begin van 1982 af tussen Mabopane en Pretoria sal vervoer.

Daar is egter geen spoorlyne in die Ganyesa-, Tlhaping-Tlharo-, Lehurutshe- en Madikwe-distrik nie. Daar is egter wel padvervoerdienste van die Republiek van Suid-Afrika in hierdie en die ander distrikte.

Daar is slegs een volwaardige lughawe in Bophuthatswana, naamlik by Mafikeng, maar die lughawens in die Republiek van Suid-Afrika word ook gebruik. Daar is landingstroke naby ver= skeie hospitale en myne sowel as by Letsatsing, waar besoekers aan die hotel Sun City en die nasionale park by Pilanesberg kan

land.

ŉ Kenmerk van die algehele vervoertoestand in Bophuthatswa=na is die groot mate waarin dit van die Suid-Afrikaanse ver=voerstelsel afhanklik is. Die hoofpaaie is merendeels ver=lengings van Suid-Afrikaanse vervoerstelsel. Hierdeur kon die land baie geld bespaar.

3.5.6 Onderwys

Om die behoefte aan onderwys in Bophuthatswana ten volle te ontleed, moet alle aspekte van die vraag na en aanbod van onderwysdienste ondersoek word. So ŉ ondersoek is te omvang=ryk vir die doeleindes van hierdie studie en daar word vervol=gens slegs kortliks op die geletterdheid en kwalifikasies van die Batswana gelet, asook op die inskrywing van leerlinge by onderwysinstellings.

Volgens die bevolkingsensus van 1970 was 41,6 persent van die Batswana van 15 jaar en ouer, ongeletterd (tabel 3.6 hier=onder). Dit vergelyk gunstig met die gemiddelde van 62 per=sent in 1975 vir die sogenaamde lae inkomstelande van die wêreld, maar ongunstig met die gemiddelde van 29 persent vir die middelinkomstelande en die gemiddelde van 1 persent vir die nywerheidslande (World Bank, 1980, pp.154-155). Alhoewel daar in Bophuthatswana ŉ deeglike besef van die ongeletterd=heidsprobleem is en ŉ aantal projekte wel van stapel gestuur is om die probleem te verlig, is daar nog nie ŉ algemene geletterd=heidsprogram nie vanweë die talryke probleme om sodanige pro=gram werklik suksesvol van stapel te stuur (Republic of Bophu=thatswana, National Education Commission, 1978, pp.72-74).

Tabel 3.6 - Geletterdheid van die Batswana, 1970

| Persone- | Getal persone | Persentasie van Batswana 15 jaar en ouer |
|---|---|---|
| Wat kan lees en skryf | 543 328 | 58,4 |
| Wat slegs kan lees | 19 361 | 2,1 |
| Wat nie kan lees of skryf nie | 367 335 | 39,5 |
| Totaal | 930 024 | 100,0 |

Bron : Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, 1976, tabel 3.

Tabel 3.7 - Hoogste kwalifikasie verwerf deur Batswana, 1970

| Persone- | Getal persone | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Met geen of ongespesifiseerde kwalifikasie | 906 702 | 53,2 |
| Met primêre kwalifikasie (tot standerd 5) | 628 086 | 36,9 |
| Met sekondêre kwalifikasie (tot standerd 9 met of sonder diploma en standerd 10) | 168 289 | 9,9 |
| Met tersiêre kwalifikasie | 1 125 | * |
| Totaal | 1 704 202 | 100,0 |

* Kleiner as 0,1

Bron : Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, 1980, pp.1.33-1.34.

Ongeveer 53 persent van die Batswana, waar hulle ook al woon, het in 1970 oor geen spesifiseerbare kwalifikasie beskik nie. Van die oorblywendes het die meeste oor slegs 'n primêre kwalifikasie beskik.[1)]

Die inskrywing van leerlinge by primêre skole (74 persent van die bevolking in die ouderdomsgroep van primêre leerlinge) is ongeveer dieselfde as die gemiddelde vir lae inkomstelande vir 1977, maar is heelwat laer as die gemiddelde van 97 persent vir middelinkomstelande en die gemiddelde van 98 persent vir nywerheidslande.[2)] Die inskrywings by sekondêre skole (55 per= sent van die toepaslike ouderdomsgroep) vergelyk goed met die 24 persent van lae inkomstelande vir 1977 en 40 persent van middelinkomstelande. Inskrywings vir tersiêre onderwys (0,4 persent van die toepaslike ouderdomsgroep) was laag in verge= lyking met die 4 persent van lae inkomstelande, 11 persent van middelinkomstelande en 36 persent van nywerheidslande in 1976 (World Bank, 1980, pp.154-155 en tabel 3.8 hieronder).

## 3.6 EKONOMIESE GROEI[3)]

Die bruto nasionale produk van Bophuthatswana het in 1976 R475 miljoen en in 1960 R28 miljoen beloop.[4)] Dit verteenwoor= dig 'n gemiddelde jaarlikse toename van 19,4 persent. Om vas te stel of daar wel 'n toename in die reële produksie van die

---

1) Kyk tabel 3.7, p.86.

2) Die persentasie weerspieël twee aspekte van skoolinskrywing: die absolute aantal kinders wat ingeskryf het en die aantal kinders wat ingeskryf het maar buite die toepaslike normale ouderdomsgroep val. Daarom kan die persentasie selfs groter as 100 wees.

3) Vir 'n bespreking van ekonomiese groei in die algemeen, kyk paragraaf 2.2.2.3, p.18.

4) Kyk tabel 3.9, p.90.

Tabel 3.8 - Inskrywing van studente in Bophuthatswana, 1978

| | |
|---|---|
| **Primêre skool :** | |
| Getal leerlinge ingeskryf (A) | 334 089 |
| Getal persone in ouderdomsgroep 5-14 (B) | 451 915 |
| A as 'n persentasie van B | 73,9 |
| **Sekondêre skool :** | |
| Getal leerlinge ingeskryf (C) | 78 328 |
| Getal persone in ouderdomsgroep 15-19 (D) | 143 849 |
| C as 'n persentasie van D | 54,5 |
| **Tersiêre onderwys :** | |
| Getal studente ingeskryf (E) | 309 |
| Getal persone in ouderdomsgroep 20-24 (F) | 73 834 |
| E as 'n persentasie van F | 0,4 |

Bron :

Die gegewens oor die getal leerlinge en studente is deur die Departement van Onderwys in Bophuthatswana verstrek. Die getal persone in die onderskeie ouderdomsgroepe is op grond van die 1970-ouderdomsverspreiding van Batswana in Bophuthatswana bereken (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Departement Stads- en Streek=beplanning, 1972, p.134).

land was, is die invloed van prysskommelings van produkte en dienste uitgeskakel. Die tabel dui aan dat die gemiddelde jaarlikse toename in die reële bruto nasionale produk van 1960 tot 1976 ongeveer 13,4 persent was. Hierdie persentasie dui daarop dat die ekonomie van Bophuthatswana gesond gegroei het. Die gevolgtrekking word deur die ander gegewens in tabel 3.9 hieronder gesteun.

Die groeikoers, soos aangedui deur die gemiddelde jaarlik= se toename in die reële bruto nasionale produk per kop oor die tydperk 1960 tot 1976, naamlik 7,2 persent, vergelyk goed met die 1,6 persent van die lae inkomstelande, die 3,7 persent van die middelinkomstelande en 3,7 persent van die nywerheidslande oor die tydperk 1960 tot 1978 (World Bank, 1980, pp.110-111).

Die beskikbare gegewens is nie voldoende om die oorsake van ekonomiese groei in Bophuthatswana breedvoerig te ontleed nie. Dit is wel uit tabel 3.9 duidelik dat die groeikoerse van die nasionale produk en binnelandse produk baie ooreengestem het. Dit dui daarop dat die produk wat deur Batswana-pendelaars en -trekwerkers in die Republiek van Suid-Afrika geskep is (en wat in die nasionale produk verteenwoordig word) nie 'n wesen= like invloed op die ekonomiese groei van Bophuthatswana gehad het nie.

## 3.7 DIE EKONOMIESE STRUKTUUR

### 3.7.1 Inleiding

By gebrek aan bruikbare inligting word die bespreking van die strukturele kenmerke[1] van die ekonomie van Bophuthatswana

---

1) Kyk ook paragrawe 2.2.2.4 (Inkomsteverdeling) en 2.2.2.6 (Internasionale betrekkinge) pp.24 en 30.

Tabel 3.9 - Toename in produksie in Bophuthatswana, 1960 tot 1976

| Jaar en toename / Produk | 1960 a) | 1970 | Gemiddelde jaarlikse toename 1960-1970 b) | 1976 | Gemiddelde jaarlikse toename 1970-1976 b) | Gemiddelde jaarlikse toename 1960-1976 b) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | % | R | % | % |
| Bruto nasionale pro=duk (BNP) | 27,763m | 108,473m | 14,6 | 475,067m | 27,9 | 19,4 |
| BNP per kop | 61 | 113 | 6,3 | 425 | 24,7 | 12,9 |
| Reële BNP (1970 pry=se) c) | 36,524m | 108,473m | 11,5 | 272,870m | 16,6 | 13,4 |
| Reële BNP per kop c) | 80 | 113 | 3,5 | 244 | 13,7 | 7,2 |
| Bruto binnelandse produk (BBP) | 15,655m | 54,091m | 13,2 | 257,575m | 29,7 | 19,1 |
| BBP per kop | - | 60 | - | 241 | 26,1 | - |
| Reële BBP (1970 pryse) c) | 20,479m | 54,091m | 10,2 | 147,743m | 18,2 | 13,1 |
| Reële BBP per kop c) | - | 60 | - | 138 | 14,9 | - |

a) Bereken op grond van die gegewens vir 1970 en die ooreenstemmende groeikoerse vir 1960 tot 1970.
b) Die samegestelde rente-metode is gebruik.
c) Die verbruikersprysindeks van die RSA is as deflator gebruik.
\- Onbekend

Bron : Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, 1980, tabelle 33, 35, 36, 37, 38, 40 en 41.

beperk tot die produksietaksamestelling van die bruto binne=landse produk, die verdeling van produksie tussen markproduk=sie en nie-markproduksie en die strukturele kenmerke van sy internasionale betrekkinge.

### 3.7.2 Produksietaksamestelling van die bruto binnelandse produk

Tabel 3.10 hieronder toon die verdeling van die bruto bin=nelandse produk in Bophuthatswana tussen die produksietakke landbou, nywerheid en dienste.[1] Dienste was die dominante produksietak in 1960, maar in 1976 was die nywerheid dominant. Die landbou het in 1960 die tweede posisie beklee en in 1976 die laaste. Dit blyk uit hierdie gegewens dat daar sedert 1960 'n strukturele verandering in die ekonomie van Bophuthatswana plaasgevind het ten nadele (in 'n relatiewe sin) van dienste en die landbou, maar ten gunste van die nywerheid, veral die myn=wese, wat die grootste deel van die nywerheidsproduksie uitmaak.

### 3.7.3 Markproduksie en nie-markproduksie

Produksie in Bophuthatswana kan in mark- en nie-markproduk=sie verdeel word. Markproduksie is daardie gedeelte van die produksie wat op 'n mark verhandel word en sodoende 'n markwaarde het. Nie-markproduksie is daardie gedeelte wat vir eie ver=bruik geproduseer word en waarvoor daar nie 'n markwaarde bepaal kan word nie. Tabel 3.11 hieronder[2] verskaf besonderhede in dié verband.

---

1) Hierdie begrippe word in hoofstuk 4 omskryf. Kyk pp.103-104.
2) Kyk p.93.

Tabel 3.10 - Produksietaksamestelling van die bruto binnelandse produk van Bophuthatswana, 1960 en 1976

| Bedryfstak | 1960 | | 1976 | |
|---|---|---|---|---|
| | Bedrag | Persentasie van totaal | Bedrag | Persentasie van totaal |
| | R miljoen | | R miljoen | |
| Landbou[a)] | 4,837 | 30,9 | 22,334 | 8,7 |
| Nywerheid[b)] | 2,740 | 17,5 | 160,487 | 62,4 |
| (Vervaardiging) | (0,689) | (4,4) | (20,632) | (11,8) |
| Dienste[c)] | 8,079 | 51,6 | 74,400 | 28,9 |
| Totaal | 15,656 | 100,0 | 257,221 | 100,0 |

a) Die landbouproduksietak sluit die landbou, bosbou, vissery en jag in.

b) Die nywerheidsproduksietak sluit mynwese, vervaardiging, konstruksie, en elektrisiteit, water en gas in.

c) Alle ekonomiese aktiwiteite in die land, uitgesonderd die landbou en nywerheid.

Bron : Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, 1980, tabel 33 en Databank : Bophuthatswana.

Tabel 3.11 - Die bruto binnelandse produk van Bophuthatswana aan die hand van produksietak en mark- en nie-markproduksie, 1970 en 1976

| Produksietak en mark- en nie-markproduksie | 1970 | | 1976 | |
|---|---|---|---|---|
| | Bedrag | Persentasie van totaal | Bedrag | Persentasie van totaal |
| | R'000 | | R'000 | |
| Landbou | 4 524 | 8,4 | 22 334 | 8,7 |
| Markproduksie | 634 | 1,2 | 2 414 | 0,9 |
| Nie-markproduksie | 3 890 | 7,2 | 19,920 | 7,8 |
| Nywerheid | 29 447 | 54,4 | 160 487 | 62,4 |
| Markproduksie | 25 483 | 47,1 | 153 022 | 59,5 |
| Nie-markproduksie | 3 964 | 7,3 | 7 465 | 2,9 |
| Dienste | 20 120 | 37,2 | 74 400 | 28,9 |
| Markproduksie | 19 140 | 35,4 | 73 062 | 28,4 |
| Nie-markproduksie | 980 | 1,8 | 1 338 | 0,5 |
| Totaal | 54 091 | 100,0 | 257 221 | 100,0 |
| Markproduksie | 45 257 | 83,7 | 228 498 | 88,8 |
| Nie-markproduksie | 8 834 | 16,3 | 28 723 | 11,2 |

Bron : Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, 1980, tabel 33.

Die aandeel van nie-markproduksie in die bruto binnelandse produk het van 16,3 persent in 1970 tot 11,2 persent in 1976 gedaal. Hierdie daling kan veral toegeskryf word aan die da= ling in die relatiewe aandeel van dienste en die nywerheid in nie-markproduksie en die sterk toename van die nywerheidspro= duksie wat aan die mark gelewer word. Dit is slegs in die landbou dat die relatiewe aandeel van nie-markproduksie sedert 1970 toegeneem het.

### 3.7.4 Internasionale betrekkinge

Internasionale betrekkinge kom hoofsaaklik op Bophuthatswa= na se betrekkinge met die Republiek van Suid-Afrika neer. Op 15 November 1977 het die regering van die Republiek van Suid-Afrika en die regering van Bophuthatswana 'n aantal ooreenkomste aangegaan wat die betrekkinge tussen die twee lande op 'n groot verskeidenheid terreine formeel bekragtig het. Die terreine het onder andere die landbou, bosbou, mynwese, vervoer, kommunikasie, watervoorsiening, ekonomiese ontwikkeling, ekonomiese sake, mo= netêre verhoudinge en navorsing ingesluit (Republiek van Suid-Afrika, Departement van Buitelandse Sake, 1977).

Wat die handelsverkeer tussen Bophuthatswana en Suid-Afrika betref, blyk dit dat slegs die nywerheid in Bophuthatswana 'n netto uitvoerder is. Dit geld veral die nie-vervaardigingskom= ponent.[1] Hierdie feit beklemtoon die afhanklikheid van Bophu= thatswana van primêre grondstowwe vir 'n uitvoerverdienste. Huis= houdings was die grootste netto invoerder. Dit dui daarop dat 'n groot deel van die koopkrag in die Republiek van Suid-Afrika aangewend word.

---

1) Kyk tabel 3.12, p.95.

Tabel 3.12 - Invoer en uitvoer van Bophuthatswana, 1976

| Produksietak betrokke | Invoer | Persentasie | Uitvoer | Persentasie | Netto uitvoer |
|---|---|---|---|---|---|
| | R'000 | | R'000 | | R'000 |
| Landbou | 9 631 | 2,6 | 3 480 | 1,1 | - 6 151 |
| Nywerheid | 180 723 | 48,8 | 303 213 | 98,7 | 122 490 |
| (Vervaardiging) | (36 981) | (10,0) | (54 875) | (17,9) | (17 894) |
| Dienste | 25 798 | 7,0 | 490 | 0,2 | - 25 308 |
| Huishoudings | 153 998 | 41,6 | 0 | 0 | -153 998 |
| Totaal | 370 150 | 100,0 | 307 183 | 100,0 | - 62 967 |

Bron: Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank : Bophutha= tswana

Die inkomste wat Batswana-pendelaars en -trekwerkers in die Republiek van Suid-Afrika verdien, is belangrik vir die uitvoer van Bophuthatswana. Hierdie inkomste word ten beste deur die verskil tussen die bruto nasionale produk en die bruto binne=landse produk van Bophuthatswana weergegee, omdat die verskil hoofsaaklik aan die inkomste van pendelaars en trekwerkers toe=geskryf kan word. Soos uit tabel 3.9 hierbo[1] blyk, was die ver=skil in 1960 R12,108 miljoen en in 1976 R217,492 miljoen - in al twee gevalle naastenby 45 persent van die bruto nasionale produk.

## 3.8 DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE VAN BOPHUTHATSWANA

### 3.8.1 Inleiding

Bophuthatswana het nog nie 'n ekonomiese ontwikkelingstrate=gie wat in 'n witskrif bekend gestel is nie. Daar is wel 'n ont=wikkelingsraad[2] wat die regering oor die ontwikkeling van Bo=phuthatswana moet adviseer. Die Bophuthatswana-ontwikkelings=raad het oor 'n ontwikkelingstrategie besin en sy gevolgtrekkings bekend gestel (Bophuthatswana Development Council, 1980). Hier=die beoogde strategie word vervolgens bespreek teen die agter=grond van die algemene ekonomiese ontwikkelingstrategie wat in hoofstuk 2 bespreek is.[3] Daar word eerstens aan enkele alge=mene aspekte van die strategie aandag geskenk, waarna die aksie=programme aan die beurt kom.

---

1) Kyk p.90.
2) Tans onder die voorsitterskap van dr. G.W.G. Brown, voorma=lige Sekretaris, Finansies in die RSA.
3) Kyk pp.35-62.

### 3.8.2 Algemeen

Die beoogde ontwikkelingstrategie het twee nasionale doel= stellings: om die lewenskwaliteit van die totale bevolking te verhoog en die land ekonomies en politiek lewensvatbaar te maak (Bophuthatswana Development Council, 1980). Om hierdie twee doelstellings te bereik, word 'n aantal riglyne en 'n ontwikke= lingsbeleid vir "ekonomiese sektore"[1] aan die hand gedoen. Die grootste nadeel van hierdie benadering tot 'n ontwikkelings= strategie is dat die verband tussen doelstellings en metodes verlore gaan. Daar is so 'n groot gaping tussen die nasionale en die sektorale doelstellings dat die verband tussen hulle nie duidelik is nie. Wat nodig is, is 'n aantal "tussendoelstellings" soos dié in hoofstuk 2.[2] Daar is haas geen sprake van metodes om die doelstellings na te streef nie. Meestal word met betrek= king tot elke doelstelling 'n aantal beleidsriglyne gestel. Die meeste metodes wat wel genoem word, word onder afsonderlike "ekonomiese sektore" aangetref. 'n Algemene probleem is die ge= brek aan 'n duidelike onderskeid tussen ontwikkeling en ekono= miese ontwikkeling. Uit die inhoud van die beoogde strategie wil dit voorkom asof daar veral aan die ekonomiese komponente van ontwikkeling aandag geskenk is. Dit is jammer, want in 'n land soos Bophuthatswana is daar heelwat nie-ekonomiese ontwik= kelingstruikelblokke.[3]

---

1) Landbou en landelike ontwikkeling, mynwese, nywerheid, toe= risme, menslike potensiaal, arbeid, sosiale dienste, vestig= ing en grondbenutting, organisasies, ontwikkelingsinstel= lings, fisiese infrastruktuur, waterbronne, finansies, be= groting, ontwikkelingsinstellings in die RSA, buitelandse ondernemers, buitelandse finansiële hulp en ekonomiese same= werking.
2) Bevrediging van basiese behoeftes, ekonomiese groei, bevre= digende inkomsteverdeling, vollediger indiensneming en ge= sonde internasionale betrekkinge.
3) Kyk byvoorbeeld paragrawe 3.3 en 3.4, pp.68 en 71.

ŉ Redelike ernstige probleem bestaan by die spesifisering van die owerheid se bydrae tot ekonomiese ontwikkeling. Alhoe= wel daar uitdruklik verklaar word dat die private onderneming= stelsel erken en bevorder sal word, bestaan die strategie hoof= saaklik uit die administratiewe programme van die owerheid. Daar word toegegee dat die owerheid aan die begin van ekonomie= se ontwikkeling ŉ dominante bydrae sal lewer, maar dan moet daar ŉ spesifieke program wees om die owerheid se bydrae metter= tyd deur private bydraes te vervang en die vrye prysmeganisme te ontwikkel.

### 3.8.3 Aksieprogramme vir ekonomiese ontwikkeling in Bophuthatswana

Die riglyne en ontwikkelingsbeleid vir "ekonomiese sektore" in die strategie is bestudeer om vas te stel of hulle verband hou met die doelstellings en metodes vir ekonomiese ontwikke= ling wat in tabel 2.1 opgesom is.[1] Die resultaat word ver= volgens bespreek.

Die vernaamste metode wat op die bevordering van die vraag na basiese benodigdhede betrekking kan hê, is owerheidsaankope. In die toekenning van staatstenders word binne perke voorkeur aan ondernemings van Bophuthatswana verleen. ŉ Ter plaatse ondersoek van tenderdokumente het daarop gedui dat nog veel meer op hierdie gebied gedoen kan word.

Die verbetering van Bophuthatswana se vermoë om self sy basiese benodigdhede te voorsien, geniet hoë voorrang in die ekonomiese ontwikkelingstrategie. Dit het ŉ voorrang van 42

---

1) Kyk pp.45-48.

uit 'n moontlik totaal van 100 verkry (Bophuthatswana Development Council, 1980). Eie hulpskemas vir behuising word in die voor= uitsig gestel, sowel as opleiding en onderwys om 'n groter ge= deelte van die bevolking geletterd te maak. Plattelandse ont= wikkeling word beklemtoon. 'n Geïntegreerde ontwikkelingstrate= gie word aan die hand gedoen met díe doel om alle persone wat op die platteland woon by die strategie te betrek. Drinkwater, openbare vervoer en gesondheidsdienste sal meer geredelik be= skikbaar gemaak word. Indiensneming en investeringsaansporings word beoog, maar daar word nie gemeld watter ekonomiese bedry= wighede voorkeuroorweging sal geniet nie. Tegnologie-evaluasie word glad nie genoem nie.

Dit blyk uit Bophuthatswana se ontwikkelingstrategie (Bo= phuthatswana Development Council, 1980) dat daar hoofsaaklik op natuurbronne, dit wil sê op die ontginning van minerale en die landbou, staat gemaak word om ekonomiese groei te bevorder. Nywerheidsontwikkeling word nietemin nie genegeer nie: daar word beoog om die land se nywerheidspotensiaal optimaal te ont= wikkel. Om fondse vir belegging in die produksietakke te ver= kry, sal 'n nasionale spaarplan geloods word, so min moontlik be= perkings op die invloei van buitelandse beleggingsfondse ge= plaas word en die belastingbasis verbreed word om 'n grond- en eiendomsbelasting in te sluit. Daar word beoog om die bevol= kingstoename aan die hand van die beskikbare hulpbronne vir ekonomiese ontwikkeling te reguleer. In hierdie verband word gesinbeplanning binne 'n raamwerk van geïntegreerde gemeenskaps= ontwikkeling beoog. Daar is geen vermelding van die bydrae van die tegnologie en die bekamping van inflasie tot ekonomiese groei nie. Dit sal in elk geval vir Bophuthatswana baie moei= lik wees om op sy eie inflasie te bekamp: slegs fiskale meto= des is beskikbaar. Die monetêre metodes wat teen inflasie ge= bruik kan word, is dié van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in

Pretoria. Dit beteken dat die bekamping van inflasie 'n belang=rike samewerkingspoging tussen Bophuthatswana en Suid-Afrika moet word.

In die verdeling van inkomste word beoog om die produksie=takke en geografiese streke gebalanseerd in ooreenstemming met beskikbare hulpbronne en voorkeure te ontwikkel (Bophuthatswana Development Council, 1980). Of dit tot 'n eweredlger verdeling van inkomste tussen individue en produksiefaktore moet lei, word nie gesê nie. Geen grootskaalse hervorming van die grond=besitstelsel word op kort termyn beoog nie. Op lang termyn sal gepoog word om 'n vrye mark vir grond te ontwikkel.

Ekonomiese groei en die ontwikkeling van die kleinindustrie is die vernaamste metodes om die vraag na arbeid te bevorder (Bophuthatswana Development Council, 1980). Aan die aanbodkant van die arbeidsmark sal daar gepoog word om alle geestelik en fisies geskikte persone in Bophuthatswana produktief in diens te neem. Om dit te bewerkstellig, sal arbeidsburo's en toepas=like onderwys en opleiding 'n belangrike bydrae moet lewer. Voor=keur sal aan binnelandse indiensneming verleen word, daarna aan pendelaars en laastens aan migrasie.

Geen metodes word in die vooruitsig gestel om uitvoer en in=voervervanging te bevorder nie. Die relatiewe klein plaaslike mark vir talle produkte is 'n ernstige tekortkoming in die voor=gestelde ekonomiese ontwikkelingstrategie. Aan die ander kant het die strategie dié voordeel dat daar nie beoog word om buite=landse belegging in Bophuthatswana te ontmoedig nie. Daar sal ook positief gepoog word om finansiële hulp in die buiteland te verkry en op ander ekonomiese terreine met die buiteland saam te werk (Bophuthatswana Development Council, 1980).

## 3.9 SAMEVATTING

Alhoewel die Batswana 'n gevestigde etniese groep is, is Bophuthatswana nog 'n baie jong land. Dit spreek dus vanself dat die land nog heelwat ekonomiese en ander ontwikkelingspro= bleme sal hê. Sy geografiese grense is nog nie met algehele sekerheid bepaal nie, die vrugbaarheid van die grond kan ver= hoog word, die beskikbaarheid van water vir alle gebruike is 'n groot probleem, tradisies kan hervorming vertraag, daar is 'n groot tekort aan behuising volgens 'n standaard wat hoër as die tradisionele standaard is, die meeste vervaardigde voedsel word ingevoer, die padstelsel is ontoereikend, daar is 'n groot agterstand wat toepaslike onderwys en opleiding betref, baie meer aandag kan aan nywerheidsontwikkeling geskenk word, ver= al aan vervaardiging vir die mark, en die land kan oor die al= gemeen minder afhanklik van Suid-Afrika gemaak word.

Bogemelde lys ontwikkelingsprobleme in Bophuthatswana het omtrent op alle terreine van die samelewing betrekking. Onder= wys en opleiding is nogtans fundamenteel, maar nie bloot enige onderwys en opleiding nie: die soort onderwys en opleiding wat sal help om die ander probleme te oorkom. Nog 'n fundamentele saak wat in die ekonomiese ontwikkelingstrategie van Bophutha= tswana beklemtoon kan word, is die ontwikkeling van 'n vrye markstelsel. Private inisiatief is 'n groot bate in 'n land. Pogings behoort doelgerig aangewend te word om nywerheidsont= wikkeling aan te moedig, veral met die oog op uitvoer en in= voervervanging. Daar behoort meer aandag aan die tegnologie geskenk te word: nie net aan die oordrag en aanpassing van die bestaande tegnologie nie, maar ook aan die skep van nuwe tegno= logieë. Die toepaslikheid van die tegnologie moet nogtans tel= kens geëvalueer word. Een van die tegnologieë wat met vrug na Bophuthatswana oorgedra kan word, is die kostevoordeeltegniek. Dit kan op voornemende owerheidsprojekte toegepas word.

# HOOFSTUK 4

# NYWERHEIDSONTWIKKELING

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word van die standpunt uitgegaan dat nywerheidsontwikkeling noodsaaklik vir ekonomiese ontwikkeling is.[1] Die redes vir hierdie standpunt kom na vore in 'n ont=leding van die bydrae van nywerheidsontwikkeling tot die doel=stellings van ekonomiese ontwikkeling. Die volgende vraag wat aandag geniet, is of Bophuthatswana wel oor die potensiaal be=skik om nywerheidsontwikkeling te ondergaan. As dit so is, sal dit nogtans nie veel baat om die nywerheid in Bophuthatswana te ontwikkel as daar nie 'n behoefte aan die ekonomiese bedrywighede van die nywerheid is nie. Daarom sal daar aan sodanige behoef=tes aandag geskenk moet word.

Die ontleding van die potensiaal vir en behoefte aan nywer=heidsontwikkeling in Bophuthatswana behoort in meer besonder=hede ontleed te word as wat in hierdie ondersoek weens 'n gebrek aan inligting moontlik was. Daarom word geen poging aangewend tot 'n volledige sintese van potensiaal en behoefte nie. Daar word wel aan aksieprogramme vir die bevordering van nywerheids=ontwikkeling aandag geskenk. Alvorens hierdie aspekte bespreek word, moet 'n aantal begrippe duidelikheidshalwe gedefinieer word.

---

1) Kyk byvoorbeeld Bauer & Yamey, 1957, hoofstuk 15, Bryce, 1960, Kuznets, 1966, p.1 en Meier, 1976, pp.629-681.

Die nywerheid of industrie kan gedefinieer word as die groep bedrywighede wat met die meganiese of chemiese verwerking van anorganiese of organiese stowwe tot nuwe produkte te doen het (Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, p.47 en Reynders, 1967, p.20). Benewens die fabriekswese kan die nywer=heid ook elektrisiteitsvoorsiening en konstruksie insluit.

Nywerheidsontwikkeling beteken die vordering van die nywer=heid tot sy volle potensiaal. Hierdie vordering kan op verskeie maniere gemeet word, onder andere deur die toename in sy bydrae tot die bruto binnelandse produk.

'n Bedryfs- en produksietak kan op grond van inset, opbrengs of produksieproses gedefinieer word. Wanneer die produksieproses as uitgangspunt geneem word, word min of meer soortgelyke produk=sieprosesse onder 'n produksietak ingedeel. So kan die mynwese as 'n produksietak beskou word omdat die produksieproses van by=voorbeeld goud en steenkool min of meer dieselfde is. 'n Produk=sietak kan volgens opbrengs in 'n aantal bedryfstakke ingedeel word. 'n Bedryfstak lewer min of meer soortgelyke produkte of dienste. Die vervaardiging van graanmeulprodukte en veevoer kan volgens hierdie beginsel onder dieselfde bedryfstak, naamlik die voedselbedryfstak, ingedeel word (Reynders, 1967, p.20).

'n Onderneming word van 'n bedryf onderskei. 'n Bedryf is vol=gens Reynders (1967, p.19) 'n vervaardigingseenheid waarin inset=te tot goedere of dienste verwerk word. 'n Onderneming is die ekonomies wetlike eenheid wat die bedryf gebruik om die kapitaal wat in die onderneming belê is, winsgewend te maak.

Die nywerheid kan in die groot- en kleinindustrie ingedeel word. Die kleinindustrie bestaan uit al die ondernemings wat relatief klein is. Wat as klein beskou word, kan van land tot

land verskil. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word daar volstaan met die opmerking dat die ondernemings in die kleinindustrie relatief min insette nodig het om te kan funk=sioneer. In hoofstuk 5 sal die kleinindustrie breedvoeriger ontleed word.[1]

## 4.2 DIE BYDRAE VAN NYWERHEIDSONTWIKKELING TOT EKONOMIESE ONTWIKKELING

### 4.2.1 Inleiding

Die nywerheid se bydrae tot ekonomiese ontwikkeling geskied indirek deur middel van sy rol in die bevrediging van die doel=stellings in die ekonomiese ontwikkelingstrategie, wat in hoof=stuk 2 bespreek is.[2] Hierdie bydraes word vervolgens bespreek.

### 4.2.2 Die bydrae van die nywerheid tot die bevrediging van basiese behoeftes

Ten einde die nywerheid se bydrae tot die bevrediging van basiese behoeftes te bespreek, is dit nuttig[3] om basiese behoef=tes in twee groepe in te deel, te wete individuele basiese en kollektiewe basiese behoeftes. Om te herhaal, individuele ba=siese behoeftes het onder andere op voedsel, huise, klere en huishoudelike benodigdhede betrekking en kollektiewe basiese be=hoeftes onder andere op skoon drinkwater, sanitêre dienste, openbare vervoer, gesondheidsdienste, onderwys en kulturele fasi=liteite.

---

1) Kyk p.155.
2) Kyk paragraaf 2.3.4, pp.44-61.
3) Kyk byvoorbeeld paragraaf 2.3.3.2, p.39.

Die nywerheid se bydrae tot die bevrediging van kollektiewe behoeftes is indirek omdat kollektiewe benodigdhede gewoonlik deur die owerheid voorsien word. Die owerheid het nietemin 'n inkomste nodig om die kollektiewe benodigdhede te verkry en te voorsien, onder andere deur belastings van die nywerheid te vorder.

In dié mate waarin die nywerheid met die verwerking en vervaardiging van verbruiksgoedere gemoeid is, lewer hy 'n di= rekte bydrae tot die bevrediging van basiese behoeftes. Dit verg nie veel toeligting nie. Daar kan in hierdie verband veral na die bydrae van die kleinindustrie verwys word. Die kleinindustrie lewer 'n vername bydrae tot plattelandse ontwik= keling[1)] en by uitnemendheid tot die verwerking van landbou= produkte en werkverskaffing aan die arm plattelandse bevol= king[2)] (International Labour Office, 1977, p.63).

Alhoewel die nywerheid 'n direkte bydrae tot die bevredig= ing van die behoefte aan verbruiksgoedere lewer, wil dit nie sê dat die bevredigingspeil bevredigend is nie. Twee maniere waarop die bevredigingspeil in so 'n geval binnelands verhoog kan word, is deur ekonomiese groei en die verdeling van inkom= ste (International Labour Office, 1977, pp.35-36). In dié mate waarin die nywerheid 'n bydrae tot ekonomiese groei en die ver= deling van inkomste lewer, sal hy 'n bykomende indirekte bydrae tot die bevrediging van basiese behoeftes lewer.

---

1) Die meeste landbouprodukte (grondstowwe van voedselprodukte) word op die platteland verbou.

2) Waardeur onder andere die gevoel van selfrespek bevorder word, wat 'n basiese behoefte is.

### 4.2.3 Die bydrae van die nywerheid tot ekonomiese groei

Die nywerheid kan 'n belangrike bydrae tot ekonomiese groei lewer mits hy oor die nodige potensiaal beskik. In Nieu-Seeland, waar die landbou 'n groter potensiaal as die nywerheid gehad het, was dit byvoorbeeld die landbou wat 'n belangrike bydrae tot eko= nomiese groei gelewer het. Dit is nietemin opmerklik dat baie lande wat reeds 'n hoë peil van ekonomiese ontwikkeling bereik het oor 'n goed ontwikkelde nywerheid beskik.[1] Die bydrae van die fabriekswese[2] tot die bruto nasionale produk word in die tabel vir lande met ongelyke ekonomiese ontwikkelingspeile ver= strek. Daar word aangeneem dat die inkomstegroep (gemeet in bruto nasionale produk per kop) waarbinne 'n land ingedeel kan word 'n aanduiding van sy ekonomiese ontwikkelingstand gee.

Twee maatstawe word in tabel 4.1 gebruik vir die meting van die bydrae van die fabriekswese. Al twee berus op die propor= sionele bydrae van die fabriekswese tot die bruto nasionale pro= duk, maar die een gebruik mediaanwaardes en die ander een abso= lute waardes. Die mediaanwaardes word verkry deur die mediaan van die proporsionele bydraes van die fabriekswese tot die bruto nasionale produk van die lande in 'n bepaalde inkomstegroep te bereken. Die absolute waardes wat gebruik word, is die propor= sionele bydrae van die fabriekswese tot die bruto nasionale pro= duk van 'n land wat in 'n bepaalde inkomstegroep die grootste be= volking het.

---

1) Kyk tabel 4.1 hieronder vir besonderhede.

2) Die fabriekswese bestaan uit die nywerheid, uitgesonderd konstruksie en elektrisiteitsvoorsiening.

Tabel 4.1 - Persentasie van die bruto nasionale produk wat deur die fabrieks=wese bygedra word as funksie van die bruto nasionale produk per kop

| Inkomstegroep (Bruto nasionale produk per kop: 1970 dollars) | Getal lande | Persentasie van bruto nasionale produk deur fabriekswese bygedra | |
|---|---|---|---|
| | | Mediaan en stan=daardafwyking van die gemid=delde | Peil bereik in die land met die grootste bevolking |
| 100 | 9 | 9(1,0) | 9 (Indonesië) |
| 100 - 200 | 14 | 10(0,9) | 14 (Indië) |
| 200 - 300 | 19 | 17(1,3) | 16 (Thailand) |
| 300 - 500 | 15 | 16(1,6) | 16 (Turkye) |
| 500 - 1 000 | 8 | 23(2,1) | 23 (Mexiko) |
| 1 000 - 2 000 | 7 | 27(4,2) | 36 (Japan) |
| 2 000 - 3 000 | 7 | 32(2,0) | 42 (Wes-Duitsland) |
| 3 000 - 4 000 | 3 | 28(3,2) | 35 (Frankryk) |
| 4 000 - 5 000 | 2 | 27(2,0) | 25 (Verenigde State) |

Bron: United Nations, United Nations Industrial Development Organization, 1979, p.9.

Deur al twee die maatstawe in tabel 4.1 te gebruik, kan drie waarnemings gemaak word. Eerstens is die fabriekswese onderontwikkel in dié lande met 'n relatief lae bruto nasionale produk per kop. Tweedens is die fabriekswese in lande met 'n relatief hoë bruto nasionale produk per kop relatief goed ont= wikkel. Derdens daal die relatiewe bydrae van die fabriekswese tot die bruto nasionale produk by baie hoë peile van bruto na= sionale produk per kop weer: dit bereik 'n maksimum in die in= komstegroep $2 000 tot $3 000, omdat die relatiewe bydrae van dienste tot die bruto nasionale produk in ontwikkelde lande hoog is.

Wat Suid-Afrika betref, het Fourie (1976, p.187) bevind dat die fabriekswese vir 28,8 persent van die absolute toename in die bruto binnelandse produk oor die tydperk 1950 tot 1972 ver= antwoordelik was, vergeleke met die 7,8 persent van die land= bou, bosbou en vissery, 9,5 persent van die mynbou en steen= groewery en 53,9 persent van dienste. Die fabriekswese was naas dienste die grootste bydraer tot die toename in die bruto binnelandse produk. Hierdie bevindinge beklemtoon die belang= rikheid van pogings om die nywerheid tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

### 4.2.4 Die bydrae van die nywerheid tot die verdeling van inkomste

Die nywerheid dra indirek, maar om die volgende redes be= tekenisvol by tot 'n regverdiger verdeling van inkomste tussen die inwoners van 'n land :

(i) Die nywerheid dra tot ekonomiese groei by en sodoende tot 'n verhoging van die koopkrag van die verbruiker (Organisation for Economic Co-operation and Development, 1975, p.8).

(ii) Die nywerheid is 'n belangrike indiensnemer. Dit is veral belangrik as daar heelwat arm persone op die platteland woon en nywerheidsondernemings daar gevestig word. Thirlwall (1978, p.33) meld in hierdie verband dat terwyl die nywerheid in 'n land ontwikkel, die verdeling van persoonlike inkomste aanvanklik eers ongelyker word, omdat party persone meer produktief as ander persone is en meer geneig is om rykdom te vergaar. Vol= gens genoemde skrywer is daar nietemin bewyse dat hierdie ongelykhede ná 'n inkomste per kop van ongeveer $500 (teen 1975-pryse) nie verder toeneem nie. Bokant hierdie peil neig die onge= lykheid in die inkomsteverdeling om af te neem met verdere nywerheidsontwikkeling.[1]

Wat die verdeling van inkomste tussen produksietakke betref, spreek dit vanself dat die nywerheid as een van die produksie= takke 'n direkte bydrae te lewer het. Ontwikkel die nywerheid stadiger as die ander produksietakke, sal sy aandeel in inkom= ste daal en andersom. Die inkomsteverdeling tussen bedryfs= takke kan ook verander. Tabel 4.2 hieronder toon die verdeling van toegevoegde waarde[2] tussen vyf bedryfstakke in 'n aantal lande. Volgens die gegewens in die tabel blyk dit dat namate

1) Hierdie stelling kom ooreen met Kuznets se hipotese van 'n omgekeerde U-vormige verband tussen ekonomiese ontwikke= lingspeile en die gelykheid van inkomsteverdeling. Kyk byvoorbeeld Meier, 1976, p.27. Vir kritiek teen hierdie hipotese, kyk byvoorbeeld Jameson, 1980, p.29.

2) Toegevoegde waarde is die bydrae van 'n ekonomiese subjek of groep subjekte tot die bruto binnelandse produk teen faktorkoste (Stadler, 1973, p.72).

Tabel 4.2 - Verdeling van toegevoegde waarde, 1976

(Persent)

| Lande | Voedsel en landbou | Tekstiele en klerasie | Masjinerie en ver= voertoe= rusting | Chemi= kalieë | Ander vervaar= diging |
|---|---|---|---|---|---|
| Lae inkomstelande | | | | | |
| Zaïre | 59 | 10 | 5 | 4 | 22 |
| Malawi | 77 | 7 | .. | .. | 16 |
| Kenya | 18 | 13 | 19 | 8 | 42 |
| Middelinkomste lande | | | | | |
| Zambië | 55 | 9 | 6 | 5 | 25 |
| Zimbabwe | 26 | 14 | 11 | 11 | 38 |
| Suid-Afrika | 17 | 13 | 16 | 12 | 42 |
| Nywerheidslande | | | | | |
| Ierland | 31 | 16 | 12 | 11 | 30 |
| Nieu-Seeland | 26 | 15 | 12 | 5 | 42 |
| Verenigde Koninkryk | 14 | 9 | 30 | 12 | 35 |
| Verenigde State | 12 | 8 | 31 | 12 | 37 |

Bron: Uittreksel uit World Bank, 1980, pp.120-121

'n land ekonomies ontwikkel[1] daar 'n neiging tot die herverdeling van inkomste tussen die vyf bedryfstakke ontstaan. Die rela=tiewe afname in "voedsel en landbou" weerspieël enersyds 'n rela=tiewe afname in die belangrikheid van die landbou en andersyds die bevrediging van die basiese en selfs nie-basiese behoeftes ten opsigte van voedsel.

Afgesien van sy bydrae tot die grootte- en produksietakver=deling van inkomste, kan die nywerheid ook 'n belangrike bydrae tot die ruimtelike herverdeling van inkomste lewer. Die be=dryfstakke landbou, bosbou, vissery en mynbou kan net 'n geringe bydrae tot die ruimtelike herverdeling van inkomste lewer omdat hulle plekgebonde is. 'n Steenkoolmyn kan nie op 'n ander plek gevestig word as by sy steenkoolbron nie. 'n Landbougewas soos suikerriet kan beswaarlik onder enige klimaats- en grondtoe=stande verbou word. Bosbou is beperk tot plekke waar bosplan=tasies aangetref word. Seevissery is tot die kus beperk en varswatervissery tot damme en riviere. Selfs dienste is ruim=telik nie so beweeglik as wat op die oog af sou blyk nie. Die ondernemings in hierdie produksietak word kenmerkend naby hulle grootste mark gevestig. Dit is slegs die nywerheid wat rela=tief nie so plekgebonde is nie en wat 'n betekenisvolle bydrae tot die ruimtelike herverdeling van inkomste kan lewer. Die kleinindustrie is veral in hierdie verband belangrik (Mountjoy, 1975, p.129). Die grootindustrie is relatief plekgebonde weens 'n verskeidenheid vestigingsfaktore en weens die groot bedrae wat in nywerheidspersele, fabrieksgeboue en vaste toerusting belê word.

---

1) In tabel 4.2 word ekonomiese ontwikkeling progressief deur "lae inkomstelande", "middelinkomste lande" en "nywerheids=lande" voorgestel.

In die paragraaf hierbo is betoog dat die nywerheid 'n be=langrike bydrae tot die ruimtelike herverdeling van inkomste kan lewer. Hierdie bydrae kan deur middel van die indiens=neming van werkers in gedesentraliseerde gebiede gelewer word. Indiensneming deur die nywerheid word vervolgens bespreek.

4.2.5 Indiensneming en die nywerheid

Twee belangrike aspekte word uitgesonder: Eerstens die toenemende aantal poste wat vir 'n groeiende bevolking geskep moet word en tweedens die noodsaaklikheid om die bekwaamhede van die bevolking te benut. Die nywerheid kan wesenlik ten opsigte van al twee aspekte 'n positiewe bydrae lewer. Die direkte resultate was tot dusver teleurstellend, omdat die moderne nywerheid neig om kapitaalintensief te wees (United Nations, 1969, p.19). Nogtans is die nywerheid se bydrae tot indiensneming op lang termyn positief[1], al is dit bloot as gevolg van sy bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van 'n land.

Die opmerkings in verband met die bydrae van die nywerheid tot indiensneming geld veral vir die grootindustrie. Die klein=industrie gebruik gewoonlik arbeidsintensiewe tegnieke in sy produksieprosesse. Sy direkte bydrae tot indiensneming kan ge=volglik groter as dié van die grootindustrie wees (Mountjoy, 1975, p.129).

Tabel 4.3 hieronder demonstreer die bydrae van die nywer=heid tot indiensneming in Suid-Afrika vir drie bevolkingsensus=

---

1) Kyk byvoorbeeld Meier, 1976, pp.242-246.

Tabel 4.3 - Ekonomies bedrywige bevolking[a] volgens produksie= tak

(Duisende persone, onbenaderd)

| Produksietak | 1951 (%) | 1960 (%) | 1970 (%) |
|---|---|---|---|
| Landbou, bosbou en vissery | 1 508 (34,4) | 1 687 (32,3) | 2 482 (32,9) |
| Mynwese en steen= groewe | 510 (11,6) | 614 (11,7) | 680 ( 9,1) |
| Nywerheid | 767 (17,5) | 947 (18,1) | 1 548 (20,5) |
| Dienste | 1 604 (36,5) | 1 984 (37,9) | 2 831 (37,5) |

Persentasies is op volledige getalle bereken.

a) Die ekonomies bedrywige bevolking is werkgewers plus werkers vir eie rekening plus werknemers. Werkloses is nie in ag ge= neem nie.

Bron : Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, 1980, p.7,5.

jare. Dit blyk dat die nywerheid in al drie sensusjare die tweede kleinste werkgewer was. Nogtans het hy 'n belangrike bydrae tot indiensneming gelewer: in 1970 is ongeveer 1,5 miljoen mense in Suid-Afrika van werk voorsien. Daarby moet die indirekte invloed in die ander produksietakke ook in ag geneem word. Dit is ook uit tabel 4.3 opmerklik dat die ny= werheid se bydrae tot indiensneming naas dié van dienste sedert 1960 die vinnigste toegeneem het. Hy het dus 'n al hoe groter relatiewe rol in indiensneming in Suid-Afrika gespeel. Daar kan afgelei word dat die nywerheid inderdaad 'n belangrike by= drae tot indiensneming lewer en dat hierdie bydrae minstens in Suid-Afrika al hoe belangriker word.

4.2.6 <u>Die bydrae van die nywerheid tot internasionale betrekkinge</u>

Daar is reeds[1] na die probleme van enkele uitvoerprodukte verwys. Die nywerheid met sy uiteenlopende produkte is by uitnemendheid geskik om 'n positiewe bydrae tot die diversifi= sering van 'n land se uitvoer te lewer. Tabel 4.4 verstrek ver= dere besonderhede ten opsigte van 'n aantal lae inkomste-, middelinkomste- en nywerheidslande.[2]

Dit is weer eens opmerking hoe afhanklik sommige lae in= komstelande van enkele produkgroepe vir uitvoer is, byvoorbeeld in die geval van Ethiopië en Haïti was hul totale uitvoer in 1960 van die produkgroep "ander primêre kommoditeite" afhanklik. Die produkte in hierdie produkgroep is belangrik vir die handel van baie lande, maar die mate van afhanklikheid neig om af te neem namate die nywerheid in 'n land ontwikkel.[3] In 'n land soos Kanada was hierdie produkte byvoorbeeld ook die belangrikste uit= voergoed in 1960 (37 persent van die totale uitvoer), maar die aandeel van die tweede belangrikste groep uitvoerprodukte was 33 persent en die derde belangrikste een 21 persent.

Dit is uit tabel 4.4 duidelik dat die produkgroep wat in 1960 die grootste aandeel in produkuitvoer gehad het[4] in 1977 'n kleiner aandeel gehad het, byvoorbeeld in Japan het die aan= deel van die produktegroep "klerasie en tekstiele" in produk=

---

1) Kyk paragraaf 2.2.2.6.2, p.31.
2) Kyk p.115.
3) Kyk byvoorbeeld die persentasies van die produkgroep "ander primêre kommoditeite" in tabel 4.4 en ignoreer die "afwykings" soos die resultate ten opsigte van Nigerië en Ierland.
4) Die grootste aandeel is in die tabel onderstreep.

Tabel 4.4 - Struktuur van produkuitvoer, 1960 en 1977

| | Aandele van produkgroepe in produkuitvoer (%) | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Brandstof, minerale en metale | | Ander primêre kommoditeite[a] | | Tekstiele en klerasie | | Masjinerie en vervoertoerusting | | Ander vervaardiging | |
| | 1960 | 1977 | 1960 | 1977 | 1960 | 1977 | 1960 | 1977 | 1960 | 1977 |
| Lae inkomstelande | | | | | | | | | | |
| Ethiopië | 0 | 0 | 100 | 97 | 0 | .. | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Pakistan | 0 | 5 | 73 | 36 | 23 | 44 | 1 | 2 | 3 | 13 |
| Haïti | 0 | 12 | 100 | 53 | 0 | 7 | 0 | 3 | 0 | 25 |
| Middelinkomstelande | | | | | | | | | | |
| Nigerië | 8 | 93 | 89 | 6 | 0 | 0 | 0 | .. | 3 | 1 |
| Thailand | 7 | 9 | 91 | 72 | 0 | 8 | 0 | 2 | 2 | 9 |
| Portugal | 8 | 4 | 37 | 26 | 18 | 26 | 3 | 15 | 34 | 29 |
| Israel | 4 | 1 | 35 | 19 | 8 | 7 | 2 | 10 | 51 | 63 |
| Spanje | 21 | 6 | 57 | 23 | 7 | 6 | 2 | 26 | 13 | 39 |
| Nywerheidslande | | | | | | | | | | |
| Ierland | 5 | 3 | 67 | 42 | 6 | 9 | 4 | 15 | 18 | 31 |
| Verenigde Koninkryk | 7 | 10 | 9 | 9 | 8 | 5 | 44 | 37 | 32 | 39 |
| Japan | 11 | 1 | 10 | 2 | 28 | 5 | 23 | 56 | 28 | 36 |
| Kanada | 33 | 26 | 37 | 23 | 1 | 1 | 8 | 33 | 21 | 17 |

a) Voedsel, lewende hawe, drank, tabak, oneetbare ru-materiaal, olie, vette en was

Bron : Uittreksel uit World Bank, 1980, pp.126-127. Die gevolgtrekkings word nie deur die byvoeging van nog lande ongeldig gemaak nie.

uitvoer vanaf 28 tot 5 persent oor die jare 1960 tot 1977 ge= daal. Die gevolgtrekking is dat terwyl lande individueel eko= nomies ontwikkel hulle uitvoer neig om meer gediversifiseerd te raak. Aangesien die meeste van die produkte in die produk= tegroepe in tabel 4.4 nywerheidsprodukte is, is dit eweneens duidelik dat dit die nywerheid is wat vir die waargenome di= versifikasie van die uitvoerhandel verantwoordelik was. Lande kan beswaarlik hierdie bydrae van die nywerheid negeer wanneer hulle poog om hulle internasionale betrekkinge te verbeter.

Word die bydrae van die nywerheid tot invoer ontleed, kan aanvaar word dat 'n land slegs produkte invoer wat hy glad nie of gedeeltelik nie self kan lewer nie. Sou sy invoermededing= ende bedrywe oor die potensiaal beskik om te groei en sou hierdie bedrywe in die nywerheid wees, dan kan dit die land moontlik baat om die nywerheid met die oog op invoervervanging te ontwikkel.[1)]

Word in- en uitvoer tesame beskou, kan beweer word dat die tekort op die handelsbalans van 'n land se betalingsbalans meestal kleiner sal wees hoe groter die nywerheid in daardie land is. Die voorwaardes is dat die land wel nywerheidsproduk= te moet uitvoer en dat die nywerheid in groot mate selfversorg= end met betrekking tot sy insetbehoeftes moet wees. Indien laasgenoemde nie geld nie, kan die nywerheid wesenlik 'n verdere bydrae tot gesonde internasionale betrekkinge lewer. Met gun= stige komparatiewe voordele en ruilvoet kan die nywerheid naam=

---

1) Kyk byvoorbeeld Van Wyk, 1979, vir redes en vereistes vir invoervervanging.

lik self sy insette vervaardig en op so 'n wyse produkinvoer ver=minder. Dit verklein die tekort op die handelsbalans en die buitelandse skuld- en rentelas.[1]

Op grond van die bostaande redenasie kan daar inderdaad be=weer word dat die nywerheid 'n belangrike bydrae tot die bevor=dering van gesonde internasionale betrekkinge kan lewer.

### 4.2.7 Samevatting

Die nywerheid kan 'n belangrike direkte en indirekte bydrae tot die bevrediging van basiese behoeftes, ekonomiese groei, die verdeling van inkomste, indiensneming en internasionale be=trekkinge lewer. Die omvang daarvan sal deur die potensiaal van die nywerheid bepaal word.

## 4.3 DIE POTENSIAAL VIR NYWERHEIDSONTWIKKELING IN BOPHUTHATSWANA

### 4.3.1 Inleiding

Om die potensiaal vir nywerheidsontwikkeling in Bophutha=tswana te ontleed, word daar agtereenvolgens op die natuurbron=ne, intermediêre produkte, arbeid en kapitaal van Bophuthatswana gelet. Die aanname is dat hierdie faktore die potensiaal vir nywerheidsontwikkeling in 'n land bepaal.

---

1) Kyk byvoorbeeld Van Wyk, 1980, p.344, vir die belangrik=heid van hierdie oorweging.

## 4.3.2 Natuurbronne

### 4.3.2.1 Omskrywing

Grondstowwe wat uit die natuur as produksiefaktor verkry word, is byvoorbeeld landbougrond, bosplantasies, visbronne en minerale (Reynders, 1967, p.22). Dit is gewoonlik relatief onbeweeglik. Bophuthatswana beskik nie oor noemenswaardige bosplantasies en visbronne nie, sodat daar vervolgens net op landbougrond en minerale gekonsentreer word.

### 4.3.2.2 Landbougrond

Die landbougrond in Bophuthatswana kan na aanleiding van gronddiepte in vier groepe verdeel word. Die eerste groep is meer as 90 sentimeter diep, die tweede tussen 65 en 90 sentime= ter, die derde tussen 55 en 65 sentimeter en die vierde minder as 55 sentimeter. Indien die opbrengspotensiaal van die onder= skeie grondgroepe[1] in ag geneem word, blyk uit tabel 4.5 dat 9 persent van die grond in Bophuthatswana hoogs geskik vir die verbouing van koring, mielies, grondbone en katoen is. Ses persent van die oppervlakte van Bophuthatswana is matig tot hoogs geskik en 56 persent is swak tot matig geskik vir die ver= bouing van sonneblom, graansorghum, mielies en koring. Onge= veer 85 persent van die oppervlakte is vir veeboerdery geskik.

Afgesien van die produkte wat hierbo genoem is, kan die volgende in Bophuthatswana gekweek word: appelkose, eetbare bo= ne, druiwe, gars, jobstrane, knoffel, lemoenspanspek, lynsaad, pampoen, patats, pekanneut, prei, rissies, rog, salot, sojabone,

---

1) Om die opbrengspotensiaal van landbougrond te beoordeel, moet benewens gronddiepte ook die grondsoort en reënval bekend wees (Misstofvereniging van Suid-Afrika, 1974). In tabel 4.5 word net gronddiepte gebruik.

Tabel 4.5 - Grondsoorte in Bophuthatswana

| Groep | Gronddiepte (cm) | Persentasie van totale oppervlakte | Geskik vir: | Opbrengspotensiaal onder verbouing |
|---|---|---|---|---|
| A | 90+ | 9 | Koring, mielies, grondbone, katoen | Hoog |
| B | 65-90 | 6 | Sonneblom, graan=sorghum, mielies, koring | Matig tot hoog |
| C | 55-65 | 56 | Sonneblom, graan=sorghum, mielies, koring, veeboerdery | Swak tot matig |
| D | Minder as 55 | 29 | Veeboerdery | Swak |
| Totaal | | 100 | | |

Bron: Republiek van Bophuthatswana, Departement van Landbou, ongepubliseerde inligting

spanspek, virginiese tabak, tamaties en uie (Van Schoor, 1977, p.9). Die enigste nywerheidsgewas wat geplant kan word, is sisal (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Departement Stads- en Streekbeplanning, 1972, p.182).

Tabel 4.6 hieronder gee 'n aanduiding van die relatiewe belangrikheid van die onderskeie landbouprodukte in 1978.[1] In waarde was mielies die belangrikste, gevolg deur beeste, koring, grondbone en katoen. Sonneblomme, graansorghum, skape, lusern en groente was relatief onbelangrik.

In die toekoms sal daar voorkeur aan die ontwikkeling van bestaande besproeiingskemas geskenk word. Die tweede voorkeur is die ontwikkeling van droëlandakkerbou in die yl bevolkte hoë potensiaal-landbougebiede, die derde voorkeur is die ontwikkeling van nuwe besproeiingskemas, die vierde voorkeur die ontwikkeling van droëlandakkerbou in die dig bevolkte hoë potensiaal-landbougebiede wat dig bevolk is, en die vyfde voorkeur die ontwikkeling van veeteeltgebiede. (Bophuthatswana Development Council, 1980, p.6)

Op grond van bogemelde gegewens blyk dit dat daar moontlikhede bestaan vir die vervaardiging van ontbytvoedsel (soos koring- en mielievlokkies, springmielies, spinkoring en kitsgraan), babakos, meelblom, mieliemeel, mielierys, stampmielies, veevoer (soos oliekoeke afkomstig van sojabone, lynsaad en sonneblomme), margarine, bier, macaroni, spaghetti, vermicelli,

---

1) Volgens ongepubliseerde inligting van die Departement van Landbou van Bophuthatswana verteenwoordig die waardes van die landbouproduksie in tabel 4.6 net ongeveer 10 persent van die landboupotensiaal. Wat die relatiewe belangrikheid van die produkte sal wees as die volle potensiaal benut sou word, is nie bekend nie.

Tabel 4.6 - Waarde van landbouproduksie, 1978

| Produk | Produksie | Waarde |
|---|---|---|
| | | R |
| Mielies | 52 453 ton | 5 769 830 |
| Beeste | 24 120 | 2 673 915 |
| Koring | 8 206 ton | 984 720 |
| Grondbone | 2 445 ton | 609 000 |
| Katoen | 783 ton | 548 100 |
| Sonneblom | 2 143 ton | 182 155 |
| Graansorghum | 1 717 ton | 154 530 |
| Skape | 3 539 | 52 247 |
| Lusern | 113 ton | 7 345 |
| Groente | 14 ton | 3 220 |

Bron: Republiek van Bophuthatswana, Departement van Landbou, ongepubliseerde inligting

sojaboonolie, sonneblomolie, lynsaadolie, kasterolie, troetel=dierkos, ingemaakte vleis, vleisrolle, polonie, worsies, vleis=pastas, biltong, botter, kaas, melkpoeier, gekondenseerde melk, gepreserveerde room, roomys, bevrore suiglekkers en ander be=vrore melknageregte, velle, bene, kookvet, dierolies, seep, kerse, politoer, rome, beenmeel, kraalmis, gom, leer en leer=produkte, skoeisel, katoengaring, katoenmateriaal, wol, mate=riaal van wol, groen lusern, lusernhooi, vars groente, ingemaak=te groente, vars vrugte, ingemaakte vrugte, droë vrugte, konfyte, jellies, vrugtesappe, atjar, ingemaakte soppe, souse, tou, tou=werk en nette (Republiek van Suid-Afrika, Departement van Sta=tistiek en United Nations, Department of Economic and Social Affairs, 1975).

4.3.2.3 <u>Minerale</u>

Bophuthatswana besit groot reserwes van 'n groot verskeiden=heid minerale. Die geologiese formasies is die argaïese kom=pleks (met min ekonomies ontginbare minerale), die sisteem Transvaal (met asbes, yster, mangaan, kalkklip, goud en koper), die Bosveldstollingskompleks (waarin die wêreld se grootste bekende platinumreserwes voorkom en waar ook chroom, vanadium, rooiysterklip, koper, nikkel, vloeispaat en goud aangetref word), die Pilanesbergkompleks (met vloeispaat, seldsame aard=metale, aluinaarde en potas) en die sisteem Karoo (met steen=kool, blougrond, diamante en bousand). Die belangrikste mine=raal is platinum (Republic of Bophuthatswana, 1977, pp.164-170).

Gedurende 1979 was daar 22 werkende myne, waarvan ses hoof=saaklik platinum ontgin het, vyf chroom, vyf graniet, twee as=bes, een kalsiet, een kalkklip, een mangaan, en een vanadium. Die waarde van produksie was ongeveer R425 miljoen met onge=veer 47 400 werkers in diens (Republic of Bophuthatswana, Mining Branch of the Department of Economic Affairs, 1980).

Afgesien van die moontlike verdere verwerking van minerale in Bophuthatswana (wat onder mynwese ingedeel word), bestaan die moontlikheid om produkte wat op minerale gebaseer is, soos pot=tebakkersware, erdeware, glas en glasvesels, struktuurkleipro=dukte (soos bakstene), leiklipprodukte, asbesprodukte, graniet=produkte, kunsmis en sement, te vervaardig (Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek).

### 4.3.3 Intermediêre produkte (voorwaartse skakeling)

#### 4.3.3.1 Omskrywing

Intermediêre produkte is vervaardigde produkte vir insette in die produksieproses van ander produkte. Dit beteken dat die potensiaal hoog is om die produkte te vervaardig wat die inter=mediêre produkte benodig. Dit is hierdie omstandighede wat ver=volgens ontleed word. Omdat daar nog nie 'n inset-opbrengsta=bel[1] vir Bophuthatswana bestaan nie, word net op die voorwaart=se skakeling van bedryfstakke in die algemeen gelet.[2] Die same=stelling van die bedryfstakke van Bophuthatswana se nywerheid word eers ter inleiding bespreek.

#### 4.3.3.2 Die bedryfstaksamestelling in Bophuthatswana

Die bedryfstaksamestelling van die nywerheid in Bophutha=tswana word in tabel 4.7 hieronder opgesom. Vervaardigde me=taalprodukte, masjinerie en uitrusting was wat bydrae tot die bruto binnelandse produk betref, die belangrikste bedryfstak.

---

1) 'n Inset-opbrengstabel is 'n tabel waarin die rugwaartse en voorwaartse skakeling van ekonomiese aktiwiteite in 'n land aangetoon word.

2) Rugwaartse skakeling word in paragraaf 4.4.4 bespreek, p.138.

Tabel 4.7 - Bedryfstaksamestelling in Bophuthatswana, 1979

| Bedryfstak | Persentasie[a)] |
|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | 19,5 |
| Tekstiele, klerasie en leerprodukte | 22,8 |
| Hout en houtprodukte | 12,4 |
| Papier en papierprodukte | 1,6 |
| Chemikalieë en chemiese, petroleum-, steenkool-, rubber- en plastiekprodukte | 1,2 |
| Nie-metaalhoudende mineraalprodukte | 6,6 |
| Basiese metaalprodukte | 1,6 |
| Vervaardigde metaalprodukte, masjine= rie en uitrusting | 31,0 |
| Ander vervaardiging | 3,3 |
| Totaal vervaardiging | 100,0 |

a) Die persentasies is op grond van die relatiewe aandeel van elke bedryfstak in die bydrae van vervaardiging tot die bruto binnelandse produk van Bophuthatswana bereken. Nie-markproduksie is nie in ag geneem nie.

Bron: Voorlopige beramings van die Departement Ekonomiese Sake van Bophuthatswana en Müller, 1981a.

Die tweede belangrikste bedryfstak was tekstiele, klerasie en leerprodukte en die derde belangrikste, die voedsel, drank en tabak bedryfstak. Die vierde belangrikste bedryfstak was hout en houtprodukte. Die ander bedryfstakke was relatief onbe=langrik.

4.3.3.3 Voorwaartse skakeling

Die voorwaartse skakeling van die vernaamste bedryfstakke in Bophuthatswana word in tabel 4.8 hieronder opgesom. Dit blyk dat elke bedryfstak onder andere met homself voorwaarts geskakel is en dus ook van sy eie produkte in sy produksieproses gebruik. Hierdeur ontstaan die moontlikheid van produkdiversifikasie, spe=sialisasie en eksterne differensiasie.[1] Die potensiaal vir nuwe ondernemings en bedryfstakke kan bepaal word deur moont=like verdere spesialisasie en differensiasie. 'n Afsonderlike ondersoek is nodig om hierdie potensiaal volledig te evalueer.

Dit blyk uit tabel 4.8 dat daar wesenlik 'n betekenisvolle skakeling tussen die bedryfstakke is. Elke bedryfstak is voor=waarts aan meer as een van die ander bedryfstakke verbind. Of daar wel so 'n interaksie tussen bedryfstakke in Bophuthatswana bestaan, kan by gebrek aan 'n inset-opbrengstabel (of soortge=lyke inligting) nie gesê word nie. In die mate waartoe hulle nie aan mekaar geskakel is nie, sal daar 'n potensiaal vir nuwe ondernemings wees.

---

1) Produkdiversifikasie vind plaas wanneer 'n aantal verskillen=de produkte in een onderneming vervaardig word. Wanneer 'n onderneming net een of 'n beperkte aantal produkte produseer, word in daardie produk of produkte gespesialiseer. By ek=sterne differensiasie word 'n produksieproses tussen 'n aantal afsonderlike ondernemings verdeel (Rädel, 1967, p.28).

Tabel 4.8 - Voorwaartse skakeling van bedryfstakke

| Bedryfstakke | Voorwaarts geskakel met: |
|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | Voedsel, drank en tabak, leerprodukte, che=mikalieë en chemiese produkte |
| Tekstiele, kle=rasie en leer=produkte | Tekstiele, klerasie en leerprodukte, meubels, chemiese produkte, rubberprodukte, metaal=produkte, motorvoertuie, diverse vervaar=diging |
| Hout en houtpro=dukte | Drank, hout en houtprodukte, nie-metaal=houdende mineraalprodukte, metaalprodukte, masjinerie, diverse vervaardiging |
| Vervaardigde metaalprodukte masjinerie en uitrusting | Voedsel, drank en tabak, chemiese produkte, nie-metaal mineraalprodukte, basiese yster en staal, vervaardigde metaalprodukte, ma=sjinerie en uitrusting |

Bron: Stadler, 1973, pp.191-209

Met tabel 4.7 en die opmerkings hierbo in gedagte sal die potensiaal, uit die oogpunt van voorwaartse skakeling, moontlik die grootste uit die vervaardiging van vervaardigde metaalprodukte, tekstiele, voedsel en houtprodukte wees.

### 4.3.4 Arbeid

Vir die ontleding van die potensiaal van arbeid om nywerheidsontwikkeling te bevorder, moet aan die volgende aandag geskenk word: die grootte en ouderdom- en geslagsamestelling van die bevolking, tradisie, vaardighede, motivering en werkshoudinge (Meier, 1976, pp.481-483). In hierdie ontleding word die demografiese besonderhede eenvoudigheidshalwe buite rekening gelaat. Daar word op die faktore klem gelê wat vaardigheid in die hand werk, dit wil sê ondervinding, onderwys en opleiding.

Alhoewel die Batswana tradisioneel jagters en veeboere was, kan hulle ook as vervaardigers beskou word, omdat hulle in die verlede selfversorgend was. Om selfversorgend te wees, moes hulle in sekere mate self anorganiese of organiese stowwe verwerk. Daarom beskik die Batswana wel oor die potensiaal om minstens die tradisionele produkte volgens tradisionele metodes op klein skaal te vervaardig.

Die Batswana het ook die potensiaal om in die moderne nywerheid te werk. Vandag word slegs ongeveer 10 persent van die bruto binnelandse produk van Bophuthatswana nie op die mark verhandel nie (Republic of Bophuthatswana, Department of Economic Affairs, 1979). Ongeveer 48 persent van die nuwe toetreders tot die aktiewe arbeidsmag in Bophuthatswana verkies om in die moderne nywerheid te gaan werk. Ongeveer 68 persent van die

totale aantal toetreders tot die arbeidsmag verkies om in die moderne bedrywe van die Republiek van Suid-Afrika te gaan werk (Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank, Bophuthatswana). Ongeveer 34 persent van die inge= skrewe leerlinge en studente het vir vakke ingeskryf wat as toepaslik vir nywerheidsontwikkeling beskou kan word (Republic of Bophuthatswana, Department of Education, 1980, tabelle VII, IX en XI).

Die vernaamste beperkings op die potensiaal van die Bat= swana om met hul arbeidsinsette nywerheidsontwikkeling in Bo= phuthatswana te bevorder, is hoofsaaklik tweërlei van aard. Eerstens is daar die verwaarloosde toestand van die tegniese onderwys (Republic of Bophuthatswana, 1978, pp.62-68) en twee= dens die groot aantal werkers wat buite Bophuthatswana werk. Hierdie beperkings sal deeglik voor oë gehou moet word by die ontwerp van 'n beleid om nywerheidsontwikkeling in Bophutha= tswana te bevorder, want die gebrek aan geskoolde arbeid is 'n ernstige hindernis in die weg van vooruitgang: die doelmatig= heid van die arbeid is laag, spesialisasie in beroepe en in handel is beperk, die aanbod van ondernemers is onvoldoende en tradisionele waardes en houdinge oorheers (Meier, 1976, p.519).

4.3.5 <u>Kapitaal</u>

Vir 'n ontleding van die potensiaal van kapitaal om nywer= heidsontwikkeling in Bophuthatswana te bevorder, moet aan die volgende aandag geskenk word: die bronne van investering, soos die besparings deur huishoudings, firmas, die owerheid en buitelandse ekonomiese subjekte[1]; die aanwending daarvan

---

1) Ekonomiese subjekte is die besluitnemende eenhede en die uiteindelike voordeeltrekkers uit transaksies in 'n ekonomie (Lombard en Stadler, 1971, p.33).

op kapitaalitems soos ekonomiese en sosiale infrastruktuur; nywerheidsaanlegte en -toerusting; voorrade en verbeterings aan grond; en die instellings wat as tussengangers tussen die mobilisering en aanwending van spaargeld dien. So 'n ontleding is nog nie op 'n sistematiese wyse deurgevoer nie en val nie binne die bestek van hierdie ondersoek nie. Daar word met 'n paar algemene opmerkings volstaan.

Daar kan by gebrek aan tersaaklike inligting op grond van die teorie aangeneem word dat die besparings deur ekonomiese subjekte in Bophuthatswana 'n beperkende faktor op nywerheids=ontwikkeling is.[1)] Pogings om hierdie bron van investering uit te bou, is een van die voorvereistes vir nywerheidsontwikke=ling.[2)] Daar kan ook aanvaar word dat Bophuthatswana vir nog 'n hele aantal jare van die buiteland (spesifiek Suid-Afrika) vir spaargeld afhanklik sal wees.

### 4.3.6 Samevatting

Dit blyk dat daar heel moontlik 'n goeie potensiaal is om voedsel soos graanmeulprodukte en veevoer, mineraalprodukte soos pottebakkersware, erdeware, bakstene en sement, en inter=mediêre produkte soos vervaardigde metaalprodukte, tekstiele en houtprodukte te vervaardig. Die vernaamste beperkings in die benutting van hierdie potensiaal, is besparing en ge=skoolde arbeid.

Om 'n werklike bydrae tot ekonomiese ontwikkeling te kan lewer, moet daar benewens 'n nywerheidspotensiaal ook 'n behoefte aan die nywerheidsprodukte wees. Dit word vervolgens bespreek.

---

1) Kyk byvoorbeeld Meier, 1976, p.43 en Van Wyk, 1980, p.340.
2) Kyk byvoorbeeld Thirlwall, 1978, pp.257-291.

## 4.4 DIE BEHOEFTE AAN NYWERHEIDSONTWIKKELING IN BOPHUTHATSWANA

### 4.4.1 Inleiding

Ten einde die behoefte aan nywerheidsontwikkeling in Bophuthatswana te ontleed, moet alle faktore ondersoek word wat 'n vraag na die produkte of dienste van die nywerheid kan meebring. Dit sluit die beleid in om basiese behoeftes te bevredig, sowel as die verbruikstruktuur van huishoudings en die owerheid, en die intermediêre produkte wat deur bedryfstakke gebruik word.

### 4.4.2 Die implikasies van die bevrediging van basiese behoeftes

#### 4.4.2.1 Inleiding

In hoofstuk 3 is daar tot die slotsom geraak dat dit belangrik is om die voorsiening van voedsel, behuising, gesondheid, vervoer en onderwys te bevorder.[1] Hierby kan die voorsiening van klerasie en die bevrediging van nie-materiële behoeftes gevoeg word.[2] Die implikasies van basiese behoeftebevrediging vir nywerheidsontwikkeling word vervolgens bespreek.[3]

#### 4.4.2.2 Voedsel en drank

Om meer voedsel en drank in Bophuthatswana te vervaardig, sal die koopkrag van die Batswana moet toeneem, die invoer van stapelvoedselsoorte deur plaaslike vervaardiging vervang en plaaslike landbouproduksie verhoog moet word. In nywerheids=

---

1) Kyk paragraaf 3.5, p.73.

2) Kyk paragraaf 2.2.2.2.1, p.14.

3) Kyk ook tabel 4.9, p.131.

Tabel 4.9 - Bedryfstakke betrokke by basiese behoefte=bevrediging

| Basiese behoefte | Bedryfstakke wat betrokke is | |
|---|---|---|
| | Direk | Indirek |
| Voedsel en drank | Landbou, vee-, groente- en vrugteboerdery | Kunsmis, plaagdoders, onkruiddoders, houtprodukte, tekstiele, papierprodukte, plastiekprodukte, metaalprodukte |
| | Voedsel | Landbou, veeboerdery, groenteboerdery, vrugteboerdery, vervaardiging van voedsel |
| | Drank | Metaalprodukte, glasprodukte, verpakkingsmateriaal |
| Behuising | Konstruksie | Boumateriaal |
| | Meublement | Meubels, tekstiele, papier, elektriese huishoudelike produkte, metaalprodukte |
| Gesondheid | Gesondheidsdienste | Medisinale en farmaseutiese preparate, metaalprodukte, professionele uitrusting |
| Onderwys | Onderwysdienste | Papier en drukwerk, skoolbanke en ander skooltoebehore |
| Vervoer en kommunikasie | Vervoer- en kommunikasiedienste | Brandstof, elektriese krag, konstruksie- en vervoertoerusting |
| Klerasie | Tekstiele en klerasie, leer en skoeisel | Veeboerdery, kunsvesels |

ontwikkeling sal voorkeur aan die voedselbedryfstak gegee moet word. Dit sluit die volgende in: die slag van vee, voorbereiding en preservering van vleis, vervaardiging van suiwelprodukte, inmaak en preservering van vrugte en groente, vervaardiging van olies en vette, vervaardiging van bakkeryprodukte en vervaardiging van bereide veevoer.

Tabel 4.9 toon dat die bevordering van die landbou en voedselbedryfstak deur die ontwikkeling van die chemiese bedryfstak (vir kunsmis, plaagdoders en onkruiddoders), die metaalbedryfstak (vir trekkers, ploeë en metaalhouers) en die bedryfstakke verantwoordelik vir houtprodukte, tekstiele, papier- en plastiekprodukte ondersteun moet word. Vir die ontwikkeling van die drankbedryfstak moet die bedryfstakke verantwoordelik vir metaalprodukte, glasprodukte en verpakkingsmateriaal ondersteun word.

4.4.2.3 Behuising

Hierdie behoefte is hierbo ontleed[1] en vereis die bevordering van die klein konstruksiebedryfstak in Bophuthatswana, omdat dit hoofsaaklik sy verantwoordelikheid is om aanvaarbare behuising aan die inwoners te voorsien. Die oogmerk moet wees om so veel moontlik van die boumateriaal en huishoudelike benodigdhede plaaslik te vervaardig, byvoorbeeld bakstene, sement, deurrame, vensterrame, glas, deure, dakteëls, meubels, gordyne en elektriese huishoudelike produkte.

4.4.2.4 Gesondheid

Die bevordering van gesondheid behels onder andere die bevordering van bedryfstakke wat medisinale en farmaseutiese preparate, geneeskundige, sanitêre en higiëniese toestelle en be=

---

1) Kyk paragraaf 3.5.3, p.76.

nodigdhede, meet- en kontrole-uitrusting, en metaalmeubels ver=vaardig.

4.4.2.5 <u>Onderwys</u>

Dit is staande beleid in Bophuthatswana om die onderwys=stelsel vinnig te ontwikkel (Bophuthatswana Development Council, 1980). Hoe meer hierdie beleid slaag, hoe groter sal die vraag na papier, drukwerk, skoolklere, skoolbanke en ander skooltoe=behore wees.

4.4.2.6 <u>Vervoer en kommunikasie</u>

Die bevordering van vervoer en kommunikasie impliseer die bevordering van die voorsiening van brandstof, elektriese krag, vervoertoerusting, paaie, telefoonnetwerke, radio- en televisie-ateljees en -stasies en poskantore. Die vraag na vervoer en kommunikasie sal terselfdertyd die vraag na konstruksiebedrywig=hede, yster en staal, chemikalieë, tekstiele en ander materiale aanmoedig.

4.4.2.7 <u>Klerasie</u>

Om in die basiese behoefte aan klere en skoene te voldoen sonder om altyd van invoer afhanklik te wees, sal die plaaslike vervaardiging van gebreide kledingstukke, mans- en seunsklere, vroue- en meisiesklere en skoeisel bevorder moet word. Vee=boerdery en die vervaardiging van kunsvesels is indirek by die behoefte aan klere en skoene betrokke.

4.4.3 Verbruikstruktuur

4.4.3.1 Inleiding

Verbruik kan van tweërlei aard wees, naamlik binnelandse en buitelandse verbruik. Hierdie onderskeid word gemaak omdat binnelandse verbruik in groot mate ŉ funksie van die binnelandse koopkrag is, terwyl buitelandse verbruik ŉ funksie van onder andere die buitelandse koopkrag is. Op grond van die twee hoof= subjekte van ŉ ekonomie kan binnelandse verbruik in private ver= bruik en owerheidsverbruik ingedeel word. Binnelandse verbruik word vervolgens eerste bespreek en daarna buitelandse verbruik.

4.4.3.2 Binnelandse verbruik

4.4.3.2.1 Private verbruik

Tabel 4.10 hieronder verskaf besonderhede oor die verbruiks= patroon van huishoudings in Bophuthatswana. Indien die laaste verbruiksitemgroep, naamlik "ander", buite rekening gelaat word, blyk dit dat voedsel die belangrikste enkele verbruiksitemgroep van huishoudings is, gevolg deur hout en houtprodukte (waaron= der meubels), klerasie en motorvoertuigonderdele en toebehore. Van die oorblywende verbruiksitems was drank, vervoer en petrol, olie en ghries die belangrikste. Hierdie reeds gedemonstreerde behoeftes van huishoudings skep ŉ behoefte aan die ontwikkeling van verwante bedryfstakke.

Die verbruiksitems van huishoudings in Bophuthatswana word gedeeltelik ingevoer. Een aanduiding hiervan is die aandeel van private verbruik in die bruto binnelandse produk. Private verbruiksbesteding was in 1976 R293,3 miljoen, dit wil sê 114 persent van die bruto binnelandse produk (Republic of Bophu= thatswana, Department of Economic Affairs, 1979, tabelle 3 en 4). Hierdie uitsonderlike hoë persentasie kan hoofsaaklik aan

Tabel 4.10 - Verbruikspatroon van huishoudings binne Bophu= thatswana, 1977

| Verbruiksitems | Totaal | Besteding buite Bophutha= tswana |
|---|---|---|
| | (Persentasiever= deling) | |
| Voedsel | 38,1 | 27,3 |
| Drank | 3,7 | 1,4 |
| Tabak | 1,3 | 0,8 |
| Tekstielstowwe | 1,6 | 2,8 |
| Klerasie | 10,0 | 17,4 |
| Skoeisel | 1,6 | 3,0 |
| Hout en houtprodukte | 10,9 | 19,1 |
| Chemiese produkte | 1,5 | 1,4 |
| Petrol, olie en ghries | 3,2 | 2,8 |
| Rubberprodukte | 0,2 | 0,3 |
| Nie-metaalhoudende mineraalprodukte | 2,4 | 2,8 |
| Elektriese apparaat, toestelle en be= nodigdhede | 1,0 | 1,9 |
| Motorvoertuigonderdele en toebehore | 5,5 | 7,8 |
| Ander vervaardigde metaalprodukte | 2,6 | 4,9 |
| Elektrisiteit | 2,4 | 0,5 |
| Motorhersteldienste | 0,3 | 0,5 |
| Vervoer | 3,4 | * |
| Kommunikasie | 0,1 | 0,2 |
| Versekering | 1,0 | 1,3 |
| Vaste eiendom en besigheidsdienste | 0,3 | 0,3 |
| Ander | 8,9 | 3,5 |
| Totaal | 100,0 | 100,0 |

Bron: Universiteit van Suid-Afrika, Buro vir Marknavorsing, 1977, tabel 25

invoer toegeskryf word.[1] Uit 'n totaal van 125 lande is dit slegs Lesotho wat ook 'n private verbruiksbesteding van meer as 100 persent van sy bruto binnelandse produk gehad het (World Bank, 1980, pp.118-119). Tabel 4.10 hierbo verstrek verdere besonderhede oor invoer deur huishoudings. Dit is weer eens voedsel waaraan die huishoudings die grootste gedeelte van hul=le besteding buite Bophuthatswana wy, gevolg deur hout en hout=produkte, klerasie en motorvoertuigonderdele en toebehore, om slegs die vier vernaamste verbruiksitemgroepe te noem. Gevolg=lik is daar 'n groot behoefte aan invoervervanging in die betrokke bedryfstakke in Bophuthatswana.

4.4.3.2.2 <u>Owerheidsverbruik</u>

Daar is nie veel inligting oor verbruiksitems van die ower=heid in Bophuthatswana volgens 'n produk- of produksietakklassi=fikasiestelsel beskikbaar nie. Die verbruiksitems word volgens 'n funksionele klassifikasiestelsel in tabel 4.11 hieronder op=gesom.

Volgens die gegewens in die tabel is onderwys die owerheid se grootste verbruiksitem. Gesondheid is die tweede grootste en openbare administrasie die derde grootste. Dit is opmerk=lik hoe 'n lae aandeel van owerheidsverbruik aan ekonomiese dienste (waarby landbou en die voorsiening van paaie ingesluit is) bestee is.

---

1) Die totale vraag in 'n ekonomie is per definisie gelyk aan die bruto binnelandse produk en bestaan uit die som van owerheidsverbruik, private verbruik, bruto binnelandse in=vestering en die verskil tussen uitvoer en invoer. Indien die eerste drie afsonderlik of gesamentlik 'n persentasie van meer as 100 oplewer, beteken dit dat laasgenoemde (die verskil tussen uitvoer en invoer) 'n negatiewe persentasie moet wees. Hierdie persentasie kan slegs negatief wees as invoer groter as uitvoer is.

4.11 - Verbruikspatroon van die owerheid, 1976

| Verbruiksitem | Persentasie |
|---|---|
| Openbare administrasie | 23,9 |
| Openbare orde en veiligheid | 7,0 |
| Onderwys | 28,4 |
| Gesondheid | 24,0 |
| Welsyndienste | 3,4 |
| Behuising en gemeenskapsdienste | 6,2 |
| Ekonomiese dienste | 7,1 |
| Totaal | 100,0 |

Bron: Republic of Bophuthatswana, Department of Economic Affairs, 1979, tabel 5.

4.4.3.3 Buitelandse verbruik

Die buitelandse verbruik van produkte wat in Bophuthatswana vervaardig word, word aan die hand van tabel 4.12 ontleed.

Vervaardigde metaalprodukte is die vernaamste vervaardigde uitvoergoed van Bophuthatswana. Dit word deur onder andere kle= rasie, voedsel, houtprodukte en nywerheidschemikalieë gevolg.

Die uitvoer van hierdie produkte demonstreer dat Bophutha= tswana wel kan meeding op die internasionale mark, maar die uitvoer kan selfs verhoog word indien die elastisiteit van vraag groot genoeg is en binnelandse produktiwiteit gehandhaaf kan word.

4.4.4 Intermediêre produkte (rugwaartse skakeling)

4.4.4.1 Inleiding

In teenstelling met die voorwaartse skakeling[1] word die rugwaartse skakeling van die vernaamste bedryfstakke in Bophu= thatswana aan die hand van tabel 4.13 ontleed.[2] Tabel 4.14[3] ver= skaf besonderhede oor die invoer van intermediêre produkte deur die nywerheid.

4.4.4.2 Rugwaartse skakeling van bedryfstakke

Die feit dat elke bedryfstak met homself rugwaarts geskakel is, impliseer dat daar in beginsel 'n behoefte aan produkdiversi= fikasie, spesialisasie en eksterne differensiasie is.[4]

---

1) Kyk paragraaf 4.3.3, p.123.
2) Kyk p.140.
3) Kyk p.141.
4) Kyk paragraaf 4.3.3.3, p.125 en tabel 4.13, p.140.

4.12 - Bedryfstaksamestelling van uitvoer, 1979

| Bedryfstak | Bedrag<br>R | Persentasie |
|---|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | 10 961 520 | 11,6 |
| Tekstiele, klerasie en leerprodukte | 23 736 388 | 25,1 |
| Hout en houtprodukte | 9 406 135 | 10,0 |
| Papier en papierprodukte | 661 829 | 0,7 |
| Nywerheidschemikalieë | 8 361 000 | 8,9 |
| Nie-metaalhoudende mineraalprodukte | 2 335 090 | 2,5 |
| Basiese metaalprodukte | 1 420 000 | 1,5 |
| Vervaardigde metaalprodukte, masji= nerie en uitrusting | 34 867 178 | 36,9 |
| Ander vervaardiging | 2 656 418 | 2,8 |
| Totaal vervaardiging | 94 405 558 | 100,0 |

Bron: Voorlopige beramings van die Departement Ekonomiese Sake van Bophuthatswana en Müller, 1981a.

Tabel 4.13 - Rugwaartse skakeling van bedryfstakke

| Bedryfstakke | Rugwaarts geskakel met: |
|---|---|
| Landbou | Landbou, graan en veevoer=verwerking, tekstiele, kunsmis en plaagbeheer, ander basiese chemiese produkte, landboumasjine=rie, vervoertoerusting |
| Mynwese | Bosbou, basiese chemiese produkte, metaalprodukte, masjinerie. |
| Voedsel, drank en tabak | Landbou, voedsel, drank en tabak, papierhouers, metaalprodukte, masji=nerie |
| Tekstiele, klerasie en leerprodukte | Landbou, tekstiele, kle=rasie en leerprodukte, sintetiese hars, ander basiese chemiese produk=te |
| Hout en houtprodukte | Bosbou, hout en houtpro=dukte |
| Vervaardigde metaalprodukte, masji=nerie en uitrusting | Basiese yster en staal, basiese nie-ystermetale, metaalprodukte, masjine=rie |

Bron: Stadler, 1973, pp.191-209

Tabel 4.14 - Intermediêre invoer deur bedryfstakke, 1979

| Bedryfstak (invoerder) | Bedrag<br>R | Persentasie |
|---|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | 18 475 124 | 24,3 |
| Tekstiele, klerasie en leerprodukte | 15 496 405 | 20,4 |
| Hout en houtprodukte | 4 321 456 | 5,7 |
| Papier en papierprodukte | 34 170 | 0,0 |
| Nywerheidschemikalieë | 6 331 000 | 8,3 |
| Nie-metaalhoudende mineraalprodukte | 1 562 445 | 2,1 |
| Basiese metaalprodukte | 2 326 020 | 3,1 |
| Vervaardigde metaalprodukte, masji=nerie en uitrusting | 26 220 194 | 34,5 |
| Ander vervaardiging | 1 234 441 | 1,6 |
| Totaal vervaardiging | 76 001 255 | 100,0 |

Bron: Voorlopige ramings van die Departement Ekonomiese Sake van Bophuthatswana en Müller, 1981a.

Dit blyk ook uit tabel 4.13 dat die landbou veral van graan, veevoer, tekstiele, kunsmis, plaagdoders, ander basiese chemie= se produkte, landboumasjinerie en vervoertoerusting vir insette afhanklik is. Die feit dat die mynwese so 'n belangrike bedryfs= tak in Bophuthatswana is, impliseer dat daar 'n groot behoefte aan bosbouprodukte, basiese chemiese produkte, metaalprodukte en masjinerie is. Die bedryfstak voedsel, drank en tabak het benewens sy eie produkte ook papierhouers, metaalprodukte en masjinerie nodig. Tekstiele, klerasie en leerprodukte is nes die voedsel, drank en tabak bedryfstak afhanklik van 'n sterk landbou bedryfstak. Basiese yster en staal en basiese nie-ystermetale is belangrike insette vir die bedryfstak wat vir die vervaardiging van metaalprodukte, masjinerie en uitrusting verantwoordelik is.

4.4.4.3 <u>Invoer van intermediêre produkte</u>

Die bedryfstakke in die nywerheid van Bophuthatswana het in 1979 intermediêre produkte ter waarde van R76 miljoen inge= voer.[1] Dit beteken dat daar in beginsel 'n behoefte aan die invoervervanging van intermediêre produkte bestaan.

Drie bedryfstakke was gesamentlik vir 79 persent van die invoer van intermediêre produkte verantwoordelik, naamlik die vervaardiging van metaalprodukte, masjinerie, uitrusting, voed= sel, drank, tekstiele, klerasie en leerprodukte. Met tabel 4.13 in gedagte beteken dit dat veral metaalprodukte, masjine= rie, basiese yster en staal, papierhouers, voedsel en tekstiele ingevoer word.

---

1) Kyk tabel 4.14,p.141.

### 4.4.5 Samevatting

'n Ontleding van die behoefte aan nywerheidsprodukte toon dat 'n beduidende vraag na voedselprodukte, boumateriaal, onder=wysbenodigdhede, houtprodukte, veevoer, masjinerie en farma=seutiese preparate bestaan. Die vernaamste beperking is koop=krag, insluitende die verlies aan koopkrag deur invoer.

## 4.5 SAMEVATTENDE OPMERKINGS OOR DIE POTENSIAAL VIR EN BEHOEFTE AAN NYWERHEIDSONTWIKKELING

Uit die ontleding van die potensiaal vir en behoefte aan nywerheidsontwikkeling skyn dit lonend te wees om die ontwik=keling van die bedryfstakke wat met voedsel, behuising, tek=stiele en houtprodukte gemoeid is, te ondersoek. 'n Strategie om onder andere hierdie bedryfstakke te ontwikkel, word ver=volgens bespreek. So 'n strategie moet noodwendig beperkings soos koopkrag, hoë invoer, lae besparing en min geskoolde werkers in ag neem.

## 4.6 DIE BEVORDERING VAN NYWERHEIDSONTWIKKELING

### 4.6.1 Inleiding

Die doelstellings met betrekking tot nywerheidsontwikkeling kan as redelik standaard vir alle lande beskou word (Organisa=tion for Economic Co-operation and Development, 1975 en 1978). Dit is net die relatiewe voorrang wat van land tot land kan verskil. Die metodes om die doelstellings na te streef, is ook relatief standaard, maar 'n land kan 'n bepaalde metode bo 'n ander

verkies. In die bespreking hieronder sal daar gevolglik nie gepoog word om unieke aksieprogramme vir die ontwikkeling van die nywerheid in Bophuthatswana af te lei nie. Algemene aksie=programme word aan die hand van Organisation for Economic Co-operation and Development (1975 en 1978) opgesom, met enkele opmerkings oor die toepaslikheid daarvan vir Bophuthatswana.

Die doelstellings van die aksieprogramme kan nie afsonder=lik beskou word nie. Elkeen lewer 'n bepaalde bydrae tot die verwesenliking van die doelstellings van ekonomiese ontwikke=ling.[1] Hierdie bydrae sal deeglik voor oë gehou moet word by die ontwerp van aksieprogramme om nywerheidsontwikkeling te bevorder.

Die aksieprogramme met betrekking tot nywerheidsontwikke=ling word in tabel 4.15 hieronder opgesom en vervolgens be=spreek. Die aksieprogram wat met die kleinindustrie gemoeid is (aksieprogram 6), word volledig in hoofstuk 5 bespreek. Aksieprogramme 7, 8 en 9 word nie afsonderlik bespreek nie, omdat dit 'n herhaling van die ander aksieprogramme beteken.

### 4.6.2 Die ekonomie in die algemeen

Hierdie aksieprogram het met die skep van 'n gunstige "kli=maat" vir sakebedrywighede te doen. Deur middel van monetêre beleid[2] en fiskale beleid[3] word gepoog om ekonomiese bedry=wighede tydens konjunktuurdaling uit te brei en tydens konjunk=

---

1) Soos in hoofstuk 2 toegelig, kyk veral pp.13-34.

2) Monêre beleid konsentreer gewoonlik op die geldvoorraad wat vir ekonomiese transaksies beskikbaar is en op die rentekoers wat kredietransaksies reëel. (Kyk byvoorbeeld Todaro, 1977, p.376.)

3) Fiskale beleid konsentreer gewoonlik op die mobilisering van fondse (vir owerheidsbesteding en selektiewe bevordering van ekonomiese aktiwiteite) deur middel van belastings. (Kyk by=voorbeeld Todaro, 1977, pp.378-379.)

Tabel 4.15 - Aksieprogramme vir nywerheidsontwikkeling: doelstellings en metodes

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| 1. Die ekonomie in die algemeen. | 1.1 Bevorder 'n omgewing wat gunstig vir ekonomiese aktiwiteite in die alge= meen is | 1.1.1 Monetêre, fiskale en kredietbeleid<br>1.1.2 Staatsbesteding<br>1.1.3 Prys en loonbeleid<br>1.1.4 Wetgewing<br>1.1.5 Diverse |
| 2. Nywerheidsuitbreiding | 2.1 Bevorder produktiewe be= legging in nuwe onderne= mings en uitbreiding van produksiekapasiteite | 2.1.1 Versnelde depresiasie<br>2.1.2 Beleggingsreserwes<br>2.1.3 Ander belastingverlig= tings<br>2.1.4 Toekennings<br>2.1.5 Kredietfasiliteite, lenings of voorskotte<br>2.1.6 Owerheidsdeelname |
| 3. Strukturele aanpassing | 3.1 Bevorder die hertoedeling van produktiewe hulpbron= ne tussen produksietakke | 3.1.1 tot 3.1.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |
| | 3.2 Bevorder tussenfirma-oor= eenkomste met betrekking tot samewerking, assosia= sie en samesmelting | 3.2.1 tot 3.2.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |

Tabel 4.15 - vervolg

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| 4. Tegnologiese innovasie | 4.1 Bevorder die oordrag van tegnologie | 4.1.1 tot 4.1.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |
| | 4.2 Bevorder die aanpassing van tegnologie | 4.2.1 tot 4.2.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |
| | 4.3 Bevorder navorsing en ont= wikkeling | 4.2.1 tot 4.2.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |
| 5. Doeltreffendheid van bestuur | 5.1 Bevorder die formele op= leiding van potensiële en bestaande bestuurders | 5.1.1 Skoolopleiding<br>5.1.2 Tersiêre opleiding |
| | 5.2 Bevorder die praktiese op= leiding van potensiële en bestaande bestuurders | 5.2.1 tot 5.2.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |
| | 5.3 Bevorder die oordrag van inligting en tegniese kundighede | 5.3.1 tot 5.3.6 Dieselfde as onder aksieprogram 2 |
| 6. Kleinindustrie | Al die doelstellings reeds genoem met die fokus op die kleinindustrie | Al die metodes reeds ge= noem |
| 7. Streeksontwikkeling | Al die doelstellings reeds genoem met die fokus op be= paalde geografiese streke | Al die metodes reeds ge= noem |

Tabel 4.15 - vervolg

| Aksieprogram | Doelstellings | Vernaamste metodes |
|---|---|---|
| 8. Uitvoerbevordering | Al die doelstellings reeds ge= noem met die fokus op uitvoer= bedryfstakke | Al die metodes reeds ge= noem |
| 9. Invoervervanging | Al die doelstellings reeds ge= noem met die fokus op die invoermededingende bedryfs= takke | Al die metodes reeds ge= noem |

Bron: Organisation for Economic Co-operation and Development, 1975 en 1978.

tuurstyging in te kort. Indien hierdie beleid nie voldoende is om die druk op die algemene pryspeil te verlig nie, kan ower=heidsbesteding diskresionêr volgens die konjunktuurverloop inge=kort of uitgebrei word, en pryse en lone direk beheer word. Wette wat onder andere migrasie, minimum lone, die toetrede van nuwe ondernemings tot die mark en standaarde beheer, kan as gun=stig of beperkend vir sakebedrywighede beskou word, al was dit nie die oorspronklike doel daarvan nie. Hierbenewens het diver=se ander reëlings, waaronder die daarstelling van instellings om bepaalde funksies te verrig, soos nasionale navorsingslabora=toriums, ook betrekking op die klimaat vir sakebedrywighede (Todaro, 1977, p.376, voetnota 2).

Bophuthatswana behoort saam met Suid-Afrika, Lesotho, Swa=ziland, Transkei en Venda aan die rand-monetêre stelsel en het nie 'n plaaslik beheerde geldmark nie. Dit beteken dat hy hoof=saaklik op ander metodes aangewese is om 'n gunstige klimaat vir sakebedrywighede te skep. Hierdie metodes sal in hoofstuk 5 meer in besonderhede bespreek word.

### 4.6.3 Nywerheidsuitbreiding

Die doelstelling van hierdie aksieprogram is om die produk=tiewe belegging in nuwe ondernemings en die uitbreiding van die produksiekapasiteite van bestaande ondernemings te bevorder. Daar is hoofsaaklik ses soorte metodes om hierdie doelstelling te bevorder. Dit word in tabel 4.15 opgesom en vervolgens kortliks toegelig.

Versnelde depresiasie beteken dat 'n groter gedeelte van die prys van vaste bates gedurende 'n bepaalde tydperk vir belasting=doeleindes afgeskryf mag word as wat die algemene belastingwet=gewing voorskryf. In Bophuthatswana, byvoorbeeld, word die

belasting betaalbaar deur nuwe nywerheidsondernemings en dié wat hulle produksiekapasiteit uitbrei met 30 persent van die boekwaarde van hulle totale of bykomende vervaardigingsaanleg soos aan die einde van die eerste finansiële jaar oor drie jaar verminder. Die belastingafslag kan in belastingvrye toekennings omgeskep word as die belasting betaalbaar deur 'n onderneming te min is. Al twee hierdie maniere verskaf aan die onderneming geld waarmee die belegging gedeeltelik gefinansier kan word.

Beleggingsreserwes beteken dat ondernemings toegelaat word om 'n bepaalde gedeelte van hulle belasbare wins belastingvry terug te hou vir die finansiering van toekomstige uitbreiding. Bophuthatswana maak nie van hierdie metode gebruik nie.

Benewens die twee soorte belastingverligtings wat hierbo genoem is, kan belastingverligtings ook op grond van ander oorwegings toegestaan word. In die geval van Bophuthatswana word die belasting betaalbaar deur nuwe ondernemings en ondernemings wat hulle produksiekapasiteit uitbrei met 'n bedrag verminder wat gelyk is aan tussen 20 en 50 persent van die lone van hulle totale of bykomende Batswana werknemers gedurende die eerste sewe jaar ná totstandkoming of uitbreiding. Die persentasies wissel na gelang van geografiese gebied. Wanneer die belasting betaalbaar deur een van die betrokke ondernemings te min is, kan die voordeel in 'n belastingvrye toekenning omgeskep word.

Daar is alreeds na toekennings verwys wat onder bepaalde omstandighede die belastingtoegewings kan vervang. Dit kan ook in eie reg gebruik word om nywerheidsuitbreiding aan te spoor. In Bophuthatswana kan toekennings gelyk aan die ver=voerkoste van 'n nywerheidsaanleg en die persoonlike besittings van werknemers van 'n metropolitaanse gebied in Suid-Afrika na Bophuthatswana toegeken word.

Die owerheid of semi-owerheids- finansiële instellings kan verskeie soorte kredietfasiliteite aan ondernemings beskikbaar stel om hulle belegging te finansier. So kan lenings teen nor= male markvoorwaardes of teen spesiale voorwaardes beskikbaar gestel word. In Bophuthatswana word lenings vir nywerheidsuit= breiding deur die Bophuthatswana Nasionale Ontwikkelingskorpora= sie (BNOK) vir 10 jaar teen 'n gesubsidieerde rentekoers toege= staan. Die rentekoers is gelyk aan die rentekoers op staats= effekte plus 0,5 persent minus, afhangende van geografiese ge= bied, tussen 1,5 en 5,5 persent, mits die rentekoers nie laer as 4 persent is nie. Behuisingslenings tot 'n maksimum van R26 000 per woning word vir 20 jaar toegestaan aan kernpersoneel wat van Suid-Afrika na Bophuthatswana verplaas is. Die rentekoers is 3,75 persent laer as die heersende rentekoers op bouvereniging= behuisingslenings in Suid-Afrika.

In plaas daarvan om lenings beskikbaar te stel, kan die ower= heid eerder die koste van private krediet subsidieer. Alhoewel hierdie metode nog nie in Bophuthatswana gebruik word nie, sal dit in die toekoms al hoe meer aandag geniet omdat die owerheid in hierdie geval nie self die funksie van die mark vir lenings= fondse vervul nie, maar die private mark toelaat om vryelik te ontwikkel.

'n Derde soort kredietfasiliteit is om staatswaarborge vir lenings by gewone finansiële instellings te verskaf. Hierdie metode word nog nie in Bophuthatswana gebruik nie, maar dit kan weens dieselfde rede as hierbo in die toekoms al hoe meer aan= dag geniet.

Nog 'n metode wat onder kredietfasiliteite bespreek kan word omdat dit die vraag na krediet verminder, is die subsidiëring van grondhuur en die spoorvrag op produkte. In Bophuthatswana word grond en geboue vir die eerste 10 jaar teen 'n gesubsidieer= de huur beskikbaar gestel. Die jaarlikse huur word op grond

van 'n persentasie van die aanvangskoste (die koste van die grond en geboue) bereken. Tans is die persentasie die rentekoers van staatseffekte plus 9,5 persent minus, na gelang van geogra= fiese gebied, tussen 1,5 en 4,5 persent. 'n Maksimum toeslag van 30 persent op die normale spoorvrag word vir uitgesoekte produkte toegestaan wat in bepaalde geografiese gebiede in Bo= phuthatswana vervaardig word.

Die laaste metode om nywerheidsuitbreiding te bevorder is owerheidsdeelname. Dit beteken dat die owerheid direk of in= direk deur middel van semi-owerheidsinstellings 'n aandeel in die geregistreerde kapitaal van 'n nuwe onderneming voorsien en behou. Sedert onafhanklikheidswording word hierdie metode nie meer in Bophuthatswana gebruik nie ten einde die individu te beklemtoon.

### 4.6.4 Strukturele aanpassing

Onder strukturele aanpassing word wesenlik minstens drie doelstellings ingesluit:

(i) Die hertoedeling van produktiewe hulpbronne tussen die onderskeie bedryfstakke[1] in 'n ekonomie.

(ii) Die bevordering van tussenfirma-ooreenkomste met betrekking tot samewerking, assosiasie en same= smelting. Verwant hieraan is die bevordering van die kleinindustrie, wat onder aksieprogram 6 in= gedeel word.[2]

---

1) Onder bedryfstakke kan die uitvoerbedryfstak, die invoer= mededingende bedryfstakke en hul teenhangers ingesluit word.

2) Kyk tabel 4.15, p.146.

(iii) Die interne aanpassing van ondernemings by nuwe omstandighede wat gedeeltelik onder aksiepro= gramme 4 (tegnologiese innovasie) en 5 (doel= treffendheid van bestuur) ingedeel word.[1]

Die metodes om strukturele aanpassing te bevorder, is soortgelyk aan dié wat vir nywerheidsuitbreiding aangewend kan word en word nie weer bespreek nie.[2] Sover bekend, word geen spesiale poging in Bophuthatswana aangewend om strukturele aanpassing te bevorder nie.

4.6.5 <u>Tegnologiese innovasie</u>

Tegnologiese innovasie kan plaasvind deur nuwe of verbeter= de tegnologie in te voer, bestaande tegnologie aan te pas of nuwe en verbeterde tegnologie deur eie navorsing en ontwikke= ling te skep. Die doelstellings met betrekking tot tegnologiese innovasie kan dienooreenkomstig geformuleer word.[3] Die metodes om hierdie doelstellings te bevorder, is soortgelyk aan dié wat onder nywerheidsuitbreiding bespreek is.[4] Gewoonlik word die doel= stellings tegelyk deur verskeie soorte instellings nagestreef. Hierdie instellings kan in vier groepe ingedeel word: naamlik die owerheid, tersiêre onderwys, private nie-winssoekende in= stellings en private winssoekende instellings. Dit spreek van= self dat die belastingverligtings gewoonlik slegs op private instellings van toepassing gemaak kan word.

---

1) Kyk tabel 4.15, p.146.
2) Kyk paragraaf 4.6.3, p.148.
3) Kyk aksieprogram 4, tabel 4.15, p.146.
4) Kyk paragraaf 4.6.3, p.148.

Sover bekend, word geen spesiale metodes in Bophuthatswana aangewend om tegnologiese innovasie te bevorder nie.

### 4.6.6 Doeltreffendheid van bestuur

Die volgende is metodes waarop die doeltreffendheid van be= stuur in die nywerheid verhoog kan word:

(i) Formele onderwys in die skool en tersiêre onderwysinstellings.

(ii) Praktiese opleiding in die werksituasie, soos aangemoedig deur spesiale metodes soortgelyk aan dié wat hierbo bespreek is.[1]

(iii) Oordrag van inligting en tegniese kundighede deur middel van voorligting, advies en konsul= tasie. Die metodes is soortgelyk aan dié wat hierbo bespreek is.[2]

Die onderwystoestand in Bophuthatswana ia alreeds in hoof= stuk 3 bespreek.[3] Sover bekend, word geen spesiale metodes aangewend om praktiese opleiding in die werksituasie of die oordrag van inligting en tegniese kundighede in Bophuthatswana te bevorder nie.

---

1) Kyk paragraaf 4.6.3, p.148.
2) Kyk paragraaf 4.6.3, p.148.
3) Kyk pp.85-87.

## 4.7 SAMEVATTING

Daar kan sonder huiwering gesê word dat nywerheidsontwikke= ling 'n belangrike bydrae tot ekonomiese ontwikkeling kan lewer. Of dit wel sal gebeur, is van die nywerheidspotensiaal en die behoefte aan nywerheidsprodukte afhanklik. Hierdie potensiaal en behoefte bestaan ongetwyfeld in Bophuthatswana en wel ten opsigte van voedsel, boumateriale en die lopende benodigdhede van die owerheid. Om hierdie potensiaal te benut en die be= hoefte te bevredig, kan heelwat metodes gebruik word. Die sake= klimaat en die bevordering van die kleinindustrie behoort voor= keur te geniet, soos uit hoofstuk 5 sal blyk.

# HOOFSTUK 5

# DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEININDUSTRIE

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die belangrikheid van nywerheidsontwikkeling vir ekonomiese ontwikkeling beklemtoon waarin die kleinindustrie 'n belangrike bydrae lewer. Die omstandighede van die kleinindustrie verskil oor die algemeen so van dié in die grootindustrie dat sy potensiaal, die behoefte aan sy ekonomiese bedrywighede, die beperkings op sy ontwikkeling en die metodes om sy ontwikkeling te bevorder nie dieselfde is as dié wat ten opsigte van die nywerheid in die algemeen in hoofstuk 4 bespreek is nie. Daarom sal in hierdie hoofstuk gepoog word om hierdie eiesoortigheid van die kleinindustrie toe te lig. Dit word gedoen deur die belangrikheid van die kleinindustrie in die algemeen en in Bophuthatswana te benadruk en 'n aksieprogram vir die bevordering van die kleinindustrie in Bophuthatswana te ontwerp. Heel eerste moet die kleinindustrie egter breedvoeriger omskryf word.

## 5.2 OMSKRYWING VAN KLEININDUSTRIE

### 5.2.1 Inleiding

Ten einde die kleinindustrie te omskryf, word daar eerstens gelet op die maatstawe wat gebruik word om tussen die groot- en

kleinindustrie te onderskei. Daarna word riglyne vir die keuse van spesifieke maatstawe en 'n definisie van die klein=industrie aan die hand gedoen.[1]

### 5.2.2 Maatstawe vir die identifisering van die kleinindustrie

Die grootteverdeling van ondernemings in 'n land kan as 'n kontinuüm beskou word, met die heel klein ondernemings aan die een punt en die heel groot ondernemings aan die ander punt. Omdat die onderskeid tussen groot en klein relatief is, sal enige skeidslyn moodwendig deels arbitrêr moet wees. Dit kan nogtans minder arbitrêr gemaak word deur die kleinindustrie volgens min of meer kunsmatige maatstawe te definieer.

'n Groot aantal maatstawe kan onderskei word :

(i) *Hoeveelheid insette*: Die hoeveelheid insette in die produksieproses van ondernemings kan gebruik word om grootte aan te dui. Die maatstawe in hier=die geval is die hoeveelheid werknemers en kapitaal wat gebruik word. Die hoeveelhede kan voorrade of dienste gelewer wees en kan in fisiese of geld=eenhede gemeet word. Dit beteken dat die hoeveel=heid werknemers of die aantal persone in diens, of die aantal ure gewerk, of die dienooreenkom=stige geldwaardes die relevante meeteenhede kan wees. Die hoeveelheid kapitaal kan die fisiese kapitaalvoorraad, of die geldwaarde daarvan, of

1) Daar moet gemeld word dat die kleinindustrie benewens die nywerheid, soos voorheen omskryf, ook die vakkundige diens=bedrywe (veral herstelwerk) insluit.

die waarde van kapitaaldienste[1] wees. Die ideaal is om die geldwaarde van dienste gelewer, te gebruik (Liedholm en Chuta, 1976, p.27), maar in die praktyk word die aantal werknemers en geldwaarde van die kapitaalvoorraad meestal gebruik.[2]

(ii) *Opbrengs*: Grootte volgens opbrengs kan aan die hand van die omvang van produksie of verkope, of selfs indirek aan die hand van die aantal klante gemeet word.

(iii) *Kwalitatiewe maatstawe*: Grootte kan met behulp van kwalitatiewe maatstawe soos die volgende aangedui word: onafhanklikheid van die eienaar, onafhanklikheid om bestuursbesluite te neem, besetting van die bedryfsperseel, die afhanklikheid van inheemse hulpbronne, wettigheid van bedrywighede en die aard van die tegnologie in die produksieproses.

### 5.2.3 Spesifieke maatstawe vir die identifisering van die kleinindustrie

Die keuse van maatstawe vir die identifisering van die kleinindustrie behels twee beslissings, naamlik om tussen die maatstawe te kies en om oor die maksimum omvang van elkeen te

---

1) Die jaarlikse waarde van kapitaaldienste, R, word met behulp van die volgende formule bereken:

$$R = \frac{rV}{1-(1+r)^{-n}}$$

waar V die oorspronklike markwaarde van die bate is, r die rentekoers en n die lewensduur van die kapitaal (Liedholm en Chuta, 1976, p.27).

2) Kyk onder andere World Bank, 1978, p.18 en Staley en Morse, 1965, pp.11-16.

besluit.[1] Ten opsigte van al twee beslissings word die keuse beinvloed deur die omvang en struktuur van die ekonomie, die ekonomiese ontwikkelingstand van die land en die doeleindes waarvoor die kleinindustrie gedefinieer moet word (Staley en Morse, 1965, p.12). Dit beteken dat elke land sy eie definisie van die kleinindustrie moet ontwerp. Daarom is dit nie verba= send nie dat daar in 75 lande 50 verskillende definisies van die kleinindustrie aangetref is (World Bank, 1978, p.18).

Die riglyn hierbo is nodig omdat die definisie van die klein= industrie daarin moet slaag om tussen klein en groot ondernemings, wat ten spyte van soortgelyke algemene omstandighede nogtans ver= skillend funksioneer, te onderskei (Staley en Morse, 1965, p.15). Gestel dat die aantal werknemers as maatstaf gekies word en dat 50 werknemers die maksimum omvang vir die kleinindustrie is. Dit beteken byvoorbeeld dat die gemiddelde onderneming met 20 werknemers se probleme met uitbreiding, innovasie, ensovoorts, anders sal wees as dié van 'n onderneming met 100 werknemers. Die groot onderneming sal ook makliker aan sy geldbehoeftes op die kredietmark kan voorsien.

Die ideaal sou wees om die kleinindustrie direk op grond van sy funksionele verskille met die grootindustrie te defini= eer, maar die verskille is eers duidelik nadat die omstandig= hede van die kleinindustrie (nie-funksioneel gedefinieer) on= dersoek is.

Daar kan uiteenlopende redes vir die definisie van die kleinindustrie wees, byvoorbeeld statistiese, belasting-,

---

1) Daar word algemeen aanvaar dat geen minimum omvang vir die maatstawe gestel moet word nie (Neck, 1977a, p.8).

finansierings-, fabrieksregulasie- en nywerheidsontwikkelings=doeleindes. Vir statistiese doeleindes word die aantal werk=nemers of die waarde van kapitale belegging of 'n kombinasie van die twee gewoonlik gebruik. Die jaarlikse omset of belasbare inkomste word gewoonlik vir belastingdoeleindes gebruik en die waarde van kapitale belegging vir finansieringsdoeleindes. Om fabrieke te reguleer, word die aantal werknemers en die hoeveel=heid elektriese krag verbruik, gewoonlik gebruik (Neck, 1977a, pp.8-9).

Ander riglyne vir die keuse van spesifieke maatstawe sluit die volgende in :

- die maksimum omvang van elke maatstaf moet nie te laag wees nie
- die toename in die arbeidsintensiteit van produksie=tegnieke moet nie beperk word nie
- die maatstaf en die definisie moet buigsaam wees
- die maatstaf moet nie sommige ondernemings, veral dié in die middelste groottegroep, van die voordele van 'n nywerheidsbeleid uitsluit nie

'n Redelik groot maksimum omvang moet gespesifiseer word om voldoende tyd toe te laat waarbinne 'n baie klein onderneming tot selfstandigheid kan groei. As hierdie tydperk te kort is, kan alle vorige pogings om die groei van die onderneming te ondersteun, tevergeefs wees. 'n Te klein maksimum omvang kan bowendien ondernemings wat ondersteuning nodig het daarvan uitsluit.

As die aantal werknemers as maatstaf gebruik word, kan die toepassing daarvan vir die doeleindes van 'n kleinindustrie ontwikkelingsprogram maklik die gebruik van arbeidintensiewe

produksietegnieke ontmoedig. Die groter kleinondernemings sal neig om meer kapitaalintensiewe produksietegnieke te gebruik ten einde vir die ontwikkelingsprogram te kwalifiseer. Hierdie tendens kan sterker wees hoe kleiner die maksimum omvang van die aantal werknemers gestel word en hoe suksesvoller die ont=wikkelingsprogram is.

Die maatstaf kan buigsaam gemaak word deur die maksimum omvang daarvan aanpasbaar te maak. Daar is minstens twee redes vir 'n buigsame maatstaf: Eerstens verander die ekonomiese om=standighede in 'n land met verloop van tyd. Die definisie van die kleinindustrie sal daarom mettertyd aangepas moet word. Tweedens is die maksimum omvang van 'n maatstaf op die funk=sionele omstandighede van 'n min of meer denkbeeldige gemiddelde of verteenwoordigende onderneming gebaseer. Afwykings van hierdie gemiddelde kan sonder twyfel verwag word en die maksi=mum omvang moet aanpasbaar genoeg wees om vir die afwykings voorsiening te maak.

Omdat daar minstens twee soorte nywerheidsbeleid in 'n land kan wees, naamlik 'n algemene nywerheids- en 'n kleinindustrie=beleid, is dit moontlik dat sommige ondernemings nie vir een van die twee kan kwalifiseer nie, omdat hulle per definisie uitgesluit word. Hierdie toestand behoort voorkom te word deur die maatstaf in die definisie van die kleinindustrie sō te kies dat daar nie 'n gaping tussen groot en klein is nie.

### 5.2.4 'n Definisie van die kleinindustrie in Bophuthatswana

Die produksiestruktuur van die nywerheid in Bophuthatswana volgens aantal ondernemings, aantal werknemers en kapitaalbe=legging, word in tabelle 5.1 en 5.2 hieronder opgesom.

Tabel 5.1 - Die produksiestruktuur van die nywerheid in Bophuthatswana volgens indiensnemingsgroepe, 1980

| Indiensnemingsgroepe | Produksiestruktuur | | |
|---|---|---|---|
| | Getal ondernemings | Getal werknemers | Kapitaal= belegging[a] R |
| 1-4 | 215 | 424 | 263 119 |
| 5-9 | 189 | 901 | 199 883 |
| 10-19 | 26 | 307 | 139 539 |
| 20-29 | 8 | 195 | 142 511 |
| 30-49 | 12 | 477 | 696 082 |
| 50-99 | 25 | 1 853 | 2 917 051 |
| 100-199 | 19 | 2 436 | 7 434 246 |
| 200-299 | 6 | 1 534 | 2 018 648 |
| 300-499 | 10 | 3 665 | 2 807 924 |
| 500 en meer | 1 | 1 330 | 622 639 |
| TOTAAL | 511 | 13 212 | 17 240 642 |

a) Die kapitaalbelegging sluit die belegging in grond en geboue uit.

BRON: Voorlopige beramings van die Departement Ekonomiese Sake van Bophuthatswana en Buro vir Ekonomiese Navor= sing : Samewerking en Ontwikkeling, Databank: Bophu= thatswana.

Tabel 5.2 - Die produksiestruktuur van die nywerheid in Bophuthatswana volgens kapitaalbeleggings= groepe, 1980

| Kapitaal= beleggings= groepe a) | Produksiestruktuur | | |
|---|---|---|---|
| | Getal ondernemings | Getal werknemers | Kapitaal= belegging a) |
| R | | | R |
| 0- 1 000 | 333 | 1 598 | 57 767 |
| 1 001 - 2 000 | 32 | 132 | 50 771 |
| 2 001 - 4 000 | 28 | 84 | 85 501 |
| 4 001 - 6 000 | 20 | 288 | 104 946 |
| 6 001 - 10 000 | 11 | 84 | 87 946 |
| 10 001- 15 000 | 10 | 112 | 133 080 |
| 15 001- 20 000 | 5 | 280 | 89 473 |
| 20 001- 30 000 | 9 | 346 | 218 958 |
| 30 001- 40 000 | 5 | 359 | 161 631 |
| 40 001- 60 000 | 11 | 1 013 | 563 034 |
| 60 001-100 000 | 8 | 972 | 618 893 |
| 100 000 en meer | 39 | 7 944 | 15 068 642 |
| Totaal | 511 | 13 212 | 17 240 642 |

a) Kapitaalbelegging sluit die belegging in grond en ge= boue uit.

BRON: Voorlopige beramings van die Departement Ekonomiese Sake van Bophuthatswana en Buro vir Ekonomiese Na= vorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank: Bophuthatswana

Indien daar aangeneem word dat ongeveer 90 persent van die ondernemings in die nywerheid van 'n minder-ontwikkelde land as klein beskou kan word (Neck, 1977a, p.10), sal ongeveer 460 van die 511 ondernemings wat in tabelle 5.1 en 5.2 genoem word onder die kleinindustrie ingedeel kan word. Dit beteken dat 'n onderneming in die kleinindustrie nie meer as ongeveer 50 werknemers moet hê nie,[1)] en dat die kleinindustrie 'n kapitaalbelegging van nie meer as ongeveer R60 000 moet hê nie.[2)] Bogenoemde bevindinge kom ooreen met die gebruik in Afrikalande (Neck, 1977b, p.191). Met behulp van die algehele kapitaal-arbeidsverhouding van die nywerheid in Bophuthatswana, naamlik R1 305[3)], kan die kapitaalbeleggingsekwivalent van 50 werknemers bereken word. Dit is R65 250, of R60 000 tot die maksimum van die naaste kapitaalbeleggingsgroep in tabel 5.2. In Bophuthatswana behoort die kleinindustrie hiervolgens gedefinieer te word.

'n Verdere ontleding van die inligting (Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank: Bophuthatswana) het aangetoon dat hierdie benadering nie eenduidig is nie. Sommige van die ondernemings wat minder as 50 werkers gehad het, het 'n kapitaalbelegging van meer as R100 000 gehad, terwyl ander met 'n kapitaalbelegging van minder as R60 000 meer as 100 werkers in diens gehad het. Dit beteken dat 'n onderneming wat as klein ooreenkomstig een maatstaf beskou is, groot ooreenkomstig die ander was. Om hierdie probleem te oorbrug, behoort beide die maatstawe gebruik te word. Dit is die benadering wat voorts in hierdie hoofstuk aanvaar word.[4)]

---

1) Kry die eerste ongeveer 460 ondernemings in die tweede kolom van tabel 5.1, beginnende by die kleinste indiensnemingsgroep, en verkry die boonste grens van die kleinste indiensnemingsgroep waaronder die 460 ondernemings ingedeel kan word.

2) Volg dieselfde prosedure as hierbo, maar gebruik tabel 5.2.

3) R17 240 642 (in tabel 5.2) gedeel deur 13 212 (in tabel 5.3).

4) Kyk ook Müller, 1981a.

## 5.3 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE KLEININDUSTRIE

### 5.3.1 Inleiding

Die belangrikheid van die kleinindustrie berus op minstens die volgende oorwegings: Eerstens kan 'n klein bedryfsgrootte die tegniese en ekonomiese optimale omvang van baie ondernemings wees. Tweedens kan die kleinindustrie besondere probleme on= dervind om voort te bestaan en te ontwikkel. Derdens kan die kleinindustrie 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese ontwik= keling van 'n land lewer. Hierdie oorwegings word vervolgens bespreek.

### 5.3.2 Bedryfsgrootte

#### 5.3.2.1 Omskrywing

'n Onderneming kan binne 'n gegewe grootte van sy bedryf nie 'n groter opbrengs lewer as wat die tegnologiese verwantskap tussen insette en opbrengs toelaat nie. Om sy opbrengs op lang termyn met 'n gegewe tegnologie te verander, moet die grootte van sy bedryf verander. Of hy enigsins daarby sal baat, sal van sy kapasiteitsbesparing afhang. Minstens drie gevalle kan onderskei word (Bilas, 1971, pp.149-150):

(i) *Konstante opbrengs*: Dit beteken dat as die insette byvoorbeeld verdubbel word, sal die opbrengs ook verdubbel.[1] Die onderneming kan dan geen be= sparings of kostestygings as gevolg van kapasi=

---

1) Die produksiefunksie word in hierdie geval homogeen van graad een genoem (Bilas, 1971, p.120).

teitsuitbreiding ondervind nie. Gegewe dat ander omstandighede konstant bly, sal hy onsydig staan teenoor 'n verhoging, al dan nie, van sy kapasiteit.

(ii) *Toenemende meeropbrengs:* Indien die insette van die onderneming byvoorbeeld verdubbel word, sal die opbrengs meer as verdubbel. Die onderneming sal op lang termyn kapasiteitsbeparinge ondervind. Gegewe dat ander omstandighede konstant bly, sal hy in ooreenstemming met die ekonomiese motief sy bedryfsgrootte wil uitbrei.

(iii) *Afnemende meeropbrengs:* Indien die insette van die onderneming byvoorbeeld verdubbel word, sal die opbrengs minder as verdubbel. Die onderneming sal kostestygings by kapasiteitsverandering ondervind. Dit sal hom derhalwe nie baat om sy bedryfsgrootte uit te brei nie.

Vir 'n gegewe produksiefunksie sal die drie gevalle wat hierbo genoem is saam die tipiese U-vormige verloop van 'n onderneming se langtermyn-gemiddelde kostekromme gee (Bilas, 1971, p.151). Die onderste punt van die U-vormige langtermyn-gemiddelde kostekromme is die onderneming se optimale bedryfsgrootte (Bilas, 1971, p.156).

5.3.2.2 <u>Redes vir klein bedryfsgroottes</u>

Daar kan verskeie redes vir 'n relatief klein bedryfsgrootte wees. Staley en Morse (1965, hoofstukke 5 en 6) noem die ligging van die bedryf, die produksieproses wat gebruik word en die mark. Dit word vervolgens bespreek.

5.3.2.2.1 <u>Die ligging van die bedryf</u>

Die optimale bedryfsgrootte van 'n onderneming word weens die ligging van die bedryf om die volgende redes beïnvloed: vervoerkoste en die noodsaaklikheid van onderhandelings van aangesig tot aangesig tussen produsent en verbruiker.

In sommige bedryfstakke is die grondstowwe vir die ver=vaardigingsprosesse geografies wydverspreid. Dit beteken dat, tensy die grondstowwe na sentrale plekke vervoer word, daar net beperkte hoeveelhede daarvan by 'n bepaalde plek beskikbaar sal wees. Indien die bedrywe gesentraliseer word, sal die be=dryfsgrootte van 'n enkele bedryf neig om groter te wees en sal bykomende hoeveelhede van die grondstowwe van elders na die bedrywe vervoer moet word. Die vervoerkoste sal die potensiële kapasiteitsbesparing verminder, sodat sommige ondernemings mag besluit om nie hul bedryfsgrootte uit te brei nie, maar om hulle bedrywe eerder naby die grondstofbronne te vestig. Hoe groter die vermindering van die massa, volume of onhanteerbaar=heid van die grondstowwe tydens die vervaardigingsproses, hoe groter sal die motivering wees om die bedryfsgrootte relatief klein te hou. Die vernaamste voorbeeld is die voedselbedryfs=tak.

Sommige goedere wat vervaardig word, het so 'n groot massa of volume of is so onhanteerbaar of bederfbaar, dat hulle be=drywe naby hul markte gevestig moet word om vervoerkoste laag te hou. Hoe wyer hierdie markte geografies versprei is, hoe hoër sal die potensiële vervoerkoste wees en hoe kleiner die moontlikheid om kapasiteitsbesparings te behaal. Die bedryfs=groottes sal derhalwe neig om relatief klein te wees. Voor=beelde hiervan is die vervaardiging van veevoer, roomys, meu=bels en bakstene.

Ondernemings wat gespesialiseerde dienste lewer, sal neig om klein te wees en geografies wydverspreid voor te kom sodat met die mins moontlike oponthoud persoonlik met klante in aan=raking gekom kan word.

5.3.2.2.2 <u>Die produksieproses</u>

Die optimale bedryfsgrootte van 'n onderneming kan weens die aard van die produksieproses relatief klein wees. Indien die produksieproses in 'n aantal afsonderlike bedrywighede verdeel kan word, kan dit lonend wees om te spesialiseer en groter arbeidsverdeling toe te pas. Spesialisasie en arbeidsverde=ling is bevorderlik vir klein bedryfsgroottes. Metaalfynwerk is 'n voorbeeld.

Indien die produksieproses op handwerk berus, maar nogtans nie uitsonderlike groot werkspanne vereis nie, soos by die vervaardiging van juweliersware, sal die bedryfsgrootte rela=tief klein wees.

Die produksieprosesse wat met eenvoudige monteerwerk en meng- en afwerkingsbedrywighede gepaard gaan, sal gewoonlik klein bedryfsgroottes tot gevolg hê. Die vervaardiging van diverse houtprodukte is 'n voorbeeld.

5.3.2.2.3 <u>Die mark</u>

Die mark kan op verskeie maniere 'n bydrae tot die totstand=koming en behoud van die kleinindustrie lewer. Die vernaamste hiervan is deur middel van sy grootte. As daar 'n relatiewe klein mark vir 'n produk is, sal die grootte van die bedryf in ooreenstemming met die ekonomiese motief noodwendig klein moet wees. Hierdie grootte sal optimaal wees as die tegnologie by die klein markte aangepas is. Dit geld veral vir serieprodukte en produkte soos leerhandskoene, tente en knope.

### 5.3.3 Die probleme van die kleinindustrie

#### 5.3.3.1 Inleiding

Dit is belangrik om die kleinindustrie afsonderlik uit te ken vanweë die eiesoortigheid van sy totstandkomings-, voortbe= staans- en uitbreidingsprobleme, maar ook omdat owerheidsbeleid selde die omstandighede van die kleinindustrie behoorlik in ag neem (World Bank, 1978, p.24).

#### 5.3.3.2 Toegang tot krediet

In 'n opname van die kleinindustrie in Bophuthatswana is be= vind dat toegang tot die kredietmark die belangrikste probleem in die stigting van klein ondernemings was. Dit was die tweede belangrikste versperring in kapasiteitsuitbreiding (Müller, 1981a, pp. 54 en 63). Die hoofredes hiervoor is die groter risiko's verbonde aan klein ondernemings, hul onvermoë om toepaslike bates as sekerheid aan te bied en die hoë rente betaalbaar op die be= skikbare krediet.

#### 5.3.3.3 Toegang tot gespesialiseerde kennis

Weens beperkte omvang, kan die dienste van 'n professionele bemarkings-, finansiële, personeel- en produksiebestuurder nie bekostig word nie. Gevolglik ondervind die klein ondernemings heelwat bemarkings-, aankoop-, opleidings- en produksieprobleme (Müller, 1981a, pp.54, 59, 61, 62 en 63).

#### 5.3.3.4 Owerheidsbeleid

Tot dusver was daar nog nie 'n spesifieke beleid in Bophu= thatswana om die kleinindustrie te bevorder nie en klein onder= nemings het dit veel moeiliker as die groter ondernemings gevind

om geskikte persele met dienste en handelslisensies te bekom.[1] Trouens, sekere wetgewing en regulasies het die bevordering van die kleinindustrie direk ontmoedig. Hieronder was wette wat dorpstigting en omstandighede in fabrieke reguleer.[2] Dorpsregulasies het die klein ondernemings nie toegelaat om in geproklameerde dorpe produkte in hul huise of op hul woonper= sele te vervaardig nie, alhoewel dit die normale werkplek van die klein ondernemings is (Müller, 1981a, p.25). Fabrieksregu= lasies het sulke hoë eise ten opsigte van onder andere fabrieks= geboue gestel dat die klein onderneming nie die relatief duur geboue kon bekostig nie. Dit beteken dat sommige ondernemings "gestraf" word omdat hulle klein is, terwyl daar goeie ekono= miese redes kan wees waarom hulle klein moet wees en bly.[3]

### 5.3.4 Die bydrae van die kleinindustrie tot ekonomiese ontwikkeling

#### 5.3.4.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is die potensieel belangrike bydrae van nywerheidsontwikkeling tot ekonomiese ontwikkeling bespreek. Nogtans het die nywerheidsontwikkelingstrategie vir ekonomiese ontwikkeling in baie lande nie na wense gevorder nie. Die opvatting het al hoe meer posgevat dat dit hoofsaaklik daar= aan te wyte was dat aksieprogramme om die nywerheid te bevorder

---

1) Die ondernemings in die kleinindustrie van Bophuthatswana be= hartig oor die algemeen self hul verkope.

2) Die Suid-Afrikaanse wette en regulasies was ingevolge ooreen= koms nog in Bophuthatswana van krag. Kyk onder andere Prokla= masie No. R.293 van 1962 en die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (Wet No. 22 van 1941).

3) Kyk paragraaf 5.3.2, p.164.

hoofsaaklik op die grootindustrie ingestem was, terwyl die kleinindustrie eintlik die belangrikste bydrae tot ekonomiese ontwikkeling kan lewer (Liedholm en Chuta, 1976, p.2). Hier= die bydrae word vervolgens aan die hand van die doelstellings van ekonomiese ontwikkeling bespreek.[1)]

5.3.4.2 <u>Die kleinindustrie en basiese behoeftes</u>

Die kleinindustrie lewer op minstens twee maniere 'n bydrae tot die bevrediging van basiese behoeftes:

(i) *Produkte* : Deur die geskikte produkte te lewer. In Bophuthatswana, byvoorbeeld, is bevind dat die kleinindustrie 'n belangrike voorsiener van inheemse materiale vir behuising is. Die be= dryfstakke wat by voedselvervaardiging, gesond= heid, onderwys, vervoer en klerasie betrokke was, was relatief in die minderheid (Müller, 1981a, pp.9-13). In lande soos Taiwan en Korea was die kleinindustrie in die sewentigerjare belangrike verskaffers van voedsel en klerasie (Ho, 1980, p.14). In Afrikalande was klerasie 'n belangrike produk van die kleinindustrie (Page, 1979, p.5).

(ii) *Selfrespek*: Deur die bevrediging van die behoefte aan selfrespek. Die kleinindustrie is vir baie persone haas die enigste manier waarop hulle 'n positiewe bydrae tot die voorspoed van 'n land kan lewer. Dit geld veral vir behoeftiges en persone wat in verafgeleë plekke op die platte= land bly, alhoewel die kleinindustrie nie net tot hulle beperk is nie. Deur aktief aan die

---

1) Kyk paragraaf 2.3.4, p.44.

ekonomiese ontwikkelingsproses deel te neem en persoonlik die vrugte daarvan te pluk, neem die selfrespek van die betrokkenes toe, wat op sigself weer bevorderlik vir die ontwikkeling van 'n land kan wees.[1)]

5.3.4.3 <u>Die kleinindustrie en ekonomiese groei</u>

Die volgende aspekte van belang vir hierdie studie word bespreek:

(i) *Uitbreidingsmoontlikhede*: Daar is aangetoon waarom dit heeltemal normaal is om klein ondernemings te vind.[2)] Daar kan nogtans heelwat ondernemings wees wat slegs tydelik klein is. Hulle is die ondernemings wat oor die potensiaal beskik om hulle produksiekapasiteite uit te brei. Namate hulle potensiaal verwesenlik word, sal 'n groter stroom reële produkte op die mark verskyn, en dit impliseer ekonomiese groei.

(ii) *Toegevoegde waarde*: Die kleinindustrie kan 'n beteke= kenisvolle aandeel in die toegevoegde waarde van die nywerheid hê. Liedholm en Chuta (1976, p.12) het ten opsigte van Sierra Leone bevind dat die kleinindustrie se aandeel ongeveer 43 persent is. In Bophuthatswana was dit egter ongeveer 14 per= sent (Müller, 1981a, p.5). Alhoewel hierdie by= draes wel 'n rol speel, beteken dit dat die groot= industrie 'n groter aandeel in die toegevoegde

---

1) Kyk paragraaf 2.2.2.2, p.14.

2) Kyk paragraaf 5.3.2, p.164.

waarde van die nywerheid het. Dit beteken ook dat die grootindustrie die primêre inkomsteskep=pende instelling in die nywerheid is (International Labour Office, 1961, p.11).[1]

5.3.4.4 Die kleinindustrie en inkomsteverdeling

Omdat die kleinindustrie geleenthede vir behoeftiges skep om 'n inkomste te verdien, kan die kleinindustrie 'n belangrike bydrae lewer om inkomste eweredigter tussen die inwoners van 'n land te verdeel, sonder om bestaande bates te herverdeel.

Die verdeling van inkomste tussen produksie- en bedryfs=takke kan deur die kleinindustrie bevorder word: die klein=industrie is baie keer 'n belangrike skakel tussen die landbou en die fabriekswese en 'n groot verskeidenheid produkte kan vervaardig word, afhangende van die tegniese en ekonomiese omstandighede van 'n land (Todaro, 1977, p.224).

Die kleinindustrie kan 'n belangrike bydrae tot die ruimte=like verspreiding van inkomste lewer soos in Bophuthatswana gebeur het. Ongeveer 59 persent van die nywerheidsondernemings in 1980 was klein ondernemings op die platteland (Müller, 1981a, p.4). Dit word byvoorbeeld veroorsaak omdat klein ondernemings ruimtelik relatief meer beweeglik as groot ondernemings is, geo=grafies 'n relatief kleiner mark bedien en 'n relatief kleiner belegging in infrastruktuur vereis (World Bank, 1978, p.72).

---

1) Dit verklaar ten dele waarom die kleinindustrie in die ver=lede, toe ekonomiese ontwikkeling en ekonomiese groei as min of meer dieselfde beskou is, verwaarloos is.

### 5.3.4.5 Die kleinindustrie en indiensneming

In aansluiting by die vorige bespreking[1] word die bydrae van die kleinindustrie tot indiensneming aan die hand van aantal werkers, kapitaal-arbeidsverhouding en kundighede bespreek.

'n Groot aantal van die werkers in die nywerheid werk in die kleinindustrie omdat daar so baie klein ondernemings is. Die klein ondernemings in Bophuthatswana het byvoorbeeld gemiddeld ongeveer vyf persone in diens gehad, maar omdat daar 447 klein ondernemings was (88 persent van die totale aantal nywerheidsondernemings), kon hulle gesamentlik aan 2 275 persone werk verskaf (17 persent van die totale aantal nywerheidswerkers) (Müller, 1981a, pp.4-5). Die kleinindustrie in Bophuthatswana het nietemin 'n relatiewe klein bydrae tot indiensneming gelewer. In Sierra Leone was daar byvoorbeeld in 1974 ongeveer 50 100 klein ondernemings wat gesamentlik vir 96 persent van die totale aantal nywerheidswerkers verantwoordelik was (Liedholm en Chuta, 1976, p.9). In Tanzanië was die ooreenkomstige verhouding 18 persent, in Egipte 36 persent, in Kenia 19 persent, in Ghana 32 persent, in Ethiopië 83 persent en in Nigerië 64 persent (Page, 1979, p.2).

Die klein industrie is ongeveer vier tot tien keer meer arbeidsintensief as die grootindustrie (World Bank, 1978, p.63). In die geval van Bophuthatswana was dit ongeveer 3,5 keer (Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling, Databank: Bophuthatswana). Dit beteken dat dit 3,5 keer goedkoper is om een werkgeleentheid in die kleinindustrie as in die grootindustrie van Bophuthatswana te skep. Alhoewel daar relatief min kapitaal in die kleinindustrie benodig word, is die kleinindustrie 'n belangrike beleggingsgebied vir spaargeld wat andersins vir verbruik aangewend sou word (World Bank, 1978, p.71).

---

1) Kyk paragraaf 4.2.5, p.112.

Die kleinindustrie is 'n belangrike oefenterrein vir die ontwikkeling van ondernemingsvermoë, bestuursvernuf en ander vaardighede. Dit bly egter 'n belangrike indiensnemer van onge= skoolde werkers (World Bank, 1978, pp.68 en 70).

5.3.4.6 Die kleinindustrie en internasionale betrekkinge

Alhoewel die ondernemings in die kleinindustrie relatief klein is, kan hulle 'n beskeie maar betekenisvolle bydrae tot gesonde internasionale betrekkinge lewer. Dit geld veral ten opsigte van die uitvoer van subkontrakte wat intermediêre pro= dukte aan ondernemings in die buiteland lewer (World Bank, 1978, p.59).

Tydens die opname van die kleinindustrie van Bophuthatswana is bevind dat die ondernemings in groot mate van die buiteland (Suid-Afrika) vir kapitaal- en intermediêre produkte afhanklik is (Müller, 1981a,pp.39 en 40). Daarom word die kleinindustrie ernstig deur beleidsmetodes soos invoertariewe benadeel. In dié mate waarin die bestaan van die kleinindustrie nadelige in= voertariewe verhoed, is dit moontlik dat die kleinindustrie ge= sonde internasionale betrekkinge bevorder.

5.3.5 Samevatting

Daar kan sekerlik oor die belangrikheid van die kleinindus= trie uitgebrei word. Die ontleding behoort nietemin genoegsaam te demonstreer dat die kleinindustrie òf op sigself 'n bestaans= reg het òf hom tot kapasiteitsuitbreiding en modernisering leen. In al drie gevalle kan hy 'n beskeie maar betekenisvolle bydrae tot ekonomiese ontwikkeling lewer, veral deur middel van basiese behoeftebevrediging en indiensneming. Die kleinindustrie moet nietemin heelwat belemmerings oorkom voordat hy 'n bydrae tot eko= nomiese ontwikkeling kan lewer. Die verwydering van hierdie struikelblokke word vervolgens bespreek.

## 5.4 DIE STAPPE TER BEVORDERING VAN DIE KLEIN= INDUSTRIE

### 5.4.1 Inleiding

Om 'n aksieprogram vir die bevordering van die kleinindustrie te ontwerp, moet al die voorafgaande hoofstukke en paragrawe voor oë gehou word. Dit is veral van belang om te let op die nywerheidspotensiaal van Bophuthatswana, die behoefte aan 'n nywerheid en die versperrings waarvoor die kleinindustrie te staan kom. Dit word nie in hierdie hoofstuk opgesom en her= haal nie. Wat wel gedoen word, is om 'n aantal verweefde stappe te identifiseer wat 'n kerngesonde en vooruitstrewende klein= industrie tot gevolg kan hê. Dit beteken nie dat die bevorde= ring van die kleinindustrie 'n maklike taak is wat oornag kan geskied nie. Die verg die volgehoue en intensiewe aandag van hoogs bekwame personeel oor baie jare (International Labour Office, 1961, p.45).

Die volgende stappe moet oorweeg word om die kleinindustrie te bevorder: die skep van 'n gesonde sakeklimaat, keuse van geo= grafiese streke, vestigingsplekke, bedryfstakke en produkte, be= vordering van toepaslike tegnologie, aanmoediging van nuwe en= trepreneurs, aanmoediging van vernuwing en uitbreiding, mobili= sasie van kundige uitvoerende beamptes, tegniese konsultante en organisasies, en koördinasie en hersiening van die program.[1]

---

1) Kyk byvoorbeeld Müller, 1980b, Neck, 1977a, Patel, 1977, Staley en Morse, 1965 en Stepanek, 1977.

### 5.4.2 Die sakeklimaat

Verskeie ekonome[1] meen dat om 'n gunstige sakeklimaat te skep die belangrikste metode is om die kleinindustrie te be=vorder.[2] Bedryfsvryheid kan hierin 'n belangrike bydrae lewer. Die voordele van die kleinindustrie met sy aanpasbaarheid, buig=saamheid en persoonlike verhoudinge, sal deur burokratiese rompslomp en die gepaardgaande hoë bokostes geneutraliseer word (Staley en Morse, 1965, p.325). Bedryfsvryheid beteken ook dat die ondernemings toegelaat en aangemoedig moet word om 'n wins te maak (Staley en Morse, 1965, p.331).

### 5.4.3 Geografiese streke, vestigingsplekke, bedryfs=takke en produkte[3]

Met hierdie belangrike stap word daar beoog om die onder=nemings in die kleinindustrie so te vestig dat die voordele van die ontwikkeling van die regte bedryfstakke en produkte so wyd moontlik oor die bevolking versprei word.

In besluite oor die vestingsplekke van kleinindustrie moet 'n verskeidenheid faktore in ag geneem word, waaronder die streeksontwikkelingsplan, afsetmark, grondstowwe, vervoer, ar=beid, brandstof, water, klimaat, kapitaal, regulasies, behui=sing, ontspanningsgeriewe en onderwys (Viljoen, 1967). In dié gevalle waar nog nie aan vestigingsvereistes voldoen word nie, maar wel volgens 'n streeksontwikkelingsplan tot 'n bepaalde vlak

---

1) Kyk byvoorbeeld Staley en Morse, 1965, p.322.

2) Kyk ook paragraaf 4.6.2, p.144.

3) Hierdie stap het veral op voornemende nuwe klein onderne=mings betrekking. Bestaande klein ondernemings behoort slegs hervestig te word as bestaande vestigingsplekke 'n belangrike belemmering is.

van 'n hiërargiese nedersettingstelsel ontwikkel moet word (Stepanek, 1977, p.44), moet die basiese infrastruktuur vir die kleinindustrie so ver moontlik voorsien word alvorens on= dernemings daar gevestig word (United Nations, United Nations Industrial Development Organization, 1978, p.11). Die infra= struktuur soos paaie, elektrisiteit en water kan sonder verdere verbeterings[1] beskikbaar gestel word. In hierdie geval is die ondernemings self vir verdere verbeterings verantwoordelik. Dit kan ook met verbeterings in die vorm van nywerheidsparke of plattelandse werkswinkels voorsien word (United Nations, United Nations Industrial Development Organization, 1978 and 1980).

Die bedryfstakke en produkte waaraan voorkeur verleen kan word, sal van die nywerheidspotensiaal van die land en streke en van behoeftes afhang.[2] In Bophuthatswana kan die lewens= vatbaarheid van die vervaardiging van produkte wat voorheen genoem is op grond van ekonomiese oorwegings ondersoek word.[3]

### 5.4.4 Toepaslike tegnologie

Dit is die oogmerk met hierdie stap om produksie- en be= stuurstegnologie wat by omstandighede in Bophuthatswana pas, te identifiseer, aan te pas, te skep en uit te brei. Om dit te bereik, sal 'n geskikte kader wetenskaplikes gewerf en in 'n nasionale navorsingslaboratorium georganiseer moet word.[4] Die opleiding van geskikte werkers, tegnici en wetenskaplikes sal hoë voorrang moet geniet (Neck, 1977b, pp.197-198).

1) Die verbeterings sluit die volgende in: werksplekke, omhei= ning, parkeerterreine, kantien en biblioteek.

2) Kyk paragrawe 4.3 en 4.4, pp.117 en 130.

3) Kyk paragrawe 4.3 en 4.4, pp.117 en 130.

4) Kyk ook paragraaf 4.6.5, p.152.

### 5.4.5 Die aantal ondernemers

#### 5.4.5.1 Inleiding

Gelet op die relatief min praktiserende entrepreneurs in die kleinindustrie van Bophuthatswana[1)] en die potensiaal vir en behoefte aan klein ondernemings, sal voorkeuraandag aan 'n vermeerdering van die aantal entrepreneurs geskenk moet word. Dit kan op twee maniere gedoen word: deur persone aan te moe=dig om vir die eerste keer entrepreneurs te word en deur per=sone wat alreeds entrepreneurs is of was, of hulle nou in die buiteland is, al dan nie, aan te moedig om ondernemings in die kleinindustrie van Bophuthatswana te begin. Nie al die persone wat aandui dat hulle daarin belang stel om 'n entrepreneur in die kleinindustrie te word, sal geskik wees nie. Daardie klein groepie persone wat werklik potensiaal toon, sal sorgvuldig gekies moet word. Hierdie aspekte word vervolgens in meer be=sonderhede bespreek.

#### 5.4.5.2 Nuwe entrepreneurs

Metodes hiervoor val in twee kategorieë uiteen: dié wat op persone wat alreeds 'n beroep beoefen en dié wat op die jeug betrekking het.

Wat eersgenoemde betref, kan veral plaasboere uitgesonder word. Hulle beskik gewoonlik alreeds oor 'n minimum handvaar=digheid en kennis om hulle boerdery-inkomste in die stil sei=soene aan te vul deur veral boerderyverwante produkte vir die mark te vervaardig.[2)] Die landbouvoorligtingsbeamptes en landboukoöperasies kan hiermee help.

---

1) Kyk paragraaf 5.3.4.5, p.173.

2) Baie van hulle is in elk geval reeds met sulke bedrywighede gemoeid, dog net vir hulle eie verbruik.

Om die jeug aan te moedig om entrepreneurs in die kleinin= dustrie te word, is dit in die eerste plek noodsaaklik om die sosiale stand van entrepreneurs te verhoog deur volgehoue re= klameveldtogte, insluitende toesprake deur hoogaangeskrewe persone. In die tweede plek sal hoë voorrang aan tegniese op= leiding verleen moet word, hetsy op skool of deur middel van 'n goeie vakleerlingstelsel. Dit moet deur doelmatige beroeps= voorligting aangevul word (Patel, 1977, p.77).

5.4.5.3 <u>Bestaande entrepreneurs</u>

Bestaande entrepreneurs kan aangemoedig word om onderne= mings in die kleinindustrie van Bophuthatswana te begin deur 'n geskikte pakket aansporings aan te bied. Die doel hiervan is tweërlei: om entrepreneurs van die nywerheidsgeleenthede in Bophuthatswana bewus te maak en om hulle te help om die aanvangsprobleme[1] te oorkom.[2]

Om die nywerheidsgeleenthede in Bophuthatswana onder die aandag van bestaande entrepreneurs in die buiteland en in Bophu= thatswana te bring, kan markopnames, uitvoerbaarheidstudies, studies van die profiel van bedryfstakke en ander ondersoeke onderneem en die resultate kosteloos aan entrepreneurs bekend gestel word.

Om die aanvangsprobleme van entrepreneurs te verlig, kan die aansporings soos hierbo bespreek[3], ook op die kleinin= dustrie van toepassing gemaak word. Die aansporings kan selfs aantrekliker vir die kleinindustrie as vir die grootindustrie

---

1) Kyk paragraaf 5.3.3, p.168.
2) Kyk byvoorbeeld Stepanek, 1977, pp.45-47.
3) Kyk paragraaf 4.6.3., pp.148-151.

gemaak word omdat die kleinindustrie spesiale probleme het, maar dit beteken nie dat die klein ondernemings vergoed moet word om= dat hulle klein is nie (Staley en Morse, 1965, p.333) - hulle nadele moet net uitgewis word. Dit beteken dat die aansporings al hoe minder moet word namate die ondernemings self daarin slaag om hulle nadele te oorkom. Hoe groot die aansporings werk= lik moet wees, en hoe lank dit toegepas moet word, sal deur diep= gaande ondersoeke bepaal moet word.

Die entrepreneurs sal finansiële hulp en hulp en advies oor die stigting van ondernemings nodig hê. Daar word aanbeveel dat hierdie hulp vir aansporingsdoeleindes hoogstens teen kosprys aan die entrepreneurs voorsien word. Hierdie hulp en advies het onder meer betrekking op die keuse van ondernemingsvorme, wetlike vereistes, administratiewe prosedures, die keuse van vestigings= plek, fabrieksuitleg, keuse van masjinerie en toerusting en die aansporings waarvoor aansoek gedoen kan word.

5.4.5.4 Keuring van entrepreneurs

Voornemende entrepreneurs in die kleinindustrie sal versig= tig geïdentifiseer, gekeur en opgelei moet word om slegs dié te ondersteun wat werklik oor die potensiaal, inisiatief en vermoë om te vorder, beskik. Voornemende entrepreneurs sal selfs prak= ties moet demonstreer dat hulle ondersteunenswaardig is (Staley en Morse, 1965, p.328).

Waar 'n persoon alreeds 'n entrepreneur was, sal sy prestasie in die verlede 'n belangrike faktor in die keuringsproses wees. In die ander gevalle kan die keuringsproses wat in Indië gebruik word, met vrug ondersoek word (Patel, 1977). Dit bestaan uit een of meer van die volgende stappe:

<u>Stap 1</u> Gebruik 'n geskikte personeeltoetsprogram om die en= trepreneurspotensiaal te evalueer. Aspekte waaraan aandag geskenk kan word, is prestasiebehoeftes, ge= neigdheid om risiko's te neem, selfvertroue, inisia= tief en versiendheid.

<u>Stap 2</u> Evalueer die persoon se vermoë om in 'n besondere be= dryfstak te slaag. Gebruik die groeponderhoudsteg= niek. Reeds suksesvolle entrepreneurs in die betrok= ke bedryfstak moet sterk in die groep verteenwoordig word.

<u>Stap 3</u> Gebruik dieselfde groep persone om die tegnoëkono= miese uitvoerbaarheid van die persoon se voorstel te evalueer.

<u>Stap 4</u> Gebruik dieselfde groep persone om die persoon se prestasie tydens 'n drie maandelange (of twaalf maandelange) proeftermyn te evalueer. Die persoon moet gedurende die proeftermyn in die volgende slaag:

- 'n vyfdaagse kursus gemik op die verhoging van entrepreneursvermoë
- 'n praktiese bestuurskursus wat tydens tien aand= klasse van twee uur elk aangebied word
- 'n praktiese projek

en indien hy nog nooit in 'n fabriek gewerk het nie

- tegniese werk in 'n groot fabriek vir nege maande.

## 5.4.6 Verbetering en uitbreiding van ondernemings

### 5.4.6.1 Inleiding

Om entrepreneurs aan te moedig om hulle ondernemings te verbeter en hulle produksiekapasiteit uit te brei, kan 'n ver= skeidenheid metodes gebruik word. Hieronder is daar spesiale aansporings, voorligting, advies, opleiding, inligting en na= vorsing. Hierdie metodes, behalwe spesiale aansporings, word vervolgens bespreek.[1)]

### 5.4.6.2 Bemarkingshulp

Bemarking is een van die vernaamste probleemterreine van die kleinindustrie. Die owerheid kan baie doen om die klein= industrie in hierdie opsig te help :

(i) *Aankoop van produkte*: Deur self as koper van die kleinindustrie se produkte op te tree, word die klein mark vergroot. Spesiale prysvoorkeure kan aan die klein ondernemings verleen[2)] en sekere produkte vir lewering deur die kleinindustrie ge= reserveer word.

(ii) *Subkontraktering*: Die owerheid kan die subkontrak= tering na die kleinindustrie van gedeeltes van kontrakte wat deur die grootindustrie onderneem word, bevorder. Om dit te doen, kan hy die ge= leenthede identifiseer, as bemiddelaar optree en tyd- en kwaliteitsvereistes waarborg.

---

1) Die spesiale aansporings vir die uitbreiding van produksie= kapasiteit is dieselfde as dié wat onder paragraaf 5.4.5.3, p.179 bespreek is.

2) Mits daar aan tyds- en kwaliteitsvereistes voldoen word.

(iii) *Distribusiekanale:* Ten einde te verseker dat die kleinindustrie oor goeie distribusiekanale be= skik, kan die owerheid as bemiddelaar tussen klein ondernemings en bestaande handelaars optree en soms self tydelik as handelaar optree.

(iv) *Bemarkingsnavorsing:* Omdat die kleinindustrie ge= woonlik nie oor gespesialiseerde bemarkingskennis beskik nie, en die uitbreiding van produksiekapa= siteit eers ná behoorlike bemarkingsnavorsing on= derneem behoort te word, kan die owerheid self of deur middel van een of meer van sy agente hierdie belangrike navorsing kosteloos of teen kosprys onderneem.

(v) *Uitvoer:* Die owerheid kan help om die buitelandse mark te ontgin deur buitelandse kopers te identi= fiseer en as bemiddelaar tussen kopers en verko= pers op te tree.

5.4.6.3 Opleiding

Die owerheid kan opleidingskursusse in die funksionele aspekte van bestuur aanbied om die entrepreneurs voor te berei op die nuwe vereistes wat 'n groter onderneming aan hulle sal stel. Dit kan daarna aangevul word deur spesiale kursusse in byvoorbeeld boekhou, voorraadbeheer, produksieskedulering, prysbepaling, verpakking en so meer aan te bied.

5.4.6.4 Bestuurshulp

Voorligting en advies kan deurentyd aan die ondernemings verleen word om spesifieke probleme in die praktyk te oorkom. Hierdie voorligting en advies kan op bestuur in die algemeen betrekking hê, of op finansiële, personeel- en produksiebestuur.

5.4.6.5 Gemeenskaplike dienste

Sommige dienste wat ondernemings in die kleinindustrie nodig het, kan hulle nie ekonomies self verrig nie. In sulke gevalle kan die owerheid die dienste op 'n gemeenskaplike grond=slag teen 'n ekonomiese prys aanbied as dit nie deur private inisiatief voorsien word nie. Hierdie dienste sluit die vol=gende in: die vervaardiging van gereedskap, navorsing, kwali=teitstoetsing, verwarming, smedery, gietery, houtwerk, opberg=ing en vertoonwerk.

5.4.7 Mobilisasie, koördinasie en hersiening

Wanneer daar besluit word om een of meer van die voorafgaande stappe te volg ten einde die kleinindustrie te bevorder, is nog 'n besluit nodig: wie vir die uitvoering en hersiening van die bevorderingsprogram verantwoordelik sal wees. Omdat die kernpersoon die individuele entrepreneur is (Staley en Morse, 1965, p.327), moet hulle aangemoedig word om so ver moontlik self, hetsy individueel hetsy gesamentlik, hulle pro=bleme te oorkom. Baie take sal nogtans deur die owerheid uit=gevoer moet word. Dit geld veral die totale beplanning en koördinering van die stappe in die aksieprogram, die sakekli=maat, fisiese infrastruktuur, voorsiening van spesiale aanspo=rings en formele onderwys.

Uit die voorafgaande paragraaf sal opgemerk word dat daar hoofsaaklik 'n drievlakorganisasie by die aksieprogram betrokke is: die private onderneming, die sentrale owerheid en die semi-staats-, semi-privaat onderneming. Die bydrae van die private onderneming en die sentrale owerheid blyk duidelik uit die voorafgaande paragraaf. Dit is die taak van die semi-staats-, semi-privaat onderneming om entrepreneurs aan te

moedig om hulself so ver moontlik te help. In die geval van Bophuthatswana sal dit die Bophuthatswana Nasionale Ontwikke=lingskorporasie wees. Om die navorsingsfunksie te verrig, sal die daarstelling van 'n nuwe semi-staats-, semi-privaat organi=sasie ondersoek moet word.

Daar rus 'n groot verpligting op die instellings wat vir die bevordering en ondersteuning van die kleinindustrie verantwoor=delik is. Die kleinindustrie se bydrae tot ekonomiese ontwik=keling sal nie soseer afhang van watter stappe in die aksiepro=gram uitgevoer sal word nie, maar van hoe goed, met hoeveel geesdrif, hoe professioneel en met hoeveel geduld en volharding hulle uitgevoer word.

## 5.5 SAMEVATTING

Alhoewel die kleinindustrie in Bophuthatswana per definisie aan die hand van die aantal werknemers in 'n onderneming (50) en kapitaalbelegging (R60 000, grond en geboue uitgesluit) afson=derlik uitgeken kan word, maak dit nog steeds deel van die ny=werheid in die land uit. Dit beteken dat 'n program om die klein=industrie te bevorder en te ondersteun goed met ander nywerheids=programme gekoördineer moet word. Die noodsaaklikheid van koör=dinasie beteken desondanks nie dat daar net een program vir die bevordering van die nywerheid moet wees nie. Die kleinindustrie is belangrik genoeg om 'n afsonderlike bevorderingsprogram te regverdig. Klein ondernemings kan nie oor die hoof gesien word nie omdat hulle alreeds in baie lande in groot mate spontaan ontstaan het, omdat klein nie noodwendig nie-lewensvatbaar en stagnant beteken nie en hulle weens hulle kleinheid sekere nadele het wat hulle kan verhinder om hulle volle bydrae tot ekonomiese ontwikkeling te lewer. Hierdie nadele spruit hoof=

saaklik voort uit die ontoeganklikheid van gespesialiseerde in= ligting. 'n Belangrike komponent van die aksieprogram om die kleinindustrie te bevorder, behoort derhalwe die oordrag van inligting te wees. Hierby word die volgende ingesluit: onder= wys, navorsing, advies en voorligting. Hierdie dienste aan die kleinindustrie moet op die spesifieke behoeftes van klein onder= nemings afgestem word. Dit plaas buitengewone verpligtings op die instellings wat met die uitvoering van die aksieprogram be= las is. Die beloning kan nietemin goed wees: 'n groot hoeveel= heid dinamiese en winsgewende klein ondernemings wat ekonomiese ontwikkeling aanhelp deur veral basiese behoeftes te help be= vredig en werkgeleenthede te skep.

# HOOFSTUK 6

## ALGEMENE SAMEVATTING : EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE REPUBLIEK VAN BOPHUTHATSWANA, MET BESONDERE VERWYSING NA NYWERHEIDSONTWIKKELING

### 6.1 OPSOMMING VAN BEVINDINGE

Die hoofdoel van die ondersoek was om die ekonomiese ontwikkelingstand van die Republiek van Bophuthatswana te evalueer ten einde 'n ekonomiese en nywerheidsontwikkelingstrategie aan die hand te doen. Die kleinindustrie moes spesiaal vermeld word.

Daar is opgemerk dat 'n minder-ontwikkelde land met baie probleme opgesaal sit.[1] Alhoewel net sommige aspekte van die ekonomie van Bophuthatswana ontleed is, kon 'n hele aantal probleme geïdentifiseer word. Sy geografiese grense is nog onseker, sy grondgebied is nie aaneenlopend nie, sy grond is net in geringe mate vir bewerking geskik, die voorsiening van water is 'n groot probleem,[2] tradisionele gebruike met betrekking tot grondbesit en eiendomsreg in die algemeen ontmoedig produktiewe belegging, ander bates as beeste word misken, sodat oorbeweiding in die hand gewerk en belegging in ander bates ontmoedig word, die uitgebreide familiestelsel demp private inisiatief, die politieke mag is sterk gedesentraliseerd[3], die koopkrag vir 'n bevredigende peil van basiese behoeftes is laag, daar is 'n groot tekort aan huise van 'n bevredigende standaard, daar is 'n tekort

---

1) Kyk paragraaf 2.2.3, p.34.
2) Kyk paragraaf 3.3, p.68.
3) Kyk paragraaf 3.4, p.71.

aan geneeskundige dienste (veral aan geneeshere en hospitaal= beddens), vervoer en kommunikasiefasiliteite is ontoereikend, daar is 'n aansienlike mate van ongeletterdheid, daar is 'n tekort aan geskoolde werkers, daar is onvoldoende opleidingsfasiliteite vir praktiese en teoretiese onderrig,[1] koopkrag en bekwaamhede lek deur na aangrensende Suid-Afrika,[2] die land is afhanklik van enkele grondstowwe, maar ook van arbeid vir 'n uitvoerver= dienste en hy is oor die algemeen nog tot groot mate afhanklik van die Suid-Afrikaanse ekonomie.[3] Die meeste van hierdie pro= bleme kan onder vyf hoofopskrifte ingedeel word, naamlik die bevrediging van basiese behoeftes, die handhawing van ekonomiese groei, die verdeling van inkomste, die bevordering van indiens= neming en die bevordering van gesonde internasionale betrekkinge.[4]

Alhoewel die omvang en intensiteit van die probleme wat Bophuthatswana ervaar van dié van ander lande mag verskil, is die probleme self nie uniek nie: baie van die minder-ontwikkelde lande ondervind soortgelyke en ander probleme. Dit beteken dat hierdie probleme as kenmerkend van onderontwikkeling be= skou kan word, maar ook dat in dié mate waarin die probleme opgelos word, daar van ekonomiese ontwikkeling gepraat kan word. Die voorwaarde is dat die oplossings langdurig moet wees, wat gewoonlik slegs gebeur as ekonomiese strukture en instellings verander.[5] Die implikasie hiervan is dat ekonomiese ontwik= keling vir die doeleindes van hierdie ondersoek as die ekono= miese groeiproses beskou is, waarvolgens ekonomiese strukture,

---

1) Kyk paragraaf 3.5, p.73.
2) Kyk paragraaf 3.6, p.87.
3) Kyk paragraaf 3.7, p.89.
4) Kyk paragraaf 2.2.2, p.13.
5) Kyk paragraaf 2.2.1, p.10.

instellings en houdinge op lang termyn sodanig verander dat basiese behoeftes beter as voorheen bevredig word, reële in=komste per kop sneller as voorheen toeneem, ongelykhede in die verdeling van inkomste verminder word, arbeid meer en pro=duktiewer in diens geneem word en gesonder internasionale be=trekkinge gehandhaaf word. Die maatskaplike en politieke di=mensies van ontwikkeling is nie by hierdie definisie ingesluit nie.[1]

'n Strategie bestaan uit doelstellings, alternatiewe metodes om die doelstellings te bereik en 'n stelsel van verhoudings wat die verwantskappe tussen die metodes en doelstellings be=skryf.[2] Die doelstellings van 'n ekonomiese ontwikkelingstra=tegie is vir die doeleindes van hierdie ondersoek dié wat in die definisie van ekonomiese ontwikkeling genoem is[3] en is dus: basiese behoeftebevrediging, ekonomiese groei, inkomste=verdeling, indiensneming en internasionale betrekkinge. Basiese behoeftes is die behoeftes wat op die welvaart (materiële wel=syn) van die mens betrekking het, sowel as die bykomende be=hoeftes wat op die lewenspeil van die mens (sosiale behoeftes, eiewaarde en ego-bevrediging) en lewenskwaliteit (behoeftes aan outonomie en onafhanklikheid) betrekking het.[4] Ekonomiese groei is die toename in die reële bruto binnelandse produk per kop.[5] Inkomsteverdeling is op vier maniere vertolk, naamlik as die verdeling van die individuele verdienste van persone, die verdeling van inkomste tussen produksietakke, die ruimte=like verdeling van inkomste en die verdeling van die vergoeding

---

1) Kyk paragraaf 2.4, p.62.
2) Kyk paragraaf 2.3.2., p.35.
3) Kyk paragraaf 2.3.3.4, p.41.
4) Kyk paragraaf 2.2.2.2, p.14.
5) Kyk paragraaf 2.2.2.3, p.18.

aan produksiefaktore.[1] Werkloosheid het betrekking op ope werkloosheid, gedwonge werkloosheid en onderbenutting[2] en internasionale betrekkinge op die toestand van die (denkbeel=dige) betalingsbalans.[3]

Gelet op die aard van die doelstellings, veral aspekte van basiese behoeftebevrediging, is aanvaar dat die owerheid 'n belangrike bydrae kan lewer om dié doelstellings te verwesenlik, omdat die vrye markmeganisme nie altyd daarin sal slaag om die gewenste ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig nie. Die owerheid sal nietemin die belangrikheid van basiese behoeftes, die interafhanklikheid van die doelstellings van ekonomiese ontwikkeling, individuele verskille en die noodsaaklikheid van koördinasie voor oë moet hou.[4]

Ten einde die doelstellings van die ekonomiese ontwikkeling=strategie te bevorder, kan minstens 14 newedoelstellings uitgeken word, naamlik[5] die bevordering van :

(i) die vraag na basiese benodigdhede

(ii) die land se vermoë om basiese benodigdhede te voorsien

(iii) 'n vinnige en volgehoue toename in die reële bruto binne=landse produk per kop

(iv) private inisiatief

(v) die vermoë van armes in verhouding tot rykes

---

1) Kyk paragraaf 2.2.2.4, p.24.
2) Kyk paragraaf 2.2.2.5, p.27.
3) Kyk paragraaf 2.2.2.6, p.30.
4) Kyk paragraaf 2.3.3, p.39.
5) Kyk tabel 2.1, p.45.

(vi) die uiteindelike gebalanseerde ontwikkeling van produksie- en bedryfstakke

(vii) die uiteindelike gebalanseerde ruimtelike verspreiding van inkomste

(viii) die uiteindelike gebalanseerde verdeling van inkomste tussen die produksiefaktore grond, kapitaal, arbeid en ondernemingsvernuf

(ix) die vraag na arbeid in ooreenstemming met die behoeftes van die land

(x) die aanbod van arbeid in ooreenstemming met die potensiaal van die land

(xi) uitvoer

(xii) selfonderhoudendheid

(xiii) internasionale oordragte

(xiv) internasionale samewerking

Die relatiewe voorkeure van die doelstellings en newe-doelstellings van die ekonomiese ontwikkelingstrategie is nie ten opsigte van Bophuthatswana ondersoek nie, maar dit wil voorkom asof daar tans voorrang aan basiese behoeftebevrediging, ekonomiese groei en internasionale oordragte en samewerking verleen word.[1)]

'n Groot verskeidenheid metodes is genoem wat aangewend kan word om die doelstellings en newe-doelstellings van die ekonomiese ontwikkelingstrategie te bevorder. 'n Paar hiervan geniet tans byna geen aandag in Bophuthatswana nie. Hulle is

---

1) Kyk paragraaf 3.8.3., p.98.

uitvoerbevordering, invoervervanging, die beïnvloeding van voorkeure (veral op die platteland), die bevordering van tegnologiese innovasie en die gebruik van toepaslike tegnologie.

Alhoewel die oorblywende metodes om die ekonomiese ontwikkelingstrategie te bevorder wel in Bophuthatswana aandag ontvang, wil dit nie sê dat hulle genoegsaam voorkeur geniet en in die regte rigting georiënteer word nie. Daar kan veel meer aandag aan die bevordering van die vrye markmeganisme geskenk word sowel as aan evaluasietegnieke om owerheidsaankope, investeringsaansporings, eiehulpskemas, opleiding en onderwys, indiensneming, plattelandse ontwikkeling en nywerheidsontwikkeling in ooreenstemming met die vereistes van ekonomiese ontwikkeling te oriënteer. Die grondslag vir hierdie optrede is enersyds die bevordering van ŉ moderne kapitalistiese stelsel en andersyds die gebruik van sinvolle beplanningstegnieke.[1]

Een van die metodes wat uitgesonder is om ekonomiese ontwikkeling te bevorder, is nywerheidsontwikkeling. Daar is verskeie redes aangetoon vir die spesiale uitsondering van nywerheidsontwikkeling. Een hiervan is die nywerheid se bydrae tot die bevrediging van basiese behoeftes. Dit is primêr die nywerheid se verantwoordelikheid om vervaardigde individuele basiese benodigdhede soos voedsel, klere, huishoudelike benodigdhede en huise te voorsien. Daarbenewens kan die nywerheid ŉ besondere indirekte bydrae lewer om kollektiewe basiese behoeftes, soos die behoefte aan skoon drinkwater, sanitêre dienste, openbare vervoer, gesondheidsdienste, onderwysdienste en kulturele dienste, te bevredig. Hierdie bydrae geskied deur die vervaardiging van die nodige intermediêre produkte en deur nywerheidsbelasting.[2]

---

1) Kyk paragraaf 3.8.3, p.98.

2) Kyk paragraaf 4.2.2, p.104.

'n Tweede rede waarom dit belangrik is om spesiale aandag aan die nywerheid te skenk, is die nywerheid se belangrike potensiële bydrae tot ekonomiese groei. Daar is aangetoon dat hierdie bydrae in die geval van Suid-Afrika ongeveer 29 persent was. Die potensiële bydrae tot ekonomiese groei in 'n land kan nietemin heelwat hoër wees, veral as in ag geneem word dat die nywerheid in die verlede al tot 42 persent van die bruto binne=landse produk van 'n land geskep het.[1]

Die derde rede is die bydrae van die nywerheid tot inkom=steverdeling. Dit geld veral vir die verdeling van inkomste tussen produksie- en bedryfstakke en geografiese gebiede. Die ander bydraes tot inkomsteverdeling vind indirek deur middel van indiensneming plaas.[2]

Vierdens is die nywerheid 'n belangrike skepper van 'n diverse aantal werkgeleenthede, sodat meer persone oor 'n groter aantal alternatiewe beskik waartussen hulle ooreenkomstig hul belang=stelling en aanleg kan kies.[3]

Vyfdens is die bydrae van die nywerheid tot gesonde inter=nasionale betrekkinge. Dit geld veral vir sy bydrae om 'n land se afhanklikheid van enkele uitvoergoedere vir 'n uitvoerver=dienste te verminder.[4]

Alhoewel daar dus gesê kan word dat dit uiters belangrik is om die nywerheid in 'n land te bevorder, beteken dit nie noodwendig dat hierdie gevolgtrekking vir elke land geldig

---

1) Kyk paragraaf 4.2.3, p.106.
2) Kyk paragraaf 4.2.4, p.108
3) Kyk paragraaf 4.2.5, p.112.
4) Kyk paragraaf 4.2.6, p.114.

is nie. Die nywerheid van 'n land moet in staat wees om sy onderskeie bydraes tot ekonomiese ontwikkeling te lewer.[1]

In die geval van Bophuthatswana kan die gevolgtrekking gemaak word dat die nywerheid wel in staat is om 'n belangrike bydrae tot ekonomiese ontwikkeling te lewer om die volgende redes:

Eerstens weens die behoefte aan nywerheidsontwikkeling. Daar is aangetoon dat voedsel die grootste enkele verbruiksitem van huishoudings[2] en een van die grootste intermediêre produkte is.[3] Die meeste daarvan word ingevoer. Daar is ook aangetoon dat die 78 persent van die inkomste van huishoudings in Bophuthatswana wat aan voedsel bestee word tot 1985 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 17,5 persent moet toeneem.[4]

Benewens voedsel is daar 'n groot behoefte aan die ander individuele basiese benodigdhede, soos klere, huishoudelike benodigdhede en huise. Klerasie was die derde belangrikste huishoudelike verbruiksitem, die tweede belangrikste uitvoerproduk en die derde belangrikste intermediêre invoerproduk. Huishoudelike benodigdhede (houtprodukte) was die tweede belangrikste verbruiksitem van huishoudings en die vierde belangrikste uitvoerproduk.[5] Die behuisingstekort het in 1978 R410 miljoen beloop,[6] terwyl vervaardigde metaalprodukte (hoofsaaklik vir die konstruksiebedryf) die vernaamste uitvoerproduk en intermediêre invoerproduk was.[7]

---

1) Kyk paragrawe 4.3 en 4.4, pp.117 en 130.
2) Kyk paragraaf 4.4.3.2, p.134.
3) Kyk paragraaf 4.4.4, p.138.
4) Kyk paragraaf 3.5.2, p.73.
5) Kyk paragrawe 4.4.3 en 4.4.4, pp.134 en 138.
6) Kyk paragraaf 3.5.3, p.76.
7) Kyk paragrawe 4.4.3.3 en 4.4.4.2, p.138.

Die behoefte aan kollektiewe basiese benodigdhede is ewen=eens groot. Daar is 'n tekort van oor die 800 geneeshere en hos=pitaalbeddens[1] en ongeveer 17 000 kilometer paaie.[2] Die on=geletterdheidskoers moet van 41,6 persent tot ongeveer een per=sent verminder word, die aantal primêre leerlinge moet van 74 persent tot ongeveer 90 persent van die toepaslike ouderdoms=groep van die bevolking verhoog word, en die aantal sekondêre leerlinge moet van 55 persent na ongeveer 90 persent van die toepaslike ouderdomsgroep van die bevolking verhoog word.[3]

Tweedens omdat die land basies die potensiaal vir nywer=heidsontwikkeling besit. Hy beskik oor grond wat vir die ver=bouing van graan en veeboerdery, en uiteindelik vir voedsel=vervaardiging, geskik is. Sy geologiese formasies leen hulle tot die vervaardiging van veral bakstene, sement, pottebakkers=ware en erdeware. Die bestaande bedryfstakke hou op grond van die oorwegings van voorwaartse skakeling 'n potensiaal in vir die vervaardiging van veral voedsel, klere, meubels en metaal=produkte. Die enigste drie voorvereistes is dat daar 'n vol=doende taakmag van vaardige arbeiders sal wees, kapitaal maklik genoeg teen redelike voorwaardes bekom sal kan word en dat die regte tegnologie beskikbaar sal wees.[4]

Daar is aangetoon dat omdat die nywerheid nie altyd die verlangde bydrae tot ekonomiese ontwikkeling gemaak het nie, daar in die buiteland oor die jare heen 'n hele aantal metodes ontwikkel is om belemmerings uit die weg te ruim. Hieronder is metodes om die algemene sakeklimaat gunstig te maak en om

---

1) Kyk paragraaf 3.5.4, p.78.
2) Kyk paragraaf 3.5.5, p.80.
3) Kyk paragraaf 3.5.6, p.85.
4) Kyk paragraaf 4.3, p.117.

nywerheidsuitbreiding, strukturele aanpassing, tegnologiese innovasie, die doeltreffendheid van bestuur, die ontwikkeling van die kleinindustrie, streeksontwikkeling, uitvoer en invoer=vervanging aan te moedig.[1] In hierdie ondersoek is die ontwik=keling van die kleinindustrie uitgesonder. Wat die ander meto=des betref, is dié wat 'n gunstige sakeklimaat, nywerheidsuit=breiding, uitvoer en invoervervanging aanmoedig moontlik die belangrikste vir Bophuthatswana.

Daar is aangetoon dat spesiale aandag aan die kleinindus=trie geskenk moet word, omdat die optimale bedryfsgrootte van baie ondernemings weens vervoerkoste, verhouding met klante, die aard van die produksieproses en markgrootte klein is,[2] en omdat klein ondernemings spesiale probleme ondervind[3] en 'n belangrike bydrae tot nywerheidsontwikkeling en ekonomiese ontwikkeling kan lewer.[4]

Die kleinindustrie, in Bophuthatswana gedefinieer om onder=nemings in te sluit wat elk nie meer as 50 werknemers nie, en 'n kapitaalbelegging, grond en geboue uitgesluit, van nie meer as R60 000 teen 1980-pryse het nie, kan volgens die bevindinge van hierdie ondersoek veral 'n belangrike bydrae tot die bevre=diging van basiese behoeftes[5] en indiensneming[6] lewer. Sy bydraes tot ekonomiese groei[7] en internasionale betrekkinge[8], maar veral tot inkomsteverdeling[9] moet nietemin nie uit die oog verloor word nie.

---

1) Kyk paragraaf 4.6, p.143.
2) Kyk paragraaf 5.3.2, p.164.
3) Kyk paragraaf 5.3.3, p.168.
4) Kyk paragraaf 5.3.4, p.169.
5) Kyk paragraaf 5.3.4.2, p.170.
6) Kyk paragraaf 5.3.4.5, p.173.
7) Kyk paragraaf 5.3.4.3, p.171.
8) Kyk paragraaf 5.3.4.6, p.174.
9) Kyk paragraaf 5.3.4.4, p.172.

Die probleme wat die kleinindustrie verhoed om sy volle by=drae tot die ekonomiese ontwikkeling van Bophuthatswana te lewer, is drieërlei van aard: probleme om nuwe klein ondernemings te vestig, om bestaande ondernemings tot hulle volle potensiaal uit te brei en om bestaande ondernemings wat reeds hulle optimale bedryfsgrootte bereik het, te moderniseer.

Om die kleinindustrie in Bophuthatswana te ontwikkel, sal metodes aangewend moet word om bogenoemde probleme uit die weg te ruim. Om voornemende entrepreneurs aan te moedig om nuwe klein ondernemings in Bophuthatswana te begin, sal voorkeur aan die bevordering van 'n gunstige sakeklimaat geskenk moet word.[1] Geografiese streke en vestingsplekke sal so ver doen=lik vooruit beplan en voorberei moet word om aan voornemende entrepreneurs 'n keuse van verskeie vestigingsplekke te bied. Die bedryfstak en produk waarin voornemende entrepreneurs mag belangstel, sal noukeurig geëvalueer moet word om vas te stel of dit ekonomies, tegnies en finansieel uitvoerbaar en in be=lang van die land sal wees om dit te bevorder.[2] Reklameveld=togte, beroepsvoorligting en tegniese opleiding is belangrik om die aantal voornemende entrepreneurs te vermeerder.[3] Spesiale kosteverlagende aansporings om bestaande entrepreneurs van elders na Bophuthatswana te lok, is eweneens belangrik.[4] Die persone sal nietemin in al die gevalle hulle ondersteunens=waardigheid tydens 'n keuringsproses moet demonstreer.[5]

---

1) Kyk paragraaf 5.4.2, p.176.
2) Kyk paragraaf 5.4.3, p.176.
3) Kyk paragraaf 5.4.5.2, p.178.
4) Kyk paragraaf 5.4.5.3, p.179.
5) Kyk paragraaf 5.4.5.4, p.180.

Om bestaande ondernemings in die kleinindustrie aan te moe=dig om uit te brei, sal daar benewens die sakeklimaat ook nou=keurige aandag aan vestigingsplekke en voorkeurbedryfstakke en -produkte verleen moet word.[1] Toepaslike onderwys, opleiding, voorligting, advies, navorsing en ander gemeenskaplike dienste sal na behoefte ten opsigte van finansiering, bemarking, perso=neelopleiding, produksie en bestuur verleen moet word.[2]

Om bestaande ondernemings in die kleinindustrie aan te moedig om te moderniseer, sal dieselfde gemeenskaplike dienste vereis as dié waarna so pas verwys is. Die aanbieding sal nie=temin by die doel aangepas moet word.

Daar is op grond van die literatuur bevind dat 'n drievlak=organisasie noodsaaklik is om die bevorderings- en ondersteun=ingsprogram te implementeer, te koördineer en te hersien. Private ondernemings is op die een vlak en word as die kern van die program beskou. Die semi-staats-, semi-privaat onder=neming is op die tweede vlak en is primêr verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering van die eerstevlakorganisasie. Die sentrale owerheid is op die derde vlak en is vir algehele beplanning, koördinering, evaluasie en hersiening verantwoor=delik. Die sukses van die program sal in groot mate bepaal word deur die doeltreffendheid van hierdie drievlakorganisa=sie.[3]

---

1) Kyk paragraaf 5.4.3, p.176.
2) Kyk paragraaf 5.4.6, p.182.
3) Kyk paragraaf 5.4.7, p.184.

## 6.2 AANBEVELINGS

### 6.2.1 Aanbevelings met betrekking tot ekonomiese ontwikkeling

Op grond van die bevindinge van hierdie ondersoek word aanbeveel dat Bophuthatswana voortgaan om voorkeuraandag aan die ekonomiese ontwikkeling van die land te skenk. Die strategie wat aanbeveel word, is: basiese behoeftebevrediging uit ekonomiese groei met behulp van die produktiewe indiensneming van arbeid in alle geografiese streke en gesonde internasionale betrekkinge.

Om hierdie strategie uit te voer, word aanbeveel dat die moderne kapitalistiese stelsel bevorder word, maar dat sinvolle beplanningstegnieke waar nodig gebruik word. Wat spesifieke metodes betref, word daar aanbeveel dat uitvoerbevordering en selektiewe invoervervanging indringend binne die bestek van nywerheidsbevordering ondersoek word. Daar word ook aanbeveel dat veel meer aandag aan onderwys en opleiding op alle vlakke geskenk word. Hierdie aspek moet tot 'n werklike nasionale program verklaar word waaraan almal, oud en jonk, geesdriftig en begeesterd in belang van die land sal deelneem.

### 6.2.2 Aanbevelings met betrekking tot nywerheidsontwikkeling

Om die ontwikkeling van die nywerheid in die algemeen in Bophuthatswana aan te moedig, word aanbeveel dat die tegniese, finansiële en ekonomiese uitvoerbaarheid van die uitgebreide vervaardiging van basiese benodigdhede, insluitende die toepaslike intermediêre produkte wat vir hierdie doeleindes nodig is, vollediger ondersoek word. Die moontlikheid om uitvoer te ver=

hoog en invoervervanging te bevorder, moet voor oë gehou word.

### 6.2.3 Aanbevelings met betrekking tot die ontwikkeling van die kleinindustrie

Daar word aanbeveel dat 'n nasionale program onderneem word om die kleinindustrie in Bophuthatswana te bevorder en te onder= steun. Voorkeur moet aan die bevordering van 'n gunstige sake= klimaat geskenk word, gevolg deur die kapasiteitsuitbreiding van bestaande klein ondernemings, die bevordering van rasionele bestuurs- en bedryfspraktyke en die gebruik van moderner pro= duksietegnieke, en laastens die vestiging van nuwe klein onder= nemings in Bophuthatswana.

Wat die metodes betref om die bogemelde doelstellings te bereik, word aanbeveel dat kleinheid nie vergoed of gestraf moet word nie.

Om 'n gunstige sakeklimaat te bevorder, word aanbeveel dat voorkeur aan die bevordering van bedryfsvryheid geskenk word. Wetgewing moet deurlopend ondersoek word met die oogmerk om wet= like belemmerings in die ontwikkeling van die kleinindustrie te verwyder.

Om kapasiteitsuitbreiding en modernisering te bevorder, word aanbeveel dat geografiese gebiede so ver moontlik vooraf voorberei word, voorkeur aan ondernemings verleen word wat voedsel, boumateriaal (bakstene, deurrame, vensterrame, metaal= deure, dakteëls, diefwering, omheining, ensovoorts), tekstiele (skooldrag, oorjasse en oorpakke vir byvoorbeeld verpleegsters en geneeshere, gordyne, ensovoorts) en houtprodukte (meubels, skoolbanke, ensovoorts) vervaardig, en dat bemarkingshulp, hulp met basiese opleiding, bestuurshulp en hulp met gemeenskaplike dienste verleen word.

Om die vestiging van nuwe klein ondernemings in Bophutha=tswana te bevorder, word aanbeveel dat geografiese gebiede so ver moontlik vooraf voorberei word, ondersoek ingestel word na die ekonomiese, tegniese en finansiële uitvoerbaarheid en waarde vir die ekonomiese ontwikkeling van Bophuthatswana van die vervaardiging van produkte wat onder kapasiteitsuitbrei=ding hierbo genoem is, en persone aangemoedig word om vir die eerste keer 'n entrepreneur te word.[1]

Wat die inwerkingstelling betref van die program om die kleinindustrie te bevorder en te ondersteun, word aanbeveel dat die private sektor aangemoedig word om so veel moontlik van die take op 'n georganiseerde wyse self te verrig. Dit sal die taak van die Bophuthatswana Nasionale Ontwikkelingskorpora=sie wees om hierdie aanmoedigingswerk te doen. Daar word by=komend aanbeveel dat ondersoek ingestel word na die uitvoer=baarheid van die stigting van 'n navorsingsorganisasie in Mmabatho.

### 6.2.4 Diverse aanbevelings

Daar word aanbeveel dat ondersoeke met betrekking tot die volgende gedoen word :

(i) die omvang, aard en oorsake van werkloosheid in Bophuthatswana

(ii) die potensiaal van werkers in Bophuthatswana om bepaalde nywerheidstake te verrig

---

1) Kyk paragraaf 5.4.5.2, p.178.

(iii) die aard en omvang van tradisionele gebruike in Bophuthatswana wat ekonomiese ontwikkeling ver= traag, insluitende die mate waarin akkulturasie al plaasgevind het

(iv) die voedingswaarde van die voedsel wat die gemiddelde huisgesin in Bophuthatswana verbruik

(v) die fisiese beperkings op ekonomiese ontwikkeling in Bophuthatswana, gegewe die tegnologie

(vi) die teenswoordige inkomste- en bestedingspatroon van huishoudings in Bophuthatswana

(vii) die behuisingsmark in Bophuthatswana

(viii) die voorkoms en oorsake van siektes onder die Batswana

(ix) die mate waarin die Batswana van die gesondheids= fasiliteite van die RSA gebruik maak

(x) die vervoer- en kommunikasiestelsel in Bophuthatswana

(xi) die vraag na en aanbod van tegniese onderwys en op= leiding in Bophuthatswana

(xii) die hoofoorsake van ekonomiese groei in Bophuthatswana, insluitende 'n potensiaalbepaling

(xiii) die inkomsteverdeling in Bophuthatswana

(xiv) die internasionale betrekkinge van Bophuthatswana

(xv) 'n inset-opbrengstabel vir Bophuthatswana

(xvi) owerheidsverbruik volgens 'n produkklassifikasie= stelsel

(xvii) die kwantitatiewe limiete van investeringsaansporings in Bophuthatswana

(xviii) die moontlikheid van spesialisasie en differen= siasie in die bedryfstakke van Bophuthatswana

(xix) die potensiaal van kapitaal om ekonomiese ontwikke= ling in Bophuthatswana te ondersteun

(xx) ŉ nywerheidsontwikkelingstrategie vir Bophuthatswana, met die klem op die grootindustrie

# BIBLIOGRAFIE

BAUER, P.T. & YAMEY, B.S. 1957. The economics of under-deve= loped countries. Digswell Place, Niabet & Cambridge.

BILAS, R.A. 1971. Microeconomic theory. New York, McGraw-Hill.

BOBER, S. 1968. The economics of cycles and growth. New York, Wiley.

BOPHUTHATSWANA DEVELOPMENT COUNCIL. 1980. Annual report for the year ended 31 March 1980. Mmabatho.

BRYCE, M.D. 1960. Industrial development; a guide for acce= lerating economic growth. New York, McGraw-Hill.

BUREAU FOR ECONOMIC RESEARCH: CO-OPERATION AND DEVELOPMENT. 1977. Bophuthatswana at independence. Pretoria.

BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING: SAMEWERKING EN ONTWIKKELING. 1980. Statistiese oorsig van Swart Ontwikkeling. Pretoria.

BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING: SAMEWERKING EN ONTWIKKELING. Databank: Bophuthatswana.

CLOUGH, S.B. & COLE, C.W. 1952. Economic history of Europe. Boston, Heath.

FLAMMANG, R.A. 1979. Economic growth and economic develop= ment: counterparts or competitors? *Economic development and cultural change*, 28(1) : 47-61, Okt.

FOURIE, L.J. 1976. Die bydrae van die onderskeie produksie= faktore en produktiwiteitsverandering tot ekonomiese groei in Suid-Afrika. (Ongepubliseerde proefskrif - Universiteit van Suid-Afrika).

FOWLER, H.W. & FOWLER, F.G., *reds.* 1951. The concise Oxford dictionary of current English. London, Oxford.

GHAI, D.P., KHAN, A.R., LEE, E.L.H. & ALFTHAN, T. 1977. The basic-needs approach to development; some issues regarding concepts and methodology. Geneva, International Labour Office.

GRIFFIN, K.B. & ENOS, J.L. 1970. Planning development. London, Addison-Wesley.

HAGEN, E.E. 1968. The economics of development. Homewood, Irwin.

HERBER, B.P. 1967. Modern public finance. Homewood, Illinois, Irwin.

HO, S.P.S. 1980. Small-scale enterprises in Korea and Taiwan. Washington, World Bank.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1961. Services for small-scale industry. Geneva.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1972. Employment, incomes and equality; a strategy for increasing productive employment in Kenya. Geneva.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1973. Employment policy in the second development decade. Geneva.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1977. Employment, growth and basic needs: a one-world problem; the international "basic-needs strategy" against chronic poverty. New York, Praeger.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1979a. Employment and basic needs in Portugal. Geneva.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1979b. Options for a dependent economy: development, employment and equity problems in Lesotho. Addis Ababa.

JAMESON, K.P. 1980. Supply side economics: growth v.s. income distribution. *Challenge*, 26-29, Nov.-Dec.

JANTSCH, E. 1972. Technological planning and social futures. London, Associated Business Programmes.

JOHANSEN, L. 1971. Püblic economics. Amsterdam, North-Hol=land.

JOHANSEN, L. 1977. Lectures on macroeconomic planning; 1 general aspects. Amsterdam, North-Holland.

KEMP, A. 1972. Dimensions of development: an iconoclastic view of the economic factors. (Referaat gelewer voor Conference on Accelerated Development in Southern Africa, Johannesburg, 21-25 March).

KINDLEBERGER, C.P. & HERRICK, B. 1977. Economic development. Tokyo, McGraw-Hill Kogakusha.

KUZNETS, S. 1966. Modern economic growth; rate, structure, and spread. New Haven, Yale.

LIEDHOLM, C. & CHUTA, E. 1976. The economies of rural and urban small-scale industries in Sierra Leone. East Lansing, Michigan State University.

LOMBARD, J.A. EN STADLER, J.J. 1971. Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika. Kaapstad. HAUM.

LOMBARD, J.A. 1978. Toekoms in vryheid; die ekonomiese benade= ring tot demokrasie in Suid-Afrika. Pretoria, Buro vir Ekonomiese Navorsing: Samewerking en Ontwikkeling.

MEIER, G.M. & BALDWIN, R.E. 1957. Economic development: theory, history, policy. New York, Wiley.

MEIER, G.M. 1976. Leading issues in economic development. New York, Oxford.

MISSTOFVERENIGING VAN SUID-AFRIKA. 1974. Mielieproduksie en die mielierekenaar. Publikasie 36, Pretoria.

MOUNTJOY, A.B. 1975. Industrialization and developing coun= tries. London, Hutchinson.

MÜLLER, H.J.A. 1981a. Small-scale industry in Bophuthatswana. Pretoria, Benso.

MÜLLER, H.J.A. 1981b. National programme to promote and support small-scale industry in Bophuthatswana; summary report. Pretoria, Benso.

NECK, P.A. 1977a. Role and importance of small enterprises. (*In* Neck, P.A., *red.* Small enterprise development: poli= cies and programmes. Geneva. International Labour Office, pp.5-13).

NECK, P.A. 1977b. Africa.(*In* Neck, P.A., *red.* Small enter= prise development: policies and programmes. Geneva, International Labour Office,pp.189-207).

ORGANISATION FOR ECONOMIC CO-OPERATION AND DEVELOPMENT. 1975. The aims and instruments of industrial policy; a compara= tive study. Paris.

ORGANISATION FOR ECONOMIC CO-OPERATION AND DEVELOPMENT. 1978. Selected industrial policy instruments; objectives and scope. Paris.

PAGE, J.M. 1979. Small enterprises in African development: a survey. Washington, World Bank.

PATEL, V.G. 1977. Innovations in promoting and developing new enterprises. (*In* Neck, P.A., *red.* Small enterprise development: policies, and programmes, pp.72-83. Geneva, International Labour Office).

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS. Departement Stads- en Streekbeplanning. 1972. Streeksbe= planningsprojek, Bophuthatswana. Potchefstroom.

PYATT, G. & THORBECKE, E. 1976. Planning techniques for a better future. Geneva, International Labour Office.

REPUBLIC OF BOPHUTHATSWANA. 1977. The Republic of Bophutha= tswana. Johannesburg. Chris van Rensburg Publications.

REPUBLIC OF BOPHUTHATSWANA. National Education Commission. 1978. Education for Popagano. Mmabatho.

REPUBLIC OF BOPHUTHATSWANA. Department of Economic Affairs. 1979. National accounts 1972 to 1976. Statistical report No. 4. Mmabatho.

REPUBLIC OF BOPHUTHATSWANA. Department of Education. 1980. Report for the period 1 January 1979 to 31 December 1979. Mmabatho.

REPUBLIC OF BOPHUTHATSWANA. Mining Branch of the Department of Economic Affairs. 1980. Annual report 1979. Mmabatho.

REPUBLIC OF BOPHUTHATSWANA. Department of Education. (Ongepu= bliseerde inligting).

REPUBLIEK VAN BOPHUTHATSWANA. Department van Landbou. (Onge= publiseerde inligting).

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Departement van Buitelandse Sake. 1977. Ooreenkoms aangegaan deur die regering van die Repu= bliek van Suid-Afrika met die regering van Bophuthatswana. *Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika*, 150(5823), 6 De= sember.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Departement van Statistiek. Stan= daardnywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese bedrywig= hede (SNK). Pretoria, Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Departement van Statistiek. 1976. Bevolkingsensus 1970; Tswana. Pretoria, Staatsdrukker. (Verslag No. 02-02-06.)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Departement van Statistiek. 1980. Suid-Afrikaanse statistieke. Pretoria, Staatsdrukker.

REYNDERS, H.J.J. 1967. Grondbegrippe. (*In* Rädel, F. & Reynders, H.J.J. *reds.* Inleiding tot die bedryfsekonomie, Pretoria, Van Schaik, pp.15-32).

ROTHENBERG, J. 1966. Values and value theory in economics. (*In* Krupp, S.R., *red.* The structure of economic science; essays on methodology. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, pp.221-242).

SCHEIN, E.H. 1965. Organizational psychology. Englewood Cliffs, Prentice-Hall.

SINGER, H. 1977. Technologies for basic needs. Geneva, International Labour Office.

SPIEGEL-RÖSING, I. & PRICE, D. de S., *reds.* 1977. Science, technology and society; a cross-disciplinary perspective. London, Sage.

STADLER, J.J. 1973. Die nasionale rekeninge van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM.

STALEY E. & MORSE, R. 1965. Modern small industry for developing countries. New York, McGraw-Hill.

STEENKAMP, W.F.J., *hoofred.* 1976. Ekonomiewoordeboek. Durban, Butterworths.

STEPANEK, J.E. 1977. Strategies for accelerating regional small industry development. (*In* Neck, P.A., *red.* Small enterprise development: policies and programmes. Geneva, International Labour Office, pp.41-48).

STIGLITZ, J.E. & UZAWA, H., *reds.* 1969. Readings in the modern theory of economic growth. Cambridge, M.I.T.

STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg, Boekhandel De Jong.

THIRLWALL, A.P. 1978. Growth and development; with special reference to developing economies. London, MacMillan.

TINBERGEN, J. 1967. Economic policy: principles and design. Amsterdam, North-Holland.

TODARO, M.P. 1977. Economics for a developing world; an introduction to principles, problems and policies for development. London, Longman.

TRIPARTITE WORLD CONFERENCE ON EMPLOYMENT, INCOME DISTRIBUTION AND SOCIAL PROGRESS, AND THE INTERNATIONAL DIVISION OF LABOUR. 1977. Declaration of principles and programme of action, Geneva 4-17 June 1976. (*In* Singer, H. Techno=logies for basic needs. Geneva, International Labour Office, pp.109-141).

UNITED NATIONS. United Nations Industrial Development Organi=zation. 1969. Small-scale industry. New York.

UNITED NATIONS. Department of Economic and Social Affairs. 1975. Standard international trade classification revi=sion 2. New York.

UNITED NATIONS. United Nations Industrial Development Organi=zation. 1978. Guidelines for the establishment of indus=trial estates in developing countries. New York.

UNITED NATIONS. United Nations Industrial Development Organi= zation. 1979. Industry and development No. 3; special issue for the Third General Conference of UNIDO. New York.

UNITED NATIONS. United Nations Industrial Development Organi= zation. 1980. Appropriate industrial technolocy for light industries and rural workshops. New York.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA. Buro vir Marknavorsing. 1977. Die inkomste- en bestedingspatrone van Swart huishoudings in Bophuthatswana. Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA. Buro vir Marknavorsing. 1980. The minimum and supplemented, living levels of non-whites residing in the main and other selected urban areas of the Republic of South Africa. Pretoria.

VAN DEN BOGAERDE, F. 1972. Elements of macro-economics. Pretoria, Van Schaik.

VAN DER MERWE, S.J. 1978. Die meting van die ekonomiese ont= wikkelingspeil (Ongepubliseerde verhandeling - P.U. vir C.H.O.).

VAN SCHOOR, A.M. 1977. Die landboupotensiaal van Bophuthatswa= na. Potchefstroom, Instituut vir Streekbeplanning, P.U. vir C.H.O.

VAN WYK, L.A. 1979. Invoerverplasing in ekonomiese perspektief. *Ontwikkelingstudies oor Suider-Afrika*, 1(2): 202-215, Jan.

VAN WYK, L.A. 1980. Die dilemma van ekonomiese hulpverlening. *Ontwikkelingstudies Suider-Afrika*, 2(3): 333-354. Apr.

VILJOEN, D.J. 1967. Nywerheidsvestiging (*In* Rädel, F. en Reynders, H.J.J., *reds*. Inleiding tot die bedryfsekonomie. Pretoria, Van Schaik, pp.125-145).

WORLD BANK. 1978. Employment and development of small enterprises. Washington.

WORLD BANK. 1980. World development report 1980. Washington.